UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 1

# INLEIDEND

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

## 1.1 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die funksie van enige museum is die versameling van tersaaklike voorwerpe, foto's en geskrifte; navorsing oor die voorwerpe ten opsigte van herkoms, geskiedenis, gebruike en samestelling; die bewaring volgens aard en samestelling; noukeurige dokumentasie daarvan; en die opvoedkundige benutting daarvan d.m.v. uitstalling, publikasies, praatjies, ens. Met hierdie studie is daar gepoog om d.m.v. navorsing 'n bydrae te lewer tot die versameling en werksaamhede van die reeds-bestaande opelugmuseum in die Hans Merensky-Natuurreservaat.

Dit het dus gegaan om die versameling van, navorsing oor, en dokumentasie van 'n besondere reeks kultuurvoorwerpe wat hierna duideliker aangedui word.

Die Tsongakraal-Opelugmuseum het ontstaan op grond van histories-argeologiese bevindinge, met die doel om die lewenswyse van die Tsonga van Gazankulu te bewaar en uit te beeld. Die Tsonga bewoon die kerngebied van Gazankulu vir die afgelope sowat een honderd en vyftig jaar [Junod 1927 I:28].

Onder invloed van die Westerse kultuur, maar veral ook weens gedurige kontak met die omliggende Noord-Sotho en Venda, tree daar gedurig veranderinge op alle kultuurterreine by die Tsonga in. Die veranderinge is veral merkbaar op die gebied van tegniese skeppinge en raak hoofsaaklik voorwerpe se vorm en funksie asook die materiaal en vervaardigingswyse. Baie voorwerpe verdwyn totaal of maak plek vir Westerse gebruiksartikels. Hierdie beïnvloeding lei ook dikwels tot afname in kwaliteit. Hierdie stellinge sal t.o.v. Tsongakultuurvoorwerpe beoordeel moet word. Wat reeds by die Tsongakraal-Opelugmuseum aanwesig is, is as uitgangspunt gebruik. Daar sal gepoog word om vas te stel of die huidige weergawe van die lewenswyse van die Noordsentraal-Tsonga by die museum volledig is en waar daar aanvullinge nodig is.

Die doel van hierdie ondersoekende studie is eerstens om besondere tegniese skeppinge wat die Tsongavrou vervaardig en wat aan die besoeker

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

by die Tsongakraal-Opelugmuseum getoon word, behoorlik t.o.v. vorm, voorkoms, funksie, vervaardigingswyse en kulturele verband na te vors en te dokumenteer. Hierdie nuwe inligting sou kon bydra tot die verryking van die huidige aanbiedings in die museum, want voorwerpe wat teen die agtergrond van die geïntegreerde lewenswyse vertoon word, verleen sin aan die hele bewaringsaksie in 'n opelugmuseum.

Tweedens is daar ook gekyk na die besondere rol wat hierdie tegniese skeppinge, wat met die Tsongavrou verband hou, in die verskillende terreine van haar lewe speel.

Derdens is gepoog om vas te stel of daar ander skeppinge deur die Tsongavrou vervaardig en/of benut word, wat nog nie in die museum uitgebeeld word nie. Die navorsing sou ook dien om sodanige tegniese skeppinge te versamel vir opname in die museumversameling. Terselfdertyd is beoog om die versameling met foto-dokumentasie en inligting oor die funksionele benutting aan te vul. 'n Groot aantal foto's is dan ook in hierdie studie opgeneem. Die studie moes 'n volledige objektiewe en beskrywende navorsingsresultaat bied van geselekteerde tegniese skeppinge wat die Tsongavrou in die Noord-sentrale deel van Gazankulu vervaardig en benut. 'n Studie met sodanige aksie van die Tsongavrou in die oog sou ook aanvullend kon wees tot Basson se beplande studie oor die tegniese skeppinge van die Tsongaman [1981]. Hierdie studie van Basson is egter nooit voltooi nie.

Om 'n volledige prentjie van die lewe van die Noordsentrale-Tsonga by die opelugmuseum uit te beeld, sal daar ook na hulle geskiedenis gekyk moet word. Dit is reeds bekend dat die Tsonga in die vroeë jare van die vorige eeu vanaf Mosambiek na die huidige woonplekke in Suid-Afrika verhuis het. Derhalwe sal daar in hierdie studie op terloopse wyse ook gekyk word in welke mate tegniese skeppinge van die Tsonga in Gazankulu verander het, al dan nie, van dié van die Tsonga en aanverwante stamme wat in Mosambiek agtergebly het. Die resultaat sou dui op kultuurverandering, en beïnvloeding deur die Noord-Sothostamme en Venda in die nuwe tuiste. Hierdie faset sou ook interessante uitstalmateriaal by die museum bied. Dit

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

moet egter beklemtoon word dat hierdie aanduidings nie 'n hoofmoment in die studie sal wees nie.

Ten laaste sal daar gepoog word om moontlikhede aan te dui oor hoe die opvoedkundige funksie (uitstallings en demonstrasies) by die museum uitgebrei kan word, sodat die lewenswyse en geskiedenis van die Noordsentraal-Tsonga op 'n meer dinamiese en wisselende wyse uitgebeeld kan word. Net soos die kultuur van enige volk gedurig verander en groei weens die veranderende omgewing waarbinne dit voorkom, nét so behoort die opelugmuseum as uitbeelding van 'n kultuur die dinamiese karakter daarvan uit te dra. Gebeur dit nie, skiet die museum te kort ten opsigte van sy opvoedingsfunksie.

## 1.2 TEMATIESE EN GEOGRAFIESE AFBAKENING VAN DIE STUDIETERREIN

### 1.2.1 Die Tsongakraal-Opelugmuseum en die aangrensende navorsingsgebied

Die Tsongakraal-Opelugmuseum (Tsongakraal) is geleë in die Hans Merensky-Natuurreservaat (kaart 1.3) in die noord-oostelike Transvaalse Laeveld, ongeveer 65 km oos van Tzaneen. Die Groot-Letabarivier vorm die noordelike grens van die reservaat en is ook gelyktydig die suidgrens van die noordelike Gazankulu, die gedeelte waar die navorsingsgebied geleë is, nl. Noordsentraal-Gazankulu (kaart 1.2 en 1.3). Die ontstaansgeskiedenis van die Tsongakraal-Opelugmuseum word in hoofstuk 2 bespreek.

Soos reeds genoem is, was die versameling in die Tsongakraal-Opelugmuseum die uitgangspunt vir die bestudering van die Tsongavrou se rol en alledaagse aktiwiteite binne die Tsongakultuur. Voorwerpe wat reeds in besit van die museum was, is bestudeer, gedokumenteer, en variasies wat voorkom, is aangeteken. Ook is die vervaardigingswyse en materiaal van museumstukke, die fisiese omgewing waarin dit gebruik is, en spesiale geleenthede waarby items gebruik is soos tydens die inisiasie van dogters, die fees van die eerste vrugte wat met die offerhandelinge van maroelabier ingelui is, gedokumenteer.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die nut van hierdie inligting vir die opelugmuseums self asook vir die museumwese oor die algemeen kom na vore wanneer daar in gedagte gehou word dat die Transvaalse Provinsiale Administrasie as statutêre beheerliggaam volgens ordonnansie 12 van 1970 [Basson 1980:5] nog verdere opelugmusea vir die Pedi, die Swazi en andere beoog. Die nut vir die reeds bestaande Ndebele-Opelugmuseum by Middelburg, Transvaal, en die Bakoni-Malapa by Pietersburg sou veral in die sistematiek van die dokumentasie geleë wees.

Alhoewel die Tsongakraal-Opelugmuseum as beginpunt vir navorsing gedien het en alle resultate uiteindelik weer by dié museum aangewend en toegepas sal kan word, is daar nie uitsluitlik by hierdie museum navorsing gedoen nie, maar veral ook in dié gebied van Gazankulu wat gebruik is om al die agtergrondinligting vir die bou van die Tsongakraal-Opelugmuseum te bekom. Dit sluit sommige dorpies in wat geleë is ten noorde van die Letabarivier en suid van Giyani (sien kaart 1.2). Die tuistes van Tsongavrouens en -mans wat by die Tsongakraal-Opelugmuseum werksaam is, is in die beginstadium besoek, omdat dit vir die navorser makliker toeganklik was. Van dié mans en vrouens het as tussengangers en tolke tussen die stamhoof en inwoners en die navorser opgetree. Ngove, stat van stamhoof Ngove, en Sikhunyane, twee dorpies ten suide en suidweste van Giyani word volgens informante beskou as die plekke waar tradisies en gebruike van die Tsongakultuur die minste verander het. By Sikhunyane woon Fivepound Mabunda, een van die Tsonga se bekendste voordraers van Tsongaprysliedere. Die kraaluitleg (statuitleg) van die stamhoof Mabunda van Ngove, het dan ook gedien as model vir die Tsongakraal-Opelugmuseum wat onder leiding van dr. Udo Küsel in die vroeë sewentigerjare gebou is (pers. med. 1983).

Die gebied in Gazankulu waarheen navorsing uitgebrei is, kan op kaart 1.2 gesien word. Rofweg kan dit beskryf word as die gebied ten suide en suidooste van Giyani, die hoofstad van Gazankulu, ten noorde van die Groot-Letabarivier, met die Krugerwildtuin as oosgrens, en as wesgrens 'n lyn (noord-suid) en ongeveer 20 km ten weste van Giyani.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Hierdie gebied het ook as navorsingsgebied vir die oprig van die Tsongakraal-Opelugmuseum gedien. Dit is die gebied waarvandaan die meeste inwoners kom wat in die opelugmuseum werksaam is, en die museum in stand hou asook die visuele kultuurfasette demonstreer. Enkele dorpies wat buite die navorsingsgebied val, is ook besoek om steekproewe te doen t.o.v. die vergelyking van sekere aspekte en om variasies en voorkoms van kultuurvoorwerpe vas te stel. Hierdie aanvullinge is hoofsaaklik gedoen t.o.v. die studie oor kralewerk. Die dorpies, nl. Bungeni (naby Elim), Muyexe, (op die Wildtuingrens), en Nwamitwa en Mariveni, beide in die Ritavigebied naby Letsitele, word ook op die kaart 1.2 aangedui. Twee argeologiese soutwerkterreine wat buite die grense van Gazankulu val, nl. Harmonie wes van Trichardtsdal, en Rhoda, suid van Phalaborwa, is ook besoek. Verwysings na die punte kom in hoofstuk 4 wat oor soutmaak handel, voor.

Daar sal hierna na die navorsingsgebied as die Noord-sentrale deel van Gazankulu verwys word, om dit te onderskei van Ritavi in Gazankulu waar Boonzaaier [1980] navorsing onder die Tsonga-Shangana gedoen het en Mhala die suidelike gebied in Gazankulu waar Hartman [1978] sy navorsing onder die Tsonga-Shangana gedoen het. Daar is nog baie min navorsing in Noord-Gazankulu, die gebied rondom Malamulele, gedoen. Inligting wat in hierdie navorsing verkry is, verskil t.o.v. geskiedenis en kultuuraspekte ietwat van dié van die Shangana. Sommige ooreenkomste met Mosambiek sal uitgewys word, omdat die Tsonga daarvandaan kom.

Gazankulu is die woongebied van die Tsonga-Shangana, wat op 1 Februarie 1972 as selfregerende gebied binne die Republiek van Suid Afrika tot stand gekom het. Giyani is die hoofstad, en Xitsonga die amptelike taal. Gazankulu het sy eie vlag en nasionale volkslied "HOSI KATHEKISA AFRIKA" is die bekende "God seën Afrika". Op die kaart [1.1] kan gesien word dat hierdie selfregerende staat nie 'n homogene aaneenlopende gebied is nie en rofweg in drie dele ingedeel kan word, te wete die kerngebied, met Giyani as sentrum en setel van die Wetgewende Vergadering, Ritavi naby Tzaneen, en die suidelike Mhalagebied wat ongeveer 100 km vanaf die kerngedeelte verwyder is.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die verbrokkeldheid van Gazankulu en die feit van die dubbele benaming Tsonga-Shangana, dui alreeds op die veelvoudige karakter van die inwoners. Daar word in hierdie studie slegs na die Tsonga verwys veral omdat die studiegebied waarop gekonsentreer word deur ware Tsonga bewoon word. Daar is gepoog om op die geskiedenis van die stamme, soos hulle in Giyani en omstreke voorkom, in te gaan, om op 'n moontlike verband te dui tussen die huidige inwoners van Gazankulu, die Tsonga in Mosambiek en die vroeë handelaars wat deur die gebied op handelsroetes vanaf die Ooskus en die binneland tot in Zimbabwe beweeg het.

Die nagaan van die geskiedenis van die stamme Mavundza, Ngobe, Nkomo, Bungeni, Chabalala, Ngobeni, e.a. wat in die navorsingsgebied woon, het nie veel nuwe inligting opgelewer nie. Historiese gegewens en die aanteken en nagaan van genealogieë sou meer lig kon werp op belangrike aspekte, soos wie die vroeë soutontginners was, asook sedert wanneer en in watter getalle die Tsonga die huidige gebied, bewoon ens. In hoofstuk 2 word 'n kort historiese oorsig gegee.

### 1.2.2 Die Tsongavrou

Die Tsongakraal-Opelugmuseum is die voorstelling van 'n Tsonga-wooneenheid van 'n man met sy agt vrouens. Die vrou speel 'n baie belangrike rol in die alledaagse lewe as eggenote, moeder, huis-en haardversorger, kok, akkerbouer, versamelaar asook beoefenaar van sommige spesialisbedrywe soos pottebakkery, soutkookster en tradisionele praktisyn (kragdokter). Al hierdie aspekte dek 'n wye terrein van die totale lewenswyse wat deur die man aangevul word as bouer, jagter, veeherder, raadsman en beskermer.

In die Tsongakraal-Opelugmuseum word die alledaagse lewensaktiwiteite, soos dit vroeër beoefen is, nog steeds nagekom, daar kon derhalwe gegewens oor tegniese skeppinge wat verband hou met bv. die versamelaarsbedryf, die akkerbou of soutvervaardiging van die vrouens self verkry word. In die meeste gevalle word take saam met medevrouens en/of vriendinne verrig. Dogters neem gereeld deel aan die verskillende aktiwiteite van die vrouens en leer vroeg reeds om die rol wat hulle eendag sal moet vervul, te beoefen.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Weens die stelsel van trekarbeid wat baie jare reeds deel vorm van die Tsongalewenspatroon, en wat meebring dat baie Tsongamans lang tye weg van die huis deurbring en sodoende nie meer hul tradisionele rol ten volle kan vervul nie, val die las baie swaar op die vrou. As gevolg van die veranderingsproses kom sy in praktyk te staan in 'n nuwe statusposisie as hoof van die huishouding met al die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan. Buiten al haar gewone daaglikse bedrywighede om haar huishouding wat uit haar kinders en moontlik ook ouer mense in die wooneenheid bestaan, moet sy deesdae ook die rolle van beskermer, veeversorger, bouer en besluitnemer beoefen. Ook hierdie meer moderne lewenswyse, as gevolg van kontak met die buitewêreld kan in 'n mate by die Tsongakraal-Opelugmuseum uitgebeeld en waargeneem word.

Ten laaste is daar ook besluit om die Tsongavrou te bestudeer, omdat daar meer vrouens as mans by die opelugmuseum werksaam is. Die uitleg van die Tsongakraal-Opelugmuseum dui die bewoners teoreties aan as een man met sy agt vrouens. Dit is egter belangrik om te onthou dat die mense wat tans by die Tsongakraal-Opelugmuseum werk nie 'n gesinne-eenheid is nie. Die voorstelling van die woonstrukture weerspieël egter hierdie ideaal. Vir die navorser wat self 'n vrou is, is dit makliker om inligting by medegeslagslede te verkry.

Samevattend gesien is hierdie studie dus 'n beskrywing van geselekteerde tegniese skeppinge van die Tsongavrou met as uitgangspunt die waarde daarvan vir museumwerk. Binne die museum is dit die oogmerk om die hele lewenswyse van die Tsonga met al sy kultuuraspekte na vore te laat tree.

Die funksionele uitstalmetode kom in 'n opelugmuseum ten volste tot sy reg, omdat elke voorwerp binne die verband van sy rol en funksie deur die besoeker waargeneem kan word en self deur spesiale programme, ens. aangebied kan word.

### 1.2.3 Geselekteerde tegniese skeppinge

Die tegniese prosesse en skeppinge waarby die Tsongavrou belang het, bestaan uit pottebakkery, kleredrag en sierade soos kralewerk, die vleg van

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

sommige mandjies, slaapmatte, kalbasbewerking, voorwerpe wat met die oes, berging en voorbereiding van landbougewasse verband hou, asook voorwerpe wat benut word tydens sekere take van die hutbouproses. Verder is daar ook nog die voorwerpe wat die man vervaardig maar wat deur vrouens benut word, soos sekere mandjies, gebruiksartikels van hout en musiekinstrumente. Die hele reeks Tsongavoorwerpe wat met die vrou verband hou of deur haar benut word, sal in hoofstuk 2 genoem en kortliks binne kulturele verband bespreek word. Slegs enkele tegniese skeppinge wat by die Tsongakraal-Opelugmuseum deur vrouens vervaardig, benut en aan besoekers gedemonstreer word, is geselekteer vir hierdie studie. Die keuse het geval op die aanskoulikste tegniese bedrywighede, nl. pottebakkery, kralewerk en soutontginning. Buiten die vervaardiging van slaapmatte, was pottebakkery en 'n gedeelte van die soutontginningsproses ook die enigste aktiwiteite wat ten tye van die navorsing by die museum behoorlik beoefen is. Min was bekend oor kralesierade en sleg, enkele basiese artikels is soms vervaardig.

Enkele ander aktiwiteite waarmee die vrouens by die Tsongakraal-Opelugmuseum soms besig was, was die versameling en voorbereiding van voedsel, visvang, die bewerking en oes van seisoenale landbougewasse, die bespeling van musiekinstrumente tydens spesiale programme, die herstel en versiening van boustrukture, die vervaardiging van kleredrag, veral die kenmerkende dansrok, en aspekte wat saamgaan met die geboorte van 'n baba en die aktiwiteite met klein kindertjies (stories, speletjies, liedjies). Tydens al hierdie aktiwiteite is tegniese skeppinge gebruik. Al hierdie tegniese skeppinge word genoem, en in enkele gevalle bespreek ter wille daarvan om 'n geheelbeeld van die lewenswyse van die Tsongavrou te kry.

Tegniese skeppinge sal as deel van die kultuur en binne funksionele verband van die lewenswyse in hoofstuk 2 behandel word. Dit wil sê, die voorwerp word nie bloot as sodanig beskryf nie, maar verbind met die aanwending deur besondere mense. Dit is baie belangrik om in die Volkekunde te wys hoe elke voorwerp vir die waarnemer iets vertel oor die eienaar, asook die ekonomiese funksie en aanwending. Die voorwerp moet dus binne sosiale konteks bestudeer word t.o.v. benutting en eienaarskap, seremonies rondom die voorwerp, asook die voorwerp se skakeling met

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

ander terreine, bv. sout wat benewens 'n geurmiddel ook medisinale waarde het, of as handelsobjek van nut was "by placing a perfect specimen before a student, the 'ethnographic reality' of that object would not be conveyed nor would the object be able to generate any research unless it was accompanied by information relating to its use and significance among the people from whom it was collected" [Malinowski 1922:105].

## 1.3 METODES VAN ONDERSOEK

Omdat daar met hierdie studie van die standpunt uitgegaan is om elke voorwerp binne kultuurverband te bestudeer en uit te stal, is 'n verskeidenheid van benaderings en metodes gebruik om 'n bevredigende resultaat te verkry.

Benewens algemene navorsingsmetodes en tegnieke soos veldwerk, waarneming en die gebruikmaking van tegniese hulpmiddele soos beskryf sal word, en soos gebruik deur die volkekundige, is daar ook besondere benaderings oor hoe die bestudering van museumkundige en volkekundige voorwerpe uitgevoer kan word. In hierdie studie is daar op 'n geïntegreerde wyse van die tipologiese, die funksionele en die ekologiese benadering gebruik gemaak.

Die tipologiese benadering gee 'n goeie beskrywing en klassifikasie in tipes van die voorwerp, maar sê ons weinig van die mense wat dit vervaardig en gebruik. Beskrywing met die doel om bloot verskillende tipes voorwerpe van verskillende kulture met mekaar te vergelyk, help min as dit nie aangevul word met ontleding en interpretasie nie. Vir museumdoeleindes is tipologiese verwerking van nut tydens dokumentasie en vir uniforme terme en word gewoonlik in kombinasie met die funksionele benadering gebruik.

Die funksionele benadering bestudeer 'n voorwerp binne die wyer geïntegreerdheid van tegniese skeppinge met die res van kultuur. Hierdie benadering plaas die voorwerp in sy sosio-kulturele konteks. Op sigself en uit konteks sou die voorwerp nie inligting kon verskaf oor die gebruik daarvan en die belangrikheid daarvan vir die kultuurskepper nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die ekologiese benadering maak 'n studie van tegniese skeppinge teen die agtergrond van die ekologiese werklikhede. Kultuur word as produk van die benutting van die natuur deur die mens gesien. Die interafhanklikheid tussen die mens en die natuur word beklemtoon. Kultuur kom tot stand deurdat die mens 'n idee het en deur middel van sy tegnologie die natuur, sy omgewing, eksploiteer om vir hom 'n bestaan te skep. Veranderinge in die natuurlike omgewing veroorsaak aanpassing t.o.v. tegniese skeppinge met die gepaardgaande geestelike inspanning. Die vermoë van die mens om hom by veranderende omstandighede aan te pas, maak dat kulture oorlewe. Die mens word deur die natuur, sy omgewing, geaffekteer, maar terselfdertyd affekteer hy ook die natuur in so 'n mate dat hy sy eie lewensbron kan uitput of vernietig.

Bogenoemde benaderings is gebruik en aangevul deur die gebruikmaking van erkende volkekundige navorsingsmetodes en -tegnieke. Die gelyktydige gebruik van 'n aantal navorsingstegnieke word deur Pelto en Pelto [1978:67] die multi-instrument-navorsingsmetode genoem. Naas veldwerk wat deelnemende waarneming en die ondervraging van segspersone behels, is daar ook van literatuurstudie gebruik gemaak. Onopvallende waarneming tydens informele besoeke, 'n beoordeling van liggaamstaal en liggaamsbewegings tydens die kontrole van feite deur gebruikmaking van foto's of voorwerpe, asook die inhoudsanalise van volksverhale en vertellinge om te sien waar bv. verwysings na potte, kralewerk of die gebruik van sout voorkom, is 'n paar van die aanvullende tegnieke wat gebruik is. Ontleding van potskerwe volgens vorm en versiering om te bepaal hoe tradisioneel die potte is, om so ouderdomsbepaling te kan doen en om kultuurbeïnvloeding vas te stel, is ook onderneem. Die gebruikmaking van meer as een metode help baie om inligting te kontroleer, bv. deur 'n voorwerp met die inligting daaroor na 'n ander informant te neem en dan haar reaksie oor die gegewens dop te hou. Deur haar liggaamsgebare kan maklik vasgestel word of sy die voorwerp ken, of sy dieselfde terme as die eerste informant gebruik en selfs om haar onsekerheid vas te stel.

'n Interdissiplinêre openheid is gehandhaaf t.o.v. aspekte van die navorsingsmateriaal deur gebruik te maak van geologiese en argeologiese

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

bevindinge. Daar is met geoloë en argeoloë gesprek gevoer. Die tersaaklike literatuur uit die vakgebiede is ook bestudeer.

### 1.3.1 Literatuurstudie

Die bestaande literatuur wat oor die Tsonga handel, is uitvoerig bestudeer. Weinig diepgaande geskrifte kon gevind word wat inligting wat vir hierdie studie van nut kon wees, bevat het. Die monografie van Junod [1927, Vol I en II] wat die lewenswyse van die Tsonga oor die algemeen in veral Mosambiek, asook in die Ritavigebied waar Junod by die Shiluvane-sendinghospitaal werksaam was, beskryf, is telkemale as verwysingsraamwerk gebruik.

Die studie uit literatuurbronne kan in die volgende kategorieë verdeel en bespreek word:

#### 1.3.1.1 *Historiese gegewens en die herkoms van die Tsonga*

Omdat daar vasgestel moes word of the Tsonga reeds voor 1835 in besondere getalle in die Transvaal teenwoordig was, aangesien hulle die gebied vir eeue reeds as handelaars deurkruis het, is alle literatuur gefynkam na leidrade om te sien waar en in watter getalle en van wanneer af die Tsonga die Transvaalse Laeveld bewoon het. Daar is ook probeer bepaal wie die vroeë soutontginners in hierdie gebied was.

Hier is veral die bronne van H.A. Junod [1927] geraadpleeg wat 'n hele uiteensetting gee van al die verskillende stamme binne die groter Tsonga-etniese verband, hul verspreiding in Mosambiek en later ook in die Transvaal, asook hulle herkoms en ontstaan op mitologiese grondslag, en die rede vir die verhuising vanaf Mosambiek na die Transvaal. Ook die baie ou geskrifte "Ethiopia Oriental" en "Historia Tragico Maritana" óf "Tragic History of the Sea" deur Portugese seevaarders wat vanaf die vroeë jare 1500 die Oos-Afrikaanse kus omseil het, is met behulp van H.P. Junod [1977] se ongepubliseerde geskrif oor die "Cultural Life of the Changana-Tsonga people and their neighbours in the Sixteenth and Seventeenth

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Century 1498-1650" gefynkam na leidrade van vroeë historiese en kulturele gegewens.

'n Verskeidenheid latere bronne bv. Hartman [1972, 1978], Boonzaaier [1980], Hammond-Tooke [1974], De Vaal [1984, 1985], H.P. Junod [1938], Wilson en Thompson [1986], Wiid en Bothma [s.a.], Liesegang [1967], Smith [1973], Earthy [1968] wat almal geraadpleeg is, het hulle inligting oor die vroeë geskiedenis hoofsaaklik uit H.A. Junod se werk, "The life of a South African Tribe" geneem.

Historiese gegewens is ook verkry deur al die geskrifte oor die ou handelsroetes tussen Mosambiek en die binneland te bestudeer. Die Tsonga het as handelstussenganger opgetree. Die geskrifte van Das Neves [1879], Dicke [1937], De Vaal [1984, 1985] en Raddatz [1886] is geraadpleeg. Ook J. Witt van Tzaneen se waardevolle Africana-boekversameling is na leidrade oor die geskiedenis gefynkam. 'n Diepgaande ondersoek oor die geskiedenis van die Tsonga in die navorsingsgebied was aanvanklik nie deel van die studie nie. Nadat die onderskeie argeologiese soutwerkterreine bestudeer is, het die afwesigheid van enige geskiedkundige gegewens oor die Tsonga noord van die Letaba as leemte na vore gekom en is daar gepoog om d.m.v. literatuur asook informante meer lig op hierdie aspek te verkry. Hartman [1972, 1978] en Boonzaaier [1980] se historiese oorsig oor die stamme in die Mhala- en Ritavidistrik is baie waardevol t.o.v. die onderwerpe wat behandel is, maar was vir hierdie studie slegs van waarde omdat daarop gewys is dat daar 'n verskil is tussen die stamme wat hulle behandel en die sogenaamde "Noord-Tsonga", menende die Tsonga van Sentraalnoord- Gazankulu.

Ook gesprekke met Hartman [1990] het getoon dat op grond van die kort genealogieë van die stamme rondom Giyani, die geskiedenis baie vaag is, en nie so ver teruggaan as wat hierdie studie graag wou bewys nie.

### 1.3.1.2 *Beskrywing van die lewenswyse*

Daar bestaan geen literatuurbronne oor die tegniese skeppinge van die Tsonga as sodanig nie. Daar is derhalwe weer eens gekyk na die algemene werke oor die Tsonga en aanverwante stamme in Mosambiek, om sodoende

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

kontinuïteit in die kultuurpatroon en vergelykingsmateriaal te bekom. Die waardevolste werk in hierdie verband is dié van Dora Earthy [1968]. Earthy se werk oor die Valengevrouens is gebruik as aanduiding van die resente Tsongakultuur in Mosambiek, en vergelykings t.o.v. die tegniese skeppinge is getref tussen Mosambiek se Tsonga en die Tsonga van Gazankulu.

Alhoewel Earthy probeer bewys dat die Lenge 'n sewende groep volgens Junod se klassifikasie uitmaak, word hierdie stelling deur Smith [1973:566] in sy deeglike studie oor die geskiedenis van die mense van die suidelike Mosambiek op grond van migrasies, kultuur, taal en staatsvorme, weerlê. Smith sien Earthy se bewering in die lig van destydse antropologiese neiginge, as partikularisties -

> *"that is, a desire to create special identity for a people who should be included in a larger category" [1973:566].*

Die Lenge, woonagtig in die suidelike Mosambiek, vertoon 'n vermenging van Ronga-, Hlengwe-, Chopi- en Zulukenmerke en kan derhalwe as beste vergelykingsmateriaal oor die Tsonga se tradisionele lewenswyse en soos dit vandag daar uitsien, gebruik word.

### 1.3.1.3 *Algemene werke oor tegniese skeppinge en werke oor die omliggende stamme*

HP Junod [1935, 1938] gee in sy publikasies en fotoversameling enkele verwysings na tegniese skeppinge, veral kleredrag en kralewerk, soos hy dit onder die Tsonga waargeneem het. Ook sy vader HA Junod se klassieke werk oor die Tsonga [1927] bevat kort beskrywings van onder andere pottebakkery en die benutting daarvan op vele lewensterreine, asook van kralewerk en kleredrag, soutvervaardiging asook vele andere nuttige praktyke soos volksverhale en liedjies, die religieuse lewe, ens. Werke van PJ Coertze [1965], Beals en Hoijer [1965], RD Coertze [1986] is gebruik vir die uiteensetting van tegniese skeppinge as 'n kultuurfaset binne die groter geheel, sowel as werke deur Frese [1960] en Malinowski [1922].

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Kennis van opvattinge oor tegniese skeppinge in museumverband is verkry uit werke wat oor die omliggende stamme handel. Hier is veral gebruik gemaak van Krige en Krige [1943], Krige [1937], Davidson [1979], Van der Lith [1960], du Toit [1968], Van Schalkwyk [1985], Hartman [1972, 1978] Boonzaaier [1980] en Herbst [1984].

### 1.3.2 Veldwerk

Met veldwerk word bedoel dat daar daadwerklik na sekere plekke of bestemmings in Gazankulu gery is om navorsing deur ondervraging van segspersone, deelnemende waarneming, die neem van foto's en video-opnames, voorwerp- en inligtingsinsameling te doen. Die term kan egter ook gebruik word vir die navorsing wat ter plaatse by die Tsongakraal-Opelugmuseum onderneem is.

Veldwerk was, net soos literatuurstudie, die belangrikste navorsingsmetode. Daar is werklik gepoog om, soos Malinowski [1922:25]

> *"to grasp the native's point of view, his relation to life, to realise his vision of his world."*

Tydens veldwerk is die navorser die hoofinstrument en al die ander navorsingsmetodes soos waarneming, ondervraging en andere, is bykomende tegnieke. Veldwerknavorsing is 'n tydrowende taak. Die navorser moet baie geduld hê en kom voor baie probleme en krisisse te staan. 'n Voorbeeld is wanneer die navorser ver ry, net om te vind dat die afspraak nie nagekom is nie, of wanneer segspersone nie lus is om te vertel nie. Op die ou einde is dit egter ook die mees bevredigende metode.

Navorsing deur middel van ondervraging en waarneming is met tussenposes vanaf 1982 tot 1984 onderneem en is weer hervat vanaf 1988 met tussenposes tot in 1990. In 'n periode van 8 jaar kon sekere veranderinge waargeneem word, soos die herlewing in sekere kulturele gebruike.

Die gebruikmaking van 'n tolk, wat die gebied geken het en ook as assistent opgetree het, was essensieel en deurslaggewend. Die navorser was nie

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Xitsonga ten volle magtig nie, alhoewel vakkundige terme gou aangeleer is. Aangesien die Tsonga vriendelike en oop mense is, het die gebruikmaking van 'n manlike tolk geen probleem opgelewer nie. Vrouens was bereid om voor hierdie man oor alledaagse sake te praat.

Daar is nogtans tydens hierdie studie ook van vroulike tolke afkomstig van die museum gebruik gemaak, veral ook om sekere inligting te kontroleer en om te sien of werklik alles gesê is.

Volkekundige veldwerknavorsing kan nie behoorlik sonder die gebruikmaking van ander mense en besondere tegniese apparaat onderneem word nie. Daar is derhalwe van 'n tolk en assistent gebruik gemaak om toegang tot 'n plek te beredeneer, om as tolk op te tree, met segspersone te onderhandel, sowel as om in vreemde gebiede in te beweeg om waarneming te doen. Ander hulpmiddele waarvan tydens veldwerk gebruik gemaak is, is 'n videokamera, foto-kamera, foto's en geskenke. Die geskenke was meestal vir 'n stamhoof of hoofman van 'n gebied, asook vir informante vir hulle dienste en het bestaan uit vrugte en groente, suiker, tabak, klere soos 'n mooi trui, versierde kieries, of ander gewaardeerde houtvoorwerpe wat by die Tsongakraal-Opelugmuseum vervaardig is.

### 1.3.3 Segspersone

Volkekundige navorsers maak gewoonlik van 'n reeks kundige informante gebruik.

Daar moet onthou word dat die interaksie tussen navorser en informant 'n komplekse sosiale proses is [vgl. Pelto en Pelto 1978:74 e.v.]. Die navorser maak as hoofnavorsingsapparaat ook gebruik van ander ondersoekmetodes. Dit dra daartoe by dat die interpretasie so objektief as moontlik is en om die navorser se persepsie te ondersteun. Die proses word bemoeilik wanneer daar van tolke gebruik gemaak word. Die navorser leer gou om agter te kom wanneer die tolk bloot vertaal of wanneer hy of sy, sy/haar eie interpretasie weergee. 'n Goeie tolk gee 'n sinvolle en woordelikse vertaling en is baie waardevol, maar dit help ook as die etnoloog kennis het van die taal waarin ondervra word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die veldwerker se belangrikste informante is spesialiste op besondere gebiede. Vir hierdie studie oor die Tsongavrou is daar hoofsaaklik vroulike informante geraadpleeg, maar dit wil nie sê dat manlike segspersone heeltemal uitgelaat is nie. Mans kon soms meer lig werp op besondere aspekte, en inligting kon ook op die wyse gekontroleer word.

Spesialiste wat veral geraadpleeg is, was pottebaksters, soutkooksters en sommige tradisionele praktisyns (kragdokters). Aanvullende inligting is by die segspersone uit die gewone mense verkry, sowel as inligting oor algemene sake soos kleredrag en kralewerk, ekonomiese, religieuse en sosiale aangeleenthede.

Die ondervraging van die spesialiste by die Tsongakraal-Opelugmuseum is telkens as uitgangspunt gebruik. Daar is gekyk en gevra hoe hulle 'n bedryf beoefen en gebruik. Die inligting is dan in die veld vergelyk, gekontroleer en aangevul, eerstens vir volledigheid en tweedens om veranderinge in die wyer Gazankulu waar te neem. Die assistent en tolk wat gebruik is, was ook van die Tsongakraal-Opelugmuseum afkomstig. Navorsing is uitgebrei deur dorpe te besoek waar die tolk òf 'n spesialis-informant geken het òf waarvandaan hulle gekom het. Die pottebakster is byvoorbeeld gevra om die plekke te identifiseer waar nog pottebaksters werksaam is. Sy en die tolk het ons dan gewoonlik daarheen vergesel. Dit het kontakmaking baie vergemaklik. By 'n dorp aangekom, is 'n besoek aan die stamhoof of hoofman gebring om hom oor ons teenwoordigheid en werksaamhede in te lig en toestemming vir die besoek te vra. Soms kon waardevolle inligting hier verkry word. Segspersone kon dikwels ander spesialiste uitwys en sodoende kon telkens 'n aantal persone vir inligting geraadpleeg word.

Die werkswyse by die spesialiste was om met waarneming van die werklike tegniese proses te begin en dan vrae te vra tydens die uitvoering van die proses. Aanvanklike vrae is met nuwe vrae aangevul nadat met die vergelyking en verwerking van die veldwerkresultate begin is.

Tydens veldwerk is baie foto's geneem en is ook video-opnames van die verloop van die verskillende tegniese prosesse gemaak. Die foto's is op daaropvolgende veldwerkritte aan die mense by 'n dorpie gewys en deur

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

waarneming is daar gelet op reaksies, en liggaamsgebare, wat verraai wat die waarnemer sien en of dit positief of negatiewe reaksies uitlok, sodat verder navraag gedoen kan word.

'n Ander tegniek was om te luister na die vakterme en of ander terme elders gebruik word. Sodoende kon meer vrae gevra word en kon veral die name vir kralesierade gekontroleer en dialektiese variasies waargeneem word. 'n Soortgelyke tegniek is om 'n spesifieke voorwerp aan omstanders te wys en dan 'n gesprek daaroor uit te lok. Vrae wat 'n gesprek inlei is meestal "Ken julle hierdie voorwerpe?" "Gebruik julle dit nog?" "Het julle nog soortgelykes?" "Wanneer word dit gebruik?" ens.

By enige ondervraging in die veld moet die tolk en veldwerker fyn op mekaar ingestel wees, sodat enige nuwe of interessante inligting dadelik aan die navorser oorgedra kan word. Vanweë die aard van die Tsonga om besoekers sonder veel agterdog dadelik vriendelik en vreedsaam te verwelkom, kan daar gewoonlik vinnig 'n vertrouensverhouding opgebou word. As die informante die tolk ken of hom vertrou, word sensitiewe sake soms geredelik vir die manlike tolk beskryf. Weer eens kan uit reaksies en liggaamstaal en -gebare agtergekom word, wanneer daar iets weggesteek word. Voorbeeld: 'n Kralesieraad wat met die dogters se inisiasie verband hou word aan 'n groep vrouens getoon. Die naam sal genoem word en twee of drie dogters draai giggelend om en hardloop weg. Die ouer vrouens sal sê: "Die voorwerp word deur jong dogters gedra." "Wanneer?". "As hulle hubaar is." Met meerseggende blikke na mekaar, sowel as die tolk sal hulle net vaag antwoord, of sê "Ek weet nie, ons ken dit nie eintlik nie." As die gesprek met die vroulike tolk by die museum weer opgehaal word, sal sy lag en dan meer inligting wat nie vir manlike ore bedoel is nie, verskaf.

'n Ander voorbeeld: As 'n toevallige segspersoon vir die eerste keer met vrae gekonfronteer word of sy bv. die voorwerp op die foto ken, en ook so iets besit sal sy vaagweg "nee" sê. Haar oë en houding verraai egter dat sy meer weet. Sodra sy agterkom dat daar in die groep vrylik oor die voorwerp gesels word, dan begin sy saampraat, of sy loop skielik na haar hut en bring 'n soortgelyke en ander voorwerpe. So 'n gebeurtenis word dan opgevolg deur verdere vroulike informante te ondervra. Hierdie opvolging is meestal by die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Tsongakraal-Opelugmuseum gedoen. Eers wanneer hulle nie kon verklaar nie is steeds verdere vroulike informante opgesoek en deur middel van 'n vroulike tolk ondervra. Veldwerknavorsing en die gebruikmaking van segspersone onder die Tsonga is nie so moeilik as etiketreëls nagekom word nie.

Ten opsigte van pottebakkery is daar by tien dorpies ondersoek ingestel of daar pottebaksters leef. Slegs by vyf is die bedryf beoefen. Gewoonlik was daar dan ook meer as een pottebaksters bedrywig. Dit hang ook af van die toeganklikheid, en beskikbaarheid van geskikte klei. In die aangrensende Vendagebied ver ten noorde van Giyani, asook die Sothogebied aangrensend aan die studiegebied is onderskeidelik twee pottebaksters besoek en die tegnieke, voorkoms en vorm van potte vergelyk.

Die soutkooksters by Soutini het gewissel tussen vyf en nege vrouens wat ten tyde van die vier besoeke sout ontgin het. Altesame is ongeveer agtien soutkooksters waargeneem en ondervra. Dokumentasie is d.m.v. video-opnames aangevul.

Ten opsigte van kralesierade en die gebruike en vervaardiging daarvan is twee en twintig informante ondervra wat nie spesialiste is nie, aangesien enige vrou kralewerk beoefen. Baie meer vrouens is tydens danse en ander uitgaan- en feestelike geleenthede waargeneem en deur foto-en videomateriaal visueel vasgelê sodat daar daarna oor hulle kraledrag en versierings navraag gedoen kan word.

### 1.3.4 Waarneming

Alhoewel die ondervraging van segspersone een van die oudste navorsingsmetodes is, bly dit steeds een van die moderne tegnieke. Dit gaan egter gewoonlik ook gepaard met waarneming. Die kombinasie van die ondervraging van die segpersone plus deelnemende waarneming vul mekaar aan en is deel van dieselfde navorsingsproses. Daar is twee breë tegnieke van waarneming, nl. direkte waarneming, waar die navorser by is en bv. die maak van 'n item van begin tot einde waarneem en tussenin vrae vra op

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

grond van haar vooraf saamgestelde vraelys. Alles word dan noukeurig aangeteken en aangevul met foto's of video-opnames.

Die indirekte waarnemingstegniek is bv. gebruik wanneer daar informeel met 'n groep mense of individue verkeer word. Die navorser vra onopvallend allerlei vrae, wat 'n gesprek uitlok waartydens die reaksie getoets kan word. Sy sal bv. sê: "Ek hoor die ou mense het vroeër die klein babatjie as hy een week oud is vir die eerste keer uit die hut gebring en met baie medisyne gesmeer. Hulle noem dit "Xirhengelen." "Maak julle ook so?" Die antwoord sal wees: "Ooooh --- Xirhengelen" --- en dan sal ondermekaar gesels word en probeer word om aan die navorser te verduidelik wat dit behels. Dit is die seremonie van die potskerf, **xirhengele**. Dan volg die aanbod: "Ons sal jou roep as die en die se baba gebore is, dan kan jy sien."

Hierdie indirekte tegniek is ook gebruik wanneer sekere seremonies nie deur die navorser in die navorsingstyd bygewoon kon word nie, soos die inlywing van 'n nuwe stamhoof. In hierdie geval moet 'n hipotetiese gebeurtenis geskets word en daaroor gesprek uitgelok word.

Waardevolle inligting is ook deur indirekte waarneming verkry, in die geval waar die veldwerker toevallig iets raaksien of sien gebeur. Sekere aspekte van 'n mens se lewenswyse is so deel van die mens dat daar vergeet word om dit te noem. Die navorser is ook nie altyd deel van 'n gemeenskap en sal daarom sekere fasette nooit werklik sien gebeur nie. Hierdie toevallige inligtingverkryging kan soms vir die navorser van groot waarde wees. Byvoorbeeld indien 'n babatjie 'n groot knop op sy fontanel het wat soos 'n vrat lyk en daarvoor uitgevra word, word verduidelik dat die vrat medisyne is om hom sterk te maak. 'n Hele nuwe rite kan dan bespreek word.

Die vermoë om waar te neem en terselfdertyd ook deel te neem is 'n waardevolle metode en word as deelnemende waarneming beskou. Elke situasie bepaal egter of die navorser (soos bv. by die opleiding van 'n **n'anga**), kan deelneem aan 'n aktiwiteit of nie. Waarneming alleen is nie altyd genoeg nie, en deur deelname leer die navorser terwyl sy die dinge doen wat vir die groep, wat bestudeer word, belangrik is.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Om waarnemend deel te neem dien ook as skakel met 'n groep informante om so die nodige vertrouensverhouding op te bou. Alhoewel die navorser haarself dus in die situasie moet stel, moet sy ook daarbuite wees om objektiewe waarneming te kan doen. Die navorser bly egter altyd 'n buitestander. Onoordrewe deelname het baie voordele soos navorsers soos veral Malinowski [1922], asook Powdermaker, in die verlede ervaar het:

> *"Although I had enjoyed these brief moments of feeling at one with the women dancers at the initiation rites and although I was fairly involved in the Stone-age Society, I never fooled myself that I had 'gone native'. I participated rather freely, but remained an anthropologist" Powdermaker [1966:115].*

As veldwerknavorser word hierdie uitlating beaam en waardevolle inligting is op die wyse bekom.

In die veld en by die museum is soos reeds gesê, alle prosesse en vervaardigingswyses gedokumenteer d.m.v. 'n kamera en video-kamera. Laasgenoemde het die voordeel dat klank en beweging weergegee kan word. Die dokumentasie kan oor en oor bestudeer word en die gesprekke kan in die sitkamer vertaal en ontleed word, sodat opvolgnavorsing en kontrole toegepas kon word. 'n Wye fotodokumentasie vergesel hierdie studie. Die videomateriaal oor die soutontginningsproses, die pottebakkersbedryf sowel as feestelikhede met gepaardgaande danse, stories, speletjies, liedjies is in die skrywer se besit.

### 1.3.5 Museumstudie

Navorsing is ook in verskeie museums of ander private versamelings aangevul. As uitgangspunt is weer eens die versameling van die Tsongakraal-Opelugmuseum gebruik. Dit moet hier genoem word dat weinig tradisionele museumkundige voorwerpe ten tye van die navorsing in die museum teenwoordig was. Die meeste voorwerpe was namaaksels deur spesialiste wat nog oor kennis van die tradisionele vervaardiging beskik het. Waardevolle inligting is by die werknemers wat die onderskeie ambagte beoefen het en wat as ouer verteenwoordigers van die Tsonga oor baie waardevolle inligting beskik het, verkry. Tydens veldwerknavorsing is daar

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

ook gepoog om voorwerpe vir die museum aan te koop en behoorlik te dokumenteer. 'n Eie verteenwoordigende versameling - spesifiek met betrekking tot die Tsongavrou en haar bedrywe is ook op die wyse opgebou.

'n Tweede baie belangrike bron van inligting was die versameling van mnr. Jürgen Witt van Tzaneen. Hy het nie net 'n groot verskeidenheid voorwerpe, veral kralesierade versamel nie, maar het ook 'n wye kennis van die Tsonga en het self heelwat navorsing in Gazankulu onderneem. Die resultaat van die kennis en navorsing is tot my beskikking gestel.

Daar is ook besoek gebring aan ander museums soos die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria, asook die Junodversameling by die Universiteit van Suid-Afrika, en voorwerpe by die Nasionale Museum te Kaapstad. Nie veel nuwe inligting kon hier versamel word nie, maar belangrike vergelykings kon getref word. Veral die Universiteit van Suid-Afrika het 'n goeie versameling van Tsongakralewerk en -potte. Ten laaste is daar kontak gemaak met die museum te Neuchatel, Switzerland, waar baie van HA Junod se versamelstukke en geskrifte bewaar word. 'n Hele dokumentasielys is in die skrywer se besit, maar die museum kon egter nie besoek word nie. Inligting oor voorwerpe op die lys verwys na die tipe voorwerp wat die museum besit en van watter stam dit kom.

### 1.3.6 Dokumentasie

Dokumentasie as een van die funksies van die museum gaan saam met die bewaring van die voorwerp, en is 'n nuttige bron in museums vanwaar inligting verkry kan word. Gedokumenteerde voorwerpe by veral die Tsongakraal-Opelugmuseum, asook ander museums is nagegaan op soek na inligting. Verder is voorwerpe deur die navorser self gedokumenteer. Dokumentasie van voorwerpe as 'n navorsingstegniek het die nut dat detail nie uitgelaat word nie. Die voorwerp self, sowel as die daarmee gepaardgaande dokumentasie verskaf dikwels addisionele inligting.

'n Studie van alle plantemateriaal wat by die Tsongakraal-Opelugmuseum gebruik word vir die vervaardiging van tegniese skepping, is in 1983 by die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Tsongakraal-Opelugmuseum onderneem vir dokumentasiedoeleindes. 'n Lys van relevante plantmateriaal word aangeheg (Bylaag A).

## 1.4 SAMEVATTING

Die doel van die ondersoek is om soveel as moontlik inligting oor voorwerpe of tegniese skeppinge wat met die Tsongavrou verband hou, in te samel.


Alhoewel daar slegs op geselekteerde voorwerpe wat die Tsongavrou vervaardig en gebruik, gekonsentreer is, is daar tog na die algehele rol van die vrou en al die ander voorwerpe wat sy self skep, gekyk sodat die enkele geselekteerdes in hulle algehele konteks van die Tsongakultuur gesien kan word. Die Tsongakraal-Opelugmuseum was telkemale die beginpunt van navorsing wat dan in die Noordsentrale-Gazankulu opgevolg en aangevul is. Daar is in die proses van 'n hele aantal navorsingstegnieke gebruik gemaak om soveel as moontlik inligting te bekom.

Daar word in hierdie studie veral op pottebakkery, die maak van kralesierade en die soutontginningsproses konsentreer. In die navorsingsproses is vasgestel dat die geskiedenis van die Tsonga wat in die gebied van navorsing woonagtig is, baie vaag is en daar is gepoog om ook meer historiese data te bekom. Dit is gedeeltelik in hierdie studie opgeneem sowel as 'n kort beskrywing van die kulturele lewe van die Tsonga en meer spesifiek die vrou.

Die laaste gedeelte van die studie gee samevattend uitsluitsel oor hoe die verworwe inligting by die Tsongakraal-Opelugmuseum aan die besoeker oorgedra of uitgebrei kan word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Kaart 1.1 Gazankulu: Tuiste van die Tsonga-Shangaan, Transvaal

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Kaart 1.2 Noordsentraal Gazankulu

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Kaart 1.3 Hans Merensky-Natuurreservaat

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 2

# HISTORIESE EN KULTURELE AGTERGROND

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2.1 DIE TSONGA : ETNOGRAFIESE PERSPEKTIEF

### 2.1.1 Geskiedkundige agtergrond

In die feitelike bronne [Hartman 1978:38-41; Boonzaaier 1980:18; Wiid en Bothma s.a.] begin die geskiedenis van die Tsonga in Transvaal om en by 1835, 'n tydperk wat ingelei word met die eerste vlugtelinge uit Mosambiek wat hulle in die Laeveld kom vestig het. Hulle het gevlug, omdat hulle nie die gesag van een van Zwide se veggeneraals, Soshangana Nxumalo, wou aanvaar nie. Soshangana was lid van die Nxumalosibbe wat weer deel was van Zwide se Ndwandwe in Natal. Dié wat wel in Mosambiek agtergebly het, is in die geledere van Soshangana en sy volgelinge ingelyf. Hulle nakomelinge staan vandag bekend as die Shangana.

Die Tsonga het hulle egter nie slegs as gevolg van die oorloë in Mosambiek, in Transvaal gevestig nie. Baie jare voordat die Nguni-oorloë begin het, het die Tsonga die gebied al as tussengangers op die eeue-oue handelsroetes deurkruis. Dit is nie bekend in hoe 'n mate vestiging in die Transvaal plaasgevind het nie maar, daar sal gepoog word om ook na hierdie aspek te kyk.

Alhoewel hierdie studie betrekking het op die mense wat die agtergrond vir die Tsongakraal-Opelugmuseum verskaf, en slegs min of meer die laaste 100 jaar van die Tsongageskiedenis in die Transvaal dek, sal die geskiedenis volledigheidshalwe en weens tweërlei redes in breë trekke nagegaan word tot waar die Tsonga hul oorsprong gehad het.

Die eerste rede is bloot ter wille van die korrektheid van uiteensetting sover dit die Tsonga van die noordelike deel van Gazankulu aangaan. Alhoewel die geskiedenis van die Shanganagedeelte van die Tsonga-Shangana deeglik nagevors is [Hartman 1978:38-92] kon geen betroubare bron gevind word oor die geskiedenis van die Tsongagedeelte wat hulle in die gebied rondom die huidige Giyani gevestig het nie, asook die tydperk waarop hulle daar kom woon het nie. Hierdie mense was vermoedelik suiwer Tsonga.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

'n Tweede rede hoekom dit belangrik is om in hierdie geskrif 'n gedeelte van die Tsonga se geskiedenis en leefwyse in Mosambiek, hul bakermat, na te vors, is om te bewys dat daar steeds 'n historiese en kulturele verband bestaan tussen die Tsonga van die Transvaal en dié van die huidige Mosambiek.

Min verwysing sal gemaak word na die Shangana waarvan onder ander Hartman [1972:27-100; 1978:38-92] 'n deeglike studie gemaak het, en die Nkuna van Ritavi, wat deur Boonzaaier [1980:18-54] beskryf is, aangesien die navorsing wat gedoen is vir die ontstaan van die Tsongakraal-Opelugmuseum, sowel as die mense wat ten tye van hierdie navorsing by die Tsongakraal gewerk het, verband hou met die Tsonga uit die noord-sentrale gebied van Gazankulu wat as tradisioneel Tsongagebied beskou word, en nie met die Nkuna nie.

Die groep onder bespreking is dus nasate van die Tsongastamme wat volgens die ou Portugese bronne reeds 400-500 jaar die gebied rondom Delagoabaai bewoon het — soos ontleed deur HP Junod in sy ongepubliseerde werk [1977] asook HA Junod [1927, I:27], Hammond-Tooke [1974:69] en Wilson en Thompson [1986:177].

### 2.1.2 Herkoms, klassifikasie en verspreiding

Historiese bronne dui daarop dat Mosambiek vir eeue die tuiste van die Tsonga was. Daar het hulle in vrede geleef, elke sibbe vir homself en sonder enige nasionale eenheid, totdat die rus vanaf ongeveer 1820 versteur is deur die Zulu-invalle [Junod 1927 I:28].

Volgens pre-historiese oorlewering kom die voorvaders van die Tsonga, soos alle Bantoesprekendes, uit die Noorde [Junod 1927,I:21-27]. Junod gee ook 'n beskrywing van al die stamme, sibbes en ander groepe wat hy in Mosambiek kon navors. Hy het 'n mate van orde in die harwar probeer bring. So ook het verskeie ander skrywers [Liesegang 1967:37; Potgieter 1973:600; Smith 1973] gepoog om die baie klein stammetjies, elkeen onder 'n eie stamhoof, wat vir eeue vreedsaam in die destydse Portugees-Oos-Afrika gewoon het, in groepe met subgroepe of stamme in te deel. Junod se

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

deeglike studie van 1890 word deur Wiid en Bothma soos volg in die aanduiding van woongebiede binne die grense van die Republiek van Suid-Afrika opgesom.

- Die Ronga woon vanaf Kosibaai tot by Delagoabaai. Die Tembe in die omgewing van Kosibaai verteenwoordig hierdie groep in die Republiek.
- Die Hlanganu woon langs die Lebomboberge vanaf die Nkomati tot by die Olifantsrivier. Daar is twee Nhlanganustamme in die Mhaladistrik van Gazankulu.
- Die Dzonga woon oos van die Nhlanganu tot in die Limpopovallei. Dzonga beteken suid en Junod het hierdie naam aan die groep ten suide van die Olifantsrivier gegee om hulle van die volgende groep, die N'walungu, ten noorde van die Olifantsrivier, te onderskei. Van hierdie groep is daar Nkuna en Hlave, veral Mavunda (Mavundza), in die Giyani-, Ritavi-, en Mhaladistrik van Gazankulu.
- Die N'walungu woon noord van die Olifantsrivier en wes van die Limpopo. Hulle is beter bekend as die Valoyi (Baloyi) en kom in Gazankulu veral in die distrikte Giyani en Ritavi voor.
- Die Hlengwe woon oos van die Limpopo vanaf Inhambane tot by die Sabierivier. Die belangrikste groep stamme hier is die Chauke (Tsauke). In Gazankulu kom hulle in die Malamuleledistrik voor.
- Die N'wanati woon in die laer deel van die Limpopovallei waar hulle uit twee groepe bestaan, t.w. die Khambani en Ndindani. Die Maluleke het 'n paar eeue gelede van hierdie groep weggebreek en hulle naby die sameloop van die Limpopo- en Levuburivier in die noord-ooste van die Soutpansberg gevestig. In 'n latere werk plaas Junod [1927:17] die Maluleke onder die N'walungu, waarskynlik om geografiese redes. Gerieflikheidshalwe kan ons die Maluleke as 'n aparte groep beskou. Hulle kom in die Malamulele- en Giyanidistrik voor [Wiid en Bothma s.a.2-3].

Alhoewel daar skrywers is wat HA Junod se klassifikasie probeer weerlê het, vergelyk. o.a. Caetano Montez in Smith [1973:567] bly Junod se indeling tot vandag nog geldig. Selfs skrywers soos AA Jacques wie se lys van stamname byna 1 000 tel, asook Valez Grilo [Junod 1977:79-84], wat die onderwerp bestudeer het, aanvaar die indeling.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Smith, wat 'n deeglike ontleding gemaak het van die etnografiese literatuur van die suidelike Mosambiek, asook 'n historiese oorsig van die totstandkoming van die etniese groeperinge, weergee, kom tot die gevolgtrekking, dat

> *"Junod's conclusions were essentially correct" [1973:565 vgl. ook 567-568].*

Dit is ook die geval met HA Junod se seun HP Junod wat sy vader se indeling aanvaar [1979:79-89]. Ook Dora Earthy grond haar werk oor die Valenge op Junod se klassifikasie [1968:9]. Die indeling word dus ook in hierdie studie aanvaar.

### 2.1.3 Geskiedenis van die Tsonga voor 1900

#### 2.1.3.1 *Vestiging in Transvaal vanaf 1835*

Soos vroeër reeds genoem is, begin die geskiedenis van die Tsonga in die Transvaal min of meer in 1835 met die vlugtelinggroepe wat Mosambiek verlaat het as gevolg van Nguni-indringing vanaf 1820. Baie is alreeds geskryf oor die invalle van Soshangana in Mosambiek in 1822 asook onderwerpings- en opvolgingsoorloë tussen 1825-1895. Vergelyk in hierdie verband Hartman [1972:26-98] wat 'n deeglike studie gedoen het van Manukusa II (later Soshangana) se verowering asook die opvolgingsoorloë tussen Muzila en Mawewe [sien ook Wiid en Bothma s.a.2-4]. In hierdie tydperk was daar 'n gedurige instroming van vlugtelinge uit Mosambiek na Transvaal.

Wat vir ons van belang is, is die tydperk vanaf 1838 toe die eerste Tsonga hulle in die Laeveld gevestig het. Die eerste groepe was die Vankuna van Shiluvane - wie se vestiging die direkte gevolg van Soshangana se onderwerping was, asook die Valoyi en die Mavundza [Junod 1927, I:28; Wiid en Bothma s.a.2-3]. Die gebied wat deur hierdie stamme betrek is, was deel van die Lobedukoningin, Modjadji, se ryk en het onder haar gesag geval. Modjadji het die Lobedu, een van die Sothostamme, regeer. Haar gebied het

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

gestrek vanaf die noordelike hange van die Drakensberg, tot diep in die Laeveld, noord van Tzaneen (sien kaart 2.1).

Die oorloë in Mosambiek was egter nie al rede waarom die Tsonga hulle na die Transvaal begeef het nie. Op die eeu-oue handelsroetes tussen die Ooskus en die binneland, wat deur sekere dele van Noordoos-Transvaal geloop het, is die Tsonga as die tussengangers gebruik. Tsonga is bv. deur Das Neves in 1860 in die Phalaborwagebied aangetref, 'n gebied wat nie as vlugtelingvestigingsgebied beskou is nie.

Die reisiger Das Neves wat in die sestigerjare van die vorige eeu 'n reis op die ou handelsroetes vanaf Delagoabaai na die Soutpansberg onderneem het, het deur die huidige Phalaborwagebied beweeg, waar hy aangeklop het by "Palaùre se kraal". Hy gee 'n beskrywing van hul kleredrag wat ooreenstem met dié wat die Tsonga in daardie tyd gedra het - in Mosambiek en ook by Shiluvane. Ook praat hy van "cherundas" (mandjies, Tsonga **xirhundzu**) vol kos wat hy daar geruil het vir glaskrale. 'n Paar dae later klop Das Neves aan by hoofman Cheluana.

> *"Cheluana was one of the most powerful chiefs of the lands of Gassa or Bilene, where the Vatuas or Zulus are actually established. When Manicussa took possession of the lands, Cheluana, not wishing to be his subject, emigrated with all his people to the land of Beja (Bolobedu) where he petitioned for and obtained from Queen Modjadji grants of land for himself and his followers, rendering her, as a consequence his homage and becoming her tributary. He was a man of 85 years of age"*
>
> [Das Neves 1987:88-89].

Toe Das Neves in omtrent 1860 by Cheluana (Shiluvane) was, moes laasgenoemde al ongeveer 21 jaar in die gebied gewees het. Verder sê Das Neves:

> *"I concluded that the negroes were Blangellas of Gassa, the land of the King Manicussa. They might, however be Blangellas of the land of Cossa, which are the same race, and wear a similar dress ..."*

en verder

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

> *"... not from the fact that he spoke the Vatua (Zulu) language, because all the Blangellas of Manicussa speak it - indeed, they speak no other, notwithstanding that they speak a language of their own, called the Landin"*
>
> [Das Neves 1987:89].

Hierdie bron versterk 'n mens se vermoede dat daar al heelwat vroeër groter getalle Tsonga in die Laeveld teenwoordig was. Hierdie aanname sal hieronder verder ondersoek word.

2.1.3.2 *Moontlike vestiging in Transvaal voor 1820 : Tsongahandelaars en die ou handelsroetes tussen Delagoabaai en die Soutpansberg.*

Alhoewel daar min nagevors en geskryf is oor die dekades voor die eerste Tsonga-instromings en -vestigings in Transvaal in 1835, blyk dit uit 'n studie van die ou handelsroetes dat daar wel reeds voor 1820 Tsonga, of hul voorgeslagte in die gebied, wat vandag as die noorde van Gazankulu bekend staan, aanwesig was. Onder andere het De Vaal [1984, 1985]; Punt [1975] en in 'n minder mate Dicke [1937] navorsing gedoen oor die ou handelsroetes vanaf die Ooskus tot die Soutpansberg en selfs tot in die huidige Zimbabwe.

De Vaal meld in sy inleiding tot Das Neves se reisbeskrywing, dat laasgenoemde Lourenço Marques op 3 September 1860 verlaat het, dat

> *"... Das Neves 'n roete gevolg het wat eeue reeds deur die ou handelaars oopgetrap is: "He followed one of the centuries old trade footpaths, which lead inland from the coast"*
>
> [Das Neves 1879:vv]

'n Hele reeks ander geskrifte verwys ook na 'n eeuelange kontak tussen die Ooskus en die binneland op handelsroetes wat gedeeltelik deur die Laeveld geloop het. Liesegang [1967:12] ontneem uit die ou Portugese bronne dat daar 'n eeuelange handel langs die ooskus bedryf was, en dat die handel ook oorkant die grense van die huidige Mosambiek na die binneland gedryf is. [Sien ook Wilson & Thompson 1986:176].

Kontak met Sotho en Venda en gevolglike toename in kultuurbeïnvloeding het eers in die 19de eeu a.g.v. die oorloë sterk toegeneem, alhoewel hierdie

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

stamme altyd in kontak met mekaar was. Die tsetsevlieggordel het as buffer gedien vir meer kontak

> *"... but some tenuous contact had long been established, for the Tsonga bartered hoes from the Venda in return for cloth from the coast; copper from the Sotho smiths at Phalaborwa, ivory, rhino horn, gold and furs"*
>
> [Thompson & Wilson 1986:177; sien ook Junod 1927, II:138, 140, 141].

Historiese Portugese bronne praat al vanaf 1498 van hierdie handel en dat die Tsonga as middelmanne opgetree het. Melding word gemaak dat skepe alreeds vanaf 1552 jaarliks ivoor kom laai het [Thompson & Wilson 1986:78, 177].

Dicke wat na die Tsonga as Magwamba[2.1] verwys, beskryf hoe die handel langs hierdie "great communication route, the inland short cut, between Delagoa Bay and Southern Rhodesia" verloop het. Volgens hom het hierdie handel oor 'n tydperk van 'n paar eeue gestrek:

> *"Along this road, only a native footpath, of course, where men travelled in single file, the Magwamba traders with their porter columns came from Delagoa Bay to compete with the traders from the mouth of the Limpopo, from Inhambane, from Sofala. For centuries the native traders of the Thonga tribes, to which the Magwamba belong, had been using this route from Delagoa Bay through the Northern Transvaal lowveld before the inland regions through which they passed had become inhabited"*
>
> [1937:4].

Later, nadat die Zulu-oorloë en -onderwerpings plaasgevind het en die Magwamba 'n nuwe tuiste gevind het:

> *"The country of their new home was well known to the Magwamba immigrants. For more than a century their traders had come inland to barter with the Bavenda, and before that with other Bantu tribes which had temporarily occupied the Zoutpansberg mountains previous to Bavenda"*
>
> [Dicke 1937:16-17].

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

[Sien ook in hierdie verband De Vaal se volledige beskrywing oor die Delagoabaai-Mashonaland-handelsroete 1984:7].

Das Neves het al in sy reisbeskrywing verwys na die Tsonga se uitmuntende skietvernuf.

> *"The natives of Lourenco Marques and its adjacent parts are indisputably the finest marksmen and the best elephant hunters of the whole Eastern Africa"*
>
> [Das Neves 1979:7].

Dicke se beskrywing beaam die vernuf waarmee die Tsongahandelaars hul bedryf oor die eeue langs bogenoemde roetes vervolmaak het:

> *"Their intelligent leader, ... had secured for his people in their new country all necessary requirements; iron for weapons and tools and for the manufacture of bangles and agricultural hoes which, with tobacco, formed the chief trading articles peddled by the Magwamba amongst other natives; copper and ivory for bartering purposes with the coast; graphite for blackening posts and for trading; meat and skins for food, clothing and barter; grain for food. Chief Shinhambane Maluleke Hlekane had taken possession of most of the iron, copper and graphite mines in the lowveld; of the chief elephant hunting grounds; of narrow swampy gorges, natural game traps, where into game was driven to be killed when bagged, and he had settled subchiefs at the mouths of the valleys, known as granaries, to control their export and trade ..."*
>
> [Dicke 1937:17-18].

Wie die stamhoof was waarna Dicke verwys, kon nie met sekerheid bevind word nie. Volgens die naam moes hy van Tsonga-afkoms gewees het.

Uit Das Neves se reisbeskrywing in 1860 word dit ook duidelik dat die ou handelsroetes alreeds goed gevestig was, want sy geselskap het 'n deeglike kennis gehad van die binneland, die benodigdhede en ook van wat van die jagters en draers verwag word [1979:7].

De Vaal se studie oor die ou handelsroetes [1984:5-15, 1985:5-14] werp ook meer lig op ander aspekte van die handelsbedryf, soos o.a. die manier van handeldryf en die samestelling van so 'n geselskap. Van belang is dat so 'n

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

handelsgeselskap, **mpfhumba**, uit 'n hele paar honderd man bestaan het, en dat oral langs die roetes handelsposte tot stand gekom het. Das Neves se geselskap het uit 253 man bestaan

> *"... consisting of carriers, hunters, captains or guides for the carriers and a second and third lieutenant in command"*
>
> [De Vaal 1985:14].

Dicke gee 'n interessante beskrywing van die handelsdepots waar mense permanent gebly het en wat die goedere in ontvangs geneem, versamel en beskerm het, totdat genoeg ware bymekaar gebring is vir die terugreis kus toe [De Vaal 1985:14]. De Vaal haal Liesegang aan dat ene

> *"Mahumane bv. in 1727/28 op sy heen en terugreis tussen Soutpansberg en Delagoabaai op twee verskillende rusplekke in hutte oornag het wat spesiaal langs die handelsvoetpad vir reisigers se gerief opgerig is"*
>
> [De Vaal 1985:14].

So lees ons dan ook in Raddatz se artikel wat in 1886 verskyn het en waar hy die gebied rondom die Olifantsrivier, nadat dit die Laeveld bereik het, beskryf, dat hyself 'n handelskaravaan op sy togte daar ontmoet het:

> *"Ausserdem wird an der unbewachten Grenze ein schwunghafter Schmuggelhandel betrieben. Man begegnet förmlich Karawanen von Kaffern, welche mit Gewehren (6 pro Mann), Pulver, Blei, Zündhütchen, Rum, Kaffernpicken u.a. aus dem portugiesischen Gebiet kommen. An einem Tag traf ich nördlich von Seman biszu 80 konterbandführende Kaffern auf einem Haufen"*
>
> [Raddatz 1886:54].

Ook in Van de Capelle [1723] en Francois de Kuijper [1725] se reisbeskrywings word daar na die ou bestaande handelsweë verwys [De Vaal 1985:12]. Bogenoemdes is egter genoegsame bewys dat daar al voor 1825 lede van die Tsongavolk in die Transvaalse Laeveld aanwesig was en dat 'n beskrywing van die Tsonga se geskiedenis en materiële kultuur nie volledig is sonder 'n verwysing na hierdie belangrike aspek van teenwoordigheid in hierdie gebied nie. Of die getalle aanwesiges noemenswaardig was, is hier nie ter sprake nie. Belangrik is om in gedagte te hou dat Junod [1927, I en

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

II] se beskrywing hoofsaaklik handel oor die Ronga wat rondom Delagoabaai gewoon het en wat ook hoofsaaklik die handelaars was [1927, II:141-143].

#### 2.1.3.3 *Verwikkelinge na 1900 en Gazankulu vandag*

Dié groep Tsonga wat Van Warmelo [1935:90-95] in sy indeling die noordelike Tsonga noem, is feitlik almal vlugtelinge uit die noord- en noordwestelike gedeelte van die oorspronklike Tsongawoongebied in Mosambiek. Hulle

> *"neig vandag na 'n eenheid wat 'n Noord-Tsongastempel dra en is die bevolking van hierdie gebied goed op pad om 'n kultuur en dialek van hul eie te ontwikkel. Vandag is hulle veral gekonsentreerd in die noordelike gebied van Gazankulu wat strek vanaf die Letaba in die suide tot teen die Vendagebied in die noorde. Hierdie gebied grens direk aan die Hans Merensky-Natuurreservaat, en is die gebied waarin die navorsing vir die oprig van die Tsongakraal-Opelugmuseum onderneem is"*
> [Küsel s.a.].

Die Tsonga het as klein groepies na die Laeveld verhuis wat tot gevolg gehad het dat daar vandag net 'n paar groot stamhoofskappe in Gazankulu is, terwyl die res hulle naby hoofmanne geskaar het. Aanvanklik het groepe Tsonga ook die beskerming deur Sothostamme aanvaar, maar het hulleself later losgemaak van die Sotho, en van die blankes eie grondgebied ontvang waar hulle later as sterk stamme gekonsolideer is [Krige 1937:355]. Verskillende stamme het aanvanklik

> *"as outonome eenhede onder stamhoofde of hoofmanne gefunksioneer en was in geen sin van die woord 'n staatkundige of politieke eenheid nie"*
> [Hartman en Kriel 1991:15].

Vir baie jare het die Tsonga die gebied oos van Modjadji se Lobedustam en suid van die Venda en ten noorde van die Groot-Letaba bewoon en bewerk. 'n Woonkompleks het gewoonlik uit die groter gesinne-eenheid bestaan en oral oor Noordsentraal-Gazankulu het daar sulke wooneenhede of Tsongakrale bestaan. Mettertyd egter en as gevolg van streekbeplanning moes die verskillende wooneenhede verskuif word, sodat daar dorpies in

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Gazankulu tot stand gekom het. Dit is gedoen ter wille van 'n beter beheer. Hier is woonpersele aan elke gesinne-eenheid toegeken en alhoewel die tradisionele kraal, **muti**, deur hierdie verskuiwings in 'n mate opgebreek is, het daar tog weer 'n mate van tradisionele woonuitleg tot stand gekom in soverre dit moontlik was t.o.v. die erfgrootte tot hulle beskikking. Die tradisionele Tsongahutte, graanhutjie, kookhutte, en kookskerms kom nog baie algemeen voor en alhoewel baie Tsonga mettertyd ander boustyle aangeneem het, en dié wat dit kan bekostig deesdae al hoe meer groot of klein Westerse huise bou, is die tradisionele ronde hut met grasdak nog steeds baie gewild in die meer landelike gebied. Dikwels word die styl behou maar die materiaal vervang met meer standhoudende materiaal soos sement en 'n soort dekgras wat lank hou en van elders verkry word. Daar is vinnig besef dat die vierkantige, plat sinkdakhuis wat in die jare 1980 oral verrys het, die inwoners baie aan die elemente blootstel.

Polities en staatkundig kry Gazankulu as geografies aanduibare eenheidsverband, sy ontstaan in 1913 met die Swart Grond Wet (No 27/1913) en die Ontwikkelingstrust en Grondwet (No 18/1936). Volgens hierdie wette word bestaande grond wat deur swartes bewoon word vir hulle gereserveer. Wet 27/1913 sonder spesifieke gebiede vir uitsluitlike bewoning deur swartes uit. Wet 18/1936 maak voorsiening vir die instelling van 'n Suid Afrikaanse Bantoetrust (huidig Ontwikkelingstrust). Hierdie wet "het voorsiening gemaak vir die uitbreiding van hierdie grondgebied sowel as latere toevoegings en uitsnydings met die oog op die konsolidasie van bepaald vaderlandsgebiede vir elkeen van die swart volke" [Hartman en Kriel 1991:17].

In 1951 (Swart Owerhede Wet No. 68/1951) word swart owerhede gevestig waarvolgens sekere stamhoofde tesame met hul stamrade in stamowerhede omskep word. Hierdie wet maak ook voorsiening vir streeksowerhede. In 1962 kom die gebiedsowerheid, die Machanganagebiedsowerheid vir die Shangana-Tsonga tot stand. Ingevolge die Grondwet vir die Bantoetuislande (No. 21/1971) vervang die Wetgewende Vergadering die gebiedsowerheid. Op 1 Februarie 1973 word Gazankulu volgens Proklamasie R15 van 26 Januarie 1973 'n selfregerende gebied. Die uitvoerende gesag is toe gevestig in 'n kabinet wat uit vyf ministers en een hoofminister bestaan. Die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Wetgewende Vergadering bestaan uit 86 lede waarvan 43 aangewese en 43 verkose lede is [Malan en Hattingh 1975:136, 220-221; Hartman en Kriel 1991:17,39-41; Informa 1990:4-6].

Professor H.W.E. Ntsanwisi word met die opening van die sewende sessie van die Machanganagebiedsowerheid op 23 Julie 1968 met oorweldigende meerderheid tot voorsitter gekies. Met die verkryging van selfregerende status in 1973 word hy verkies tot Hoofminister en so ook na die daaropvolgende drie algemene verkiesings in Gazankulu [Informa 1990:4-6]. Prof. Ntsanwisi is in 1993 oorlede en word opgevolg deur die stamhoof Nxumalo van die Malamulele gebied. Hy is lid van die direkte afkoms-linie van Soshangana en die Mashangana gedeelte van die Tsonga-Shangana.

Giyani is die hoofstad van Gazankulu en die regeringskantore en administrasie is hier gesetel.

## 2.2 HABITAT : GAZANKULU

### 2.2.1 Ligging (kaart 1.1)

Die Tsongakraal-Opelugmuseum is geleë in die Hans Merensky-Natuurreservaat, vroeër die plaas Eiland, op die suidelike oewer van die Groot-Letabarivier in die distrik Letaba, Noord-oostelike Transvaalse Laeveld. Dit is sodoende nie deel van Gazankulu, die tuiste van die Tsonga nie, maar die Natuurreservaat en Gazankulu grens aanmekaar en word net deur die Letabarivier geskei.

Gazankulu bestaan uit vier verskillende geografiese eenhede, met sodoende ook 'n verskil in topografie, plantegroei en reënval, wat 'n invloed kan hê op tegniese skeppinge, alhoewel gering (sien kaart 1.1).

Hierdie studie het slegs betrekking op daardie deel van Gazankulu wat ten noorde van die Letabarivier geleë is. In hoofstuk 4 word die minerale warmwaterbronne bespreek, waar argeo-etnologiese inligting versamel is (4.2.1-4). Dié vier soutwerkterreine uit die ystertydperk is op Fig. 4.1 aangedui.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die vier gebiede is die Giyani- en Malamuleledistrik, die Ritavidistrik (Ritavi 1 en 2) ongeveer 15 km oos van Tzaneen, die Lulekanidistrik ongeveer 10 km wes van Phalaborwa en vind aansluiting by die Giyanidistrik, en die Mhaladistrik verder suid, oos van Bosbokrand.

Vir die doel van hierdie studie is net die Giyanidistrik van belang.

### 2.2.2 Topografie en geologie van die studiegebied

Die grootste gedeelte van die studiegebied, nl. die Giyanidistrik in die sentrale noordgebied van Gazankulu, is laagliggende bosveld met golwende gneis-granietlandskap wat soms onderbreek word deur dolomietryke en verspreide koppies. Hierdie koppies staan nooit meer as 'n paar honderd meter bo die omliggende laaglande uit nie. Die Black Hills in die Hans Merensky-Natuurreservaat, die Murchinsonbergreeks en die Phalaborwa-Stollingskompleks vorm die belangrikste geologiese kenmerke. Die laerliggende dele lê ongeveer 550 m bo seevlak.

Die topografie van die gebied word van wes na oos deur twee standhoudende riviere, die Klein- en Groot-Letaba, deurbreek. Verder kom daar baie droë rivierbeddings en spruitjies in die hele gebied voor.

Vier minerale warmwaterbronne met soutneerslae kom ook in die uitgebreide studiegebied (Fig. 4.1) voor, waarvan twee in die eintlike Tsongagebied val. Hierdie bronne lê in vleie wat uit turfagtige grond met riete bestaan. Elkeen van hierdie terreine is argeologies ondersoek, en dui op baie vroeë bewerking deur mense op soek na sout.

Die gebied is ryk aan minerale waarvan koper en yster die belangrikste is. Vir eeue reeds het mense na hierdie bronne gesoek, en die yster- en koperminerale is vanaf ongeveer 300 A.D. deur onbekende inwoners ontgin. Tot vandag toe is die mynbedryf een van die hoof bedrywe in die Oos-Transvaalse Laeveld [Evers 1981:68-74].

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

### 2.2.3 Klimaat en plantegroei

Die gebied het 'n subtropiese klimaat en is bekend vir sy warm, soms nat, somers en gematigde droë winters. Die temperature wissel tussen 30°C maksimum en 20°C minimum (somer) tot 8°C minimum en 20°C maksimum (winter). 'n Somer dagtemperatuur van 35°C is glad nie ongewoon nie.

'n Gemiddelde van 500 mm reënval kom per jaar voor. Dit is egter baie wisselend. Natter fases met 'n hoër reënval word opgevolg deur droë jare met 'n baie lae reënval.

Die variasies in topografie, geologie, temperatuur en reënval veroorsaak ook 'n groot verskeidenheid in plantegroei. In Gazankulu word hoofsaaklik Laeveldse suurbosveld, droë Laeveld en Mopaneveld aangetref [Liengme 1981:502] met Rooibos, *Combretum apiculatum,* en Mopane, *Colophospermum mopane,* as vernaamste gewasse. Laasgenoemde twee streke val in die studiegebied.

'n Hele lys met plantmateriaal word as Bylaag A aangeheg. Hierdie planttipes is tradisioneel deur die Tsonga aangewend en word vandag nog deur die inwoners van die Tsongakraal gebruik vir medisinale gebruike, kookdoeleindes en vir tegniese skeppinge. Die planttipes kom vandag nog in die Hans Merensky-Natuurreservaat voor.

Daar moet in gedagte gehou word dat die klimaat en plantegroei as gevolg van droogtes en ander faktore soos oorbeweiding en ekologiese versteurings sal verander. Die feit dat die Hans Merensky-Natuurreservaat 'n bekende natuurbewaringsgebied is, strek tot voordeel vắn die Tsongakraal as museum, waar die plantaardige materiale vir die vervaardiging van materiële kultuurvoorwerpe steeds beskikbaar sal wees. Vir die omliggende digbewoonde gebiede en meer spesifiek vir Gazankulu, hou die bevolkingsdigtheid en oorbeweiding reeds gevare in wat die kontinuïteit van 'n tradisionele Tsongakultuur mag beïnvloed. Dit is een van die redes hoekom etnologiese museums belangrik is as bewaringsinstelling van kulture.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die gebied was oor die algemeen ryk aan flora sowel as fauna, maar die huidige dierelewe kan nie vergelyk word met die rykdom van vroeër nie. Baie van die dieresoorte soos koedoe, rooibokke, leeus, luiperds, olifante, renosters en andere kom nie meer in Gazankulu voor nie, omdat hulle as gevolg van oorbevolking uitgeroei is. Baie dieresoorte, soos die koedoe, rooibok, waterbok, swartwitpens, kameelperd, kleiner boksoorte en andere, asook baie voëlsoorte kom nog geredelik in die Natuurreservaat voor.

### 2.2.4 Samevatting

Geskiedkundige, etnologiese, geologiese en argeologiese studies (hoofstuk 2 en 4), soos uit verdere bespreking gesien sal word, bewys, dat alhoewel die Oos-Transvaalse Laeveld vroeër vir mense en sekere diersoorte onherbergsaam was vanweë die voorkoms van tsetsevlieg, malaria, hitte, ens. dit veral die aanwesigheid van minerale was wat mense al vir eeue na hierdie gebied lok.

Etno-argeologiese gegewens dui daarop dat mense reeds vanaf ongeveer 300 n.C. na die Noordoos-Transvaalse Laeveld gekom het om die minerale te ontgin. Gepaard hiermee het vanaf ongeveer 400 n.C. en veral na 1500 'n meer gevestigde leefwyse gekom (metaaltydperk) en die jagters en versamelaars (steentydperk) mettertyd verdring [Evers in Voigt 1981:68-79].

Die soeke na metale het handelaars die gebied laat binnedring, en bedrywige handelsroetes het tussen die Ooskus en Zimbabwe deur die Laeveld ontstaan, wat daartoe gelei het dat ivoor, velle, koper en goud uit die binneland geruil is vir ware soos o.a. krale en geweefde materiaal.

Sout, wat vanaf die vroegste tye 'n belangrike handelsartikel was, is ontdek en ontgin, nie net vir menslike gebruik deur veral die metaalwerkers nie, maar ook as handelsware.

Toe Louis Trichardt in 1836-1838 deur die gebied getrek het, het swartes vir hom ou beeskrale getoon wat daarop dui dat daar vroeër wel beeste aangehou was. Volgens Punt was daar 'n tydperk in die Laeveld, toe die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

tsetsevlieg nie aanwesig was nie en beeste sodoende aangehou kon word [Punt 1958:2].

Argeologiese beenreste by ystersmelterye het getoon dat vroeë bewoners (900-1900 n.C) die plante in die omgewing in hul dieet benut het [Pistorius 1985/6:pers. med,]. Pre- en vroeghistoriese bronne dui daarop dat dit Bantoesprekendes was wat die gebied deurkruis en later 'n gevestigde lewenspatroon aangeneem het. Blankes het eers teen die middel van die 19de eeu hul verskyning gemaak.

Die Tsonga het waarskynlik voor 1500 reeds as handelaars hierdie gebied binnegekom. Baie jare later, naamlik, in die vyftigerjare van die vorige eeu het hulle hulself eers in die Laeveld begin vestig. Dit is bekend dat hulle die laerliggende gebiede bewoon het waar die tsetsevlieg nog aanwesig was, aangesien die Drakensbergplatorand reeds bewoon was deur die Sotho [Junod 1905:231, 236; Krige 1938:265].

Die hoofstroom Tsonga het egter as vlugtelinge voor Sochangana se mense die Laeveld na 1835 ingekom en moes hier vir 'n nuwe bestaan sorg. Hulle het die kennis van hul oorspronklike kultuur uit Mosambiek saamgebring en het heelwat van die roumateriaal hier aangetref of plaasvervangers gebruik. Sodoende sal daar in hierdie studie gepoog word om aan te toon dat daar nog heelwat ooreenkomste tussen die Tsonga van Mosambiek en die van Noordoos-Transvaal aangetref word, maar dat daar in Transvaal ook nuwe kultuurelemente voorkom.

In Mosambiek was die Tsonga akkerbouers, 'n bedryf wat hulle hier in Gazankulu nog steeds beoefen. Die nuwe omgewing het ook ruimskoots voorsien in hulle jag en versamelbehoefte. Ook is hulle die enigste van die swart volke in Suid-Afrika wat vis geëet het [Wilson en Thompson 1986:177].

Met al die voedsel, produkte wat die jag opgelewer het, grondstowwe en ystererts aanwesig in die Gazankuluwoongebied, kon die Tsonga 'n menswaardige bestaan voer. Die kulturele lewenswyse van die Tsonga verskil oor die algemeen nie baie onder die verskillende groeperinge nie

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

[Hartman 1978:506; Boonzaaier 1980:329]. Heelwat wedersydse beïnvloeding met die Noord-Sotho en die Venda kom egter voor [Davison 1980; Van der Lith 1960].

Met die koms van die blankes, wat nuwe tegnologie meegebring het, verander hierdie tradisionele sosiale, kulturele, religieuse en ekonomiese lewe van die Tsonga teen 'n baie vinnige tempo.

Die Hans Merensky-Natuurreservaat het derhalwe 'n kunsmatige hawe geword vir die bewaring van 'n lewenswyse wat in die res van Gazankulu vinnig besig is om te verdwyn. Sodoende is die beskermende natuurreservaat die ideale terrein vir die aanlê van 'n opelugmuseum.

## 2.3 DIE TSONGAKRAAL-OPELUGMUSEUM: OMVANG EN BESTAANSREG

Historiese, argeologiese, geologiese en etnologiese navorsingsresultate het op die belangrikheid van die bewaring van die natuur en die mens wat die natuurlike hulpbronne ontgin, gedui en gevolglik het nie net die Hans Merensky-Natuurreservaat tot stand gekom nie, maar ook die Tsongakraal-Opelugmuseum. Die redes hoekom daar op 'n opelugmuseum vir die Tsongavolk besluit is, sal kortliks bespreek word. 'n Deeglike beskrywing oor die ontstaan van die Tsongakraal asook die uitleg teen die breë agtergrond van die Tsongalewenswyse, kan nagegaan word in Basson [1980]. Sekere aspekte sal uitgelig word om die historiese aanloop tot die ontstaan van die Tsongakraal te belig.

### 2.3.1 Die funksie van die Opelugmuseum en toepassing daarvan

'n Museum word deur Unesco gedefinieer as

> *"... a non-profit making, permanent institution in the service of society and of its development, and open to the public, which acquires, conserves, researches, communicates and exhibits for purpose of study, education and enjoyment, material evidence of man and his environment" [Oberholzer 1982:8; sien ook Frese 1960:2].*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Opelugmuseums het dié voordeel bo gewone museums dat die voorwerpe in hulle volle konteks binne die kultuur waarin hulle voorkom, gesien, beleef en bestudeer kan word. Naas die belangrike funksies van enige museum om te versamel, te bewaar en na te vors, is opvoeding deur middel van uitstallings die belangrikste taak, en kom die oordrag van 'n geheelbeeld in 'n opelugmuseum die beste tot sy reg. Die doelstelling van volkekundige opvoeding is dan om uit te wys dat die kultuur van elke volk as 'n eenheid funksioneer.

Om die Tsongakultuur tot sy volste reg te laat kom, is daar besluit op 'n opelugmuseum, omdat dit die beste manier is om kultuurvoorwerpe binne die kultuur waarin dit voorkom, uit te stal en te bestudeer. Die tegnologie, materiële kultuur (tegniese skeppinge) en menslike aktiwiteite vorm 'n integrale geheel waardeur 'n sinvolle studie van kultuur gedoen kan word [Beals en Hoijer 1965:298]. Daarom is die opelugmuseum die geskikste om voorwerpe so naby as moontlik binne die werklikheid waarin dit funksioneer, uit te stal.

#### 2.3.1.1 *Hoe en hoekom skep mense*

Om te kan oorlewe moet enige lewende wese hom aanpas by veranderende omstandighede. Die mens het verstand gekry waarmee hy in staat is om te skep. Hy het dus geleer om dit wat die omgewing (die natuur) hom bied, te gebruik en daarmee te kan oorlewe. Hoe ingewikkelder sy ontwikkelingspeil, hoe aangenamer kan hy sy lewe vir homself gestalt. Hy is *Homo faber,* die werktuigskeppende mens [Coertze 1965:50]. Alles wat hy skep, word as tegniese skeppinge omskryf, alhoewel die idee agter elke skepping onsigbaar is. Elke kultuurpatroon bevat dan ook verdere onsigbare dele soos liedjies, stories, speletjies, spreekwoorde ens. wat vroeër mondelings van geslag tot geslag oorgedra is. Deesdae kan hierdie aspekte opgeteken word en vorm dan 'n belangrike deel van 'n volk se kultuur.

Kennis van sy omgewing gee vir die mens die sleutel tot oorlewing. Hy beskik oor 'n skeppingsvermoë deur sy hande plus sy verstand te gebruik, d.w.s. deur handearbeid. Verder beskik die mens oor 'n waarnemingsvermoë, leervermoë, redeneervermoë, voorstellingsvermoë, spraakvermoë, en

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

handvaardigheid [Coertze 1965:50-52]. Hierdie vermoëns onderskei hom van die dier. Variasies van tegniese skeppinge binne kultuurverband word hoofsaaklik bepaal deur die fisiese omgewing, die tegniese vaardighede waaroor mense beskik en die bedryfslewe wat hulle handhaaf.

Die omgewing - die natuurlike omgewing sowel as die mense om hom - speel ook 'n deurslaggewende rol in menslike skeppinge, want in 'n ryk natuurlewe en dinamies inspirerende beïnvloeding kan die mens vir hom 'n spesifieke lewenswyse skep. Hierdie "resultaat van die mens se aktiewe aanpassing by sy komplekse omgewing ooreenkomstig sy wesensaard en binne groepsverband word kultuur genoem" [Coertze 1986:2]. Kulture ontstaan sodoende binne groepsverband by wyse van 'n individuele skeppingsproses wat deur andere aanvaar word. Dit is die taak van die volkekundige om 'n geheelsiening van hierdie aanvaarde skeppingsresultaat as 'n samehangende lewenspatroon te handhaaf.

Dit word in die Volkekunde algemeen aanvaar dat die totale lewenswyse in verskillende samehangende kultuurfasette verdeel kan word. Coertze [1980:63] onderskei sestien van hierdie fasette. Die belangrikste hiervan sou naas die tegniese skeppinge die volgende kon wees: sosiale organisasie, politieke organisasie, juridiese orde, ekonomiese stelsels en religie.

In die daaglikse optrede binne hierdie verskillende lewensfasette word 'n verskeidenheid tegniese skeppinge gebruik. Dit word dus moontlik om, deur die tegniese apparaat in die ekonomie saam uit te stal, 'n hele deel van die ekonomiese bedryfsvorm in 'n museum te verbeeld. Op dieselfde wyse kan die sinvolle samevoeging van tegniese skeppinge binne die huishouding grepe uit die daaglikse lewe van 'n gesin aanskoulik voorstel. 'n Mens sou kon sê dat die tegniese skeppinge die poort vorm waardeur die res van die lewenswyse binne 'n museum gestalte moet kry.

2.3.1.2 *Tegniese skeppinge binne museumverband*

By die bestudering van die tegniese skeppinge as integrale deel van die lewenspatroon van die Tsonga kan met HA Junod saamgestem word

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

> *"... that very often the first contact with a foreign mind is through the articles produced by his hands, his manufactured products. Before one learns a foreigner's language, before one knows anything about his heart, one can learn a great deal about his mind through his technique in his craft" [1938:102].*

Elke voorwerp vertel 'n storie. Dit vertel ons iets van die skepper van die voorwerp, asook van die groep waarbinne dit aangetref word. Ons het reeds gesien hoekom mense skep: om vir hulleself die lewe volgens vermoë so aangenaam as moontlik te maak, en ook om te kan oorlewe. Die voorwerpe vertel ons ook iets van die eienaar, wanneer en hoe dit gebruik word, sowel as die vorm en versiering. Dit is derhalwe die navorser se taak om alles rondom die voorwerpe uit te vind. Hy moet dus 'n grondige kennis hê van die verskillende lewensfasette. 'n Visfuik byvoorbeeld kan nog verbind word met visvang, maar dit vertel ons niks van die ekonomiese lewe van die Tsonga nie en dat die Tsonga die enigste volk in Suidelike Afrika is wat vis eet nie. Ook sê dit nie hoe dit benut word en deur wie nie. Sonder al daardie inligting en as losstaande voorwerp is dit 'n abstraksie en sal eers betekenis kry as die waarnemer presies weet hoe dit funksioneer, wie dit gebruik, en dat dit gebruik word vir visvang, m.a.w. hoe die visfuik binne kultuurverband funksioneer.

Dit bring ons dan ook by die vraag hoekom museums voorwerpe versamel en bewaar. Omdat elke volk se lewenswyse dinamies is en gedurig verander en ontwikkel, word die ou voorwerpe mettertyd nie meer gebruik nie en vergaan, sodat op die ou einde niks meer daarvan oorbly nie.

Dit is belangrik vir die studie van die mens om te weet waarvandaan hy kom en waarheen hy gaan; hoe ontwikkeling plaasgevind het. Al die visuele en nie-visuele inligting in museums is ook belangrik vir die historikus asook die argeoloog. Dit is in die wese van die mens om meer te wil weet van die verlede en om te verstaan wat gebeur het en hoe alles gebeur en funksioneer. As museums nie daar was om die voorwerpe en daarmee gepaardgaande inligting te bewaar nie sou die mensdom baie armer gewees het en geen mate van ontwikkeling sou dan gemeet kon word nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Daar is mense wat nie saamstem met die noodsaak om kultuurgeskiedenis en alle ander inligting en voorwerpe en strukture te bewaar nie, omdat hulle voel dat dit tyd en geldvermorsing is. As die advies van diegene gevolg was, sou die Tsonga vandag niks meer van hul voorsate geweet het nie, en sou daar nie 'n Tsongakraal-Opelugmuseum bestaan het nie. In hierdie polities gelaaide dae vol onsekerhede, staan 'n mens verstom oor die onstaan van 'n nuwe soort nasionalisme onder Tsongamense. Dit gaan saam met 'n soeke na 'n eie identiteit. Jong mense wat die museum besoek, is altyd verbaas om te sien hoe slim die ou mense was. Hulle ontwikkel nuwe respek vir hulle ouers en voorvaders en sien hulle met nuwe oë.

Die opelugmuseum is sodoende 'n baie nuttige opleidings- en opvoedkundige sentrum, waar selfs die etno-ekologie aan die besoeker uitgebeeld kan word. 'n Museum is die ontmoetingspunt tussen die besoeker en 'n spesifieke kultuur.

### 2.3.2 Ontstaansgeskiedenis: Eilandsoutwerke

#### 2.3.2.1 *Historiese oorsig: ligging en ontdekking van Eiland-soutwerkterrein*

Eiland is geleë teen die suidelike oewer van die Groot-Letabarivier in die Hans Merensky-Natuurreservaat ongeveer 75 km noord-oos vanaf Tzaneen.

In die Hans Merensky-Natuurreservaat is oorblyfsels van prehistoriese soutwerke en ystersmelterye gevind. Mnr Mike Evers van die Departement Argeologie van die Universiteit van die Witwatersrand het op die belangrikheid van die terreine gewys en in 1973 met argeologiese opgrawings by Eiland begin [Küsel 1987:82]. Die opgrawings met die oog op 'n museum, het 'n bonus vir die studie van Vroeë Ystertydperkterreine opgelewer, nie net omdat dit 'n baie ou terrein is nie, maar ook omdat dit baie lig werp op die Ystertydperk as geheel.

Oorspronklik het die landmeter besluit om die afgemete stukkie grond, waardeur die Mamatsapispruit gevloei het en waarlangs die ou soutwerke voorkom, "**mamazapi**" te noem, maar op een of ander manier het die naburige plaas "**Mamazapi**", 'n afleiding van "**mamzabo**", die naam gekry.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Daar is derhalwe besluit op die naam Eiland, omdat daar 'n groterige eiland in die Letabarivier voorkom [Bates 1955:2]. Volgens Bates en ook Wilson beteken **Mamzapo** sout. Geen bevestiging kon op navraag op hierdie vertaling gekry word nie. (Sien ook Bylaag B oor meer interessante historiese gegewens oor Eiland uit die tyd in die vroeë twintigerjare toe die eerste blankes hul verskyning gemaak het).

Bates meld o.a. dat Eiland President F.W. Reitz se gewildste jagterrein was. Ten spyte van 'n deeglike ondersoek, kon egter geen inligting hieroor verkry word nie. Mnr Hugh Wilson, gebore in 1892 en wat vandag [1992] nog op honderdjarige ouderdom suid van Eiland woon, beaam dat President Reitz wel in die gebied gejag het [1983 pers. med.].

Die neefs Georg en Frank Devenish, eergenoemde 'n swaer van mnr Wilson, was as tweede eienaars van Eiland die eerste blankes wat op die warmwaterbron tussen die rietmoerasse afgekom het. Nadat hulle baie van die eeue-oue kompos en grond verwyder het, het hulle op die helderskoon bronoog afgekom en die area daar rondom skoongemaak [Bates 1955:1].

Hugh Wilson se suster, ene mev. Devenish, wat vandag nog naby Tzaneen woon, bevestig Bates se beskrywing van hoe die twee neefs die bron van nader ondersoek het. Sy het gewoonlik saamgegaan as hulle met hulle beeste oos van die bron verby getrek het. Die hele atmosfeer rondom die moerasse was vir haar baie skrikwekkend, en is versterk deur die talle legendes wat hul oorsprong daar gehad het, asook weens die rook of mistigheid wat uit die moerasse opgestyg het. Boonop het sy gevoel dat daar agter elke bos 'n leeu gereed lê om die beeste te bestorm [mev. Devenish pers. med. 1983, 1989]. Die wêreld het gewemel van wilde diere aangelok deur die sout - voorwaar 'n voortreflike jagveld vir menige jong avonturier asook vir alle soorte roofdiere, want

> *"Eiland was always a noted lion farm" [Bates 1955:2].*

Bates en 'n sekere dr. J.A. Pienaar het die plaas in 1943 aangekoop, die uitroei van wild verbied en met bewaring begin. Hulle het ook die publiek verbied om by die warmwaterbron te swem.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Charles Bates was die eerste persoon - nadat hy die gebied goed ondersoek het en met sy eie argeologiese versameling begin het - wat melding maak van die rykdom van potskerwe en seepsteenbakke by Mamatsapi [1947:365-370].

Lesley Kent het in 1942 die minerale bron ondersoek, 'n chemiese waterontleding gedoen en 'n geologiese kaart van die gebied rondom die bron saamgestel [Kent 1942:35-47]. 'n Verdere analise deur Kent word in 1986 [141-154] gepubliseer.

Al wat vir hierdie studie van noemenswaardige belang is, is die bevindinge deur Kent dat die tempertuur naby die oog ± 40°C is, en dat tafelsout die belangrikste element van die water uitmaak met

> *"1,2 x $10^{-2}$ molar of common salt and smaller quantities of other salts" [Evers 1981:75].*

Met al bg. belangrike eienskappe van die plaas Eiland as agtergrond, is dit te verstane dat die Provinsiale Administrasie nie gehuiwer het om die grond wat Bates en Pienaar hulle in 1950 aangebied het, aan te koop nie. Met volgende in gedagte is Eiland vir £25,000 aangekoop:

> *"(1) Dit kon in 'n bosveldse vakansie-oord ontwikkel word, wat in die winter baie gewild sou wees;*
> *(2) Die warmbron op die plaas kon in 'n moderne spa omgeskep word wat ook in die winter populêr sou wees;*
> *(3) Dit kon as 'n bosveldse wildsplaas gebruik word, waar alle Laeveldse wildsoorte geteel kon word"*
>
> [Kettlitz & Verschuur 1959:28-30].

Vandag is Eiland 'n moderne toegeruste vakansie-oord, bestuur deur die Overvaal-Oordegroep, met die minerale bron as sentrum van alle bedrywighede. Groot gedeeltes van die ou prehistoriese soutwerkterreine is deur moderne ontwikkeling vernietig, alhoewel talle sandhope, die oorblyfsels van soutontginning deur middel van die verhittingsproses, nog langs die Mamatsapispruit tussen die huidige oord en die Letabarivier, voorkom. Ook verder suid in die Natuurreservaat, nie ver van die huidige Museum nie en al langs die Mamatsapispruit word daar sandhope met

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

potskerwe en as aangetref wat daarop dui dat daar ook hier in 'n mindere mate sout ontgin is.

Op grond van die ontdekking van twee argeologiese terreine, (soutwerkterrein, ystersmeltterrein), asook argeologiese en etnologiese kennis wat opgedoen is, is die Tsongakraal-Opelugmuseum op 'n geskikte terrein op die reservaat opgerig. In hierdie museum sou die geskiedenis van die Tsonga, hulle tegniese skeppinge sowel as 'n rekonstruksie van die soutontginningsproses uitgebeeld word [Basson 1980:3-41].

#### 2.3.2.2 *Prehistoriese bevindinge*

(1) Die soutbron - geologies

Die minerale fontein het oorspronklik uit vyf bronne bestaan, waarvan vier opgedroog het en slegs een oog al die water vir die moderne swembaddens lewer. Die bron is geleë in 'n groot vlei wat net 'n bietjie laer is as die omliggende bosveld. Alhoewel die vlei en baie van die southope deur grondverskuiwingsmasjienerie vernietig is, droog die waterloop nog jaarliks op en vorm soutkristalle aan die oppervlakte.

Die soutkookster van die Tsongakraal gaan jaarliks hierheen om haar voorraad soutaarde vir die jaar se demonstrasies te gaan haal. Sout is nog vroeg in die 20ste eeu ontgin en die soutkooksters het self jaarliks hulle sout hier kom vergaar. Met die koms van die blankes in die vroeë jare van die 20ste eeu het die bedryf opgehou.

(2) Argeologiese navorsingsresultate

Evers het in 1975 en 1981 opgrawings op bg. terrein gedoen. Sy bevinding het getoon dat die hope en hope grond al langs die vlei en die spruit afval is van 'n eens florerende soutvervaardigingsbedryf, wat vir eeue plaasgevind het [Evers 1975:74].

Die opgrawings deur Evers by Eiland was aanvanklik nie deel van 'n groter projek oor Ystertydperkterreine nie [Voigt 1980:81], maar is gedoen in

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

opdrag van dr. Udo Küsel van die Provinsiale Museumdiens met die oog op die oprig van 'n museum. Die vondste wat gemaak is, was uiters belangrik en vorm vandag deel van die konteks van die Vroeë Ystertydperkmens in die Laeveld, want saam met die Silver Leavesterrein by Tzaneen is hierdie van die oudste bewoonde Ystertydperkterreine in Suid-Afrika. Dit gaan terug na 250-300 n.C.

Die hope het hoofsaaklik bestaan uit soutvervaardigingsafval, nl. 'n sand- en kleimengsel met baie as. Die hoof artefakte in die hope is potskerwe, seepsteenbakke en -stukke, gebeentes van diere, en stukke skulp van die *Unio caffer* en *Achatina*-spesie [Evers 1975:74; 1981:77].

C14-daterings en stratigrafiese ontledings van potwerk lewer volgende interessante gegewens op en verskillende kulture kan duidelik onderskei word:

Die boonste laag word geklassifiseer as die Letabapotwerktradisie van die Laat-Ystertydperk wat ook by Harmonie en Phalaborwa voorkom. Evers dui op 'n tydsdiepte van die moderne mens, want hedendaagse potte verskil weinig met dié uit opgrawings waarvan die potskerwe teruggaan tot ongeveer 1500.

Daar bestaan tot nou toe nog 'n onverklaarbare afwesigheid van enige potwerkkultuur in die periode 1200-1500.

Die volgende fase verteenwoordig 'n tydperk uit die Middel-Ystertydperk, nl. die Eilandpotwerktradisie, 350 n.C - 1000/1200 n.C.

In die onderste laag is potwerk uit die Vroeë Ystertydperk gevind, die Matolatradisie met daterings uit die jare 250 n.C. tot 350 n.C. (vgl. Fig. 4.2)

Evers wys daarop dat elke laag baie potskerwe opgelewer het, maar dat daar heelwat minder voorgekom het tydens die Letabatradisie, toe daar die eerste keer stukke van seepsteenbakke aanwesig was [Evers 1975:74-75; 1981:68-79]. Eilandpotskerwe uit die tydperk ongeveer 400 n.C. - 1000/1200

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

n.C. stem ooreen met materiaal gevind deur Klapwijk in 1973 te Silver Leaves, Tzaneen.

Evers se gevolgtrekking moet gesien word teen die agtergrond van die ou handelsroetes wat deur die gebied loop, met Tsonga as handelstussengangers. Potskerwe uit die Eilandtradisie word

> *"... associated with a date of AD 1100 ± 50. Some vessels resemble those surface-collected nineteenth-century assemblages in Gaza and Vila Pery districts of Mozambique, [Liesegang 1974] which are of Shangaan (Tsonga) origin; The Eiland assemblage may be ancestral to them.*
>
> *The find indicate that the Eiland Mineral Springs and watercourse were the site of considerable saltmaking activity during the major part of the Iron Age. The latest saltmaking occurred in the earliest twentieth century [Bates 1947]. More important though is the recognition of a possibly intermediate stage between the Early and Late Stone Age cultures known from the area. The middle assemblage might indicate a westward extension of possibly ancestral Tsonga populations about A.D. 1000"*
>
> [Evers 1975:74].

Bogenoemde bevindinge het genoegsame bewyse gelewer om 'n opelugmuseum so naby as moontlik aan die oorspronklike soutwerke van die Vroeë tot Laat-Ystertydperkterrein op te rig.

Op 19 Desember 1972 is die aanbevelings van die Raad van Advies om 'n museum deur TPA-Museumdiens op te rig en "Die rekonstruering van die soutwerke en die demonstrering van die proses aan besoekers" deur die Uitvoerende Komitee van die Transvaalse Provinsiale Administrasie goedgekeur [Küsel 1987:72].

### 2.3.3 Ontstaan en uitleg van die Tsongakraal-Opelugmuseum

'n Deeglike uiteensetting is deur [Basson 1980] gegee oor die bestaansreg, ontstaansgeskiedenis, die uitleg, funksies en beleid van die museum, asook die beheer en bestuur sowel as die personeelstruktuur.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Küsel, die destydse direkteur van die Transvaalse Provinsiale Museumdiens het in die sewentigerjare die aanvanklike navorsing gedoen vir die oprig van die Tsongakraal-Opelugmuseum. Sy navorsing het die ideaal van elke Tsongaman om agt vrouens te hê, soos deur Junod [1927, I:127] beskryf is, in die veld onderskryf. Junod stel dit soos volg:

> *"This is the ideal of the Black man to become the lord and master of a completed circular village."*

Op grond daarvan is daar besluit om 'n voorstelling van 'n kraal op te rig van 'n hoofman met sy agt vrouens. Sodoende het die hutuitleg 'n sirkelvormige voorkoms. 'n Skematiese voorstelling van die Tsongakraal kan in Fig. 2.1 gesien word.

Küsel het op grond van sy navorsing ook die nodige ambagsmanne byeengekry en was verantwoordelik vir die beplanning en bou van die kraal. Tradisionele materiale uit die omgewing is gebruik om alle strukture op te rig. Die amptelike opening van die Tsongakraal is op 8 April 1975 deur die destydse Administrateur van Transvaal, sy edele mnr. Cruywagen behartig.

Die rol en betrokkenheid van die Tsongavrou binne die Tsongakraal - en trouens binne enige Tsongawooneenheid, hoe klein so 'n eenheid ook al mag wees - word duidelik uit twee aspekte wanneer daar bloot na die skematiese, uitleg van die Tsongakraal gekyk word:

(1) Vrouens oorheers in die wooneenheid, want daar is elf slaaphutte waarvan agt deur vrouens bewoon word en een deur die dogters.
(2) Die meeste ander strukture in die kraal hou ook verband met vroulike aktiwiteite, soos die twee kookhutte, agt kookskerms, soutwerkterrein, graanstore, en landerye.

Die Tsongakraal-Opelugmuseum is 'n lewende museum en die inwoners beoefen elke dag hulle onderskeie ambagte en gaan voort met hul alledaagse bedrywighede soos die Tsonga in hulle tradisionele lewe gedoen het. Aktiwiteite wat deur die vrouens beoefen word en deur die besoekers aan die museum waargeneem kan word, is die volgende: Pottebakkery,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

kralewerk, vlegwerk, soutvervaardiging, koskook en verbandhoudende aktiwiteite, skoffel en oes, hutbou en versierings, versorging en opvoeding van kinders, en bespeling van musiekinstrumente. Mans bespeel ook musiekinstrumente en demonstreer houtwerk, vervaardiging van ystervoorwerpe, vlegwerk en soms hutbou.

Sommige van hierdie aktiwiteite word op 'n formele toer deur die museum aan die besoeker getoon, ander kan informeel waargeneem word. Op versoek kan deur middel van spesiale programme verskeie aspekte in diepte waargeneem word.

### 2.3.4 Samevatting


Die Tsongakraal het sy oorsprong in die bestaan van prehistoriese soutwerkterreine op die plaas Eiland wat deur natuurbewaringsamptenare onder die aandag van die Transvaalse Provinsiale Museumdiens gebring is. Argeologiese opgrawings het gevolg en wat die waarde en die ouderdom van die terrein vir die geskiedenis van die gebied aangedui het. Hierdie terreine het ook binne die gebied wat oor die afgelope eeu reeds deur die Tsonga bewoon is, geval.

'n Besluit is geneem om 'n opelugmuseum oor die Tsongavolk daar te stel op grond van literatuurstudie en veldwerknavorsing. Die bestaan van die Tsongakraal-Opelugmuseum het gelei na verdere navorsing, om deur middel van uitstallings, demonstrasies, deelname en ander programme, 'n ware weergawe van die Tsonga se lewenswyse aan die besoeker oor te dra.

Die Tsongavrou speel 'n belangrike rol binne die wooneenheid, die Tsongakraal, wat 'n voorstelling is van 'n woonkompleks van die hoofman met sy agt vrouens.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# UITLEG VAN DIE KRAAL
# LAYOUT OF THE KRAAL

**A** Seunshut — Boys' hut
**B** Hut van 2de vrou — Hut of 2nd wife
**C** Dogtershut — Girls' hut
**D** Hut van hoofvrou — Hut of head wife
**E** Hut van 3de vrou — Hut of 3rd wife
**F** Hut van 4de vrou — Hut of 4th wife

**G** Hut van 5de vrou — Hut of 5th wife
**H** Hut van 6de vrou — Hut of 6th wife
**I** Hut van 7de vrou — Hut of 7th wife
**J** Hut van 8ste vrou — Hut of 8th wife
**K** Hut van kraalhoof — Hut of Kraal head

**L** Kookhut — Cooking hut
**M** Kook- en graanhut — Grain and cooking hut
**N** Offerhut — Sacrificial hut
**O** Bokhut — Goat hut

**P** Stoorhut — Storage hut
**Q** Hoenderhut — Chicken-pen
**R** Graannouers — Granary
**S** Beeskraal — Cattle kraal
**T** Kookskerms — Cooking screen
**U** Seremoniële boom en offerplek — ceremonial tree and place of sacrifice
**V** Mansvergaderplek — Mens' meeting place
**W** Hoofingang — Main entrance
**X** Sub-uitgang — Side exit
**Xa** Uitgang na soutwerke — Exit to salt works
**Xb** Uitgang na ystersmeltoond — Exit to iron smelting furnace
**Y** Binneplein — Inner court
**Z** Ashope — Rubbish dumps

Fig. 2.1 Uit. Tsongakraalbrosjure

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

## 2.4 LEWENSWYSE VAN DIE TSONGA

### 2.4.1 Die Tsonga as mens

Junod gee 'n goeie beskrywing van die lewenswyse van die Tsonga in sy "The Life of a South African Tribe" [1927:Vol I en II]. Heelwat het verander, en nuwe kultuurelemente kom voor, maar aanpassings as gevolg van 'n veranderde omgewing, is te wagte. Dit word nie nodige geag om 'n breedvoerige beskrywing van die lewenswyse van die Tsonga te gee nie. 'n Samevattende oorsig dra egter by om die posisie van die Tsongavrou in die alledaagse lewe, en die take wat sy, binne die breër konteks verrig, te verstaan.

Die Tsonga was nog altyd bekend as vriendelike, vredeliewende en arbeidsame mense. In 1938 skryf H.P. Junod, wat net soos sy vader onder die Tsonga grootgeword het, en 'n studie van hulle gemaak het, dat

> *"The Shangana have supplied the most consistent and reliable manual labour for the Witwatersrand Gold Mines for the last fifty years, .........."*
>
> [Junod 1938:45].

Selfs baie vroeër, tussen 1869 en 1875, skryf St. Vincent Erskine die volgende oor die Tsonga:

> *"Altogether the Tsongas are an improvable and improving race. They consider war to be an abnormal state of existence, to be avoided or terminated as soon as possible; differently from the more savage Zulu, who regards it as the only fitting state of life, and despises the arts of peace.*
>
> *Whether the Tsongas are Chobis, Basiga, ........ or whether they are under Zulu oppression or Portuguese protection, they are one and all industrious and capable of improvement; possessing great agricultural abilities and many rude attempts at manufactures"*
>
> [Erskine 1875:55-56].

Dit wil dus voorkom asof die oudste bronne die geredelikheid beklemtoon waarmee die Tsonga 'n nuwe Westerse kultuuraanbod sal aanvaar. Wanneer

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

mense dan 'n eeu later nog in staat is om die tradisionele lewenswyse te beskryf [vgl. Hartman 1972; Boonzaaier 1980] moet 'n mens besef dat dit miskien die laaste geleentheid daarvoor sal wees. Dit word dan belangrik om na die wyse te kyk waarop die belangrikste dele van die tradisionele lewenswyse van die Tsonga binne die verband van 'n Opelugmuseum bewaar kan word en aan geïnteresseerdes voorgestel kan word.

### 2.4.2 Politieke en juridiese organisasie

Die politieke en juridiese organisasie van die Tsonga is nie die belangrikste deel van hulle lewenswyse met die oog op uitstalling in 'n museum nie. Dit word hier eerste aan die orde gestel omdat die navorsing oor die onderwerp die jongste is wat oor die Tsonga gedoen is.

Die Tsonga is patrilineêr georden alhoewel Junod [1, 1927:267] tot die gevolgtrekking kom dat 'n matrilineêre orde baie lank gelede 'n rol gespeel het. Opvolging en vererwing van goedere geskied in 'n vaderlike lyn. Hartman [1972:205] vir die Shangana van Mhala en Boonzaaier [1980] vir die Nkuna, 'n Tsongastam van Ritavi, gee gedetailleerde uiteensettings van die regsposisie by hierdie stamme. Junod [1927, I:25] beskryf nog die tradisionele erfopvolgingstelsel, nl. dat 'n stamhoof of gesinshoof deur sy jonger broers opgevolg moes word en nie deur die oudste seun van sy hoofvrou nie. Slegs wanneer die broers te sterwe kom, volg die seun op. Boonzaaier [1980] het bevind dat hierdie laterale erfopvolgingspatroon in die laaste dekades verander het na opvolging deur die oudste seun van die hoofvrou.

Die regsposisies van vrouens in die genoemde stamme kan ook by Boonzaaier [1980] en Hartman [1972] nagegaan word. Die vrou bly ewigdurend minderjarig in die reg en verkry nooit volwasse regstatus nie [Hartman en Kriel 1991:46]. Sibbename kom voor en die jong getroude paar gaan woon by die man se afkomsgroep. Die kinders neem die sibbenaam van die vader aan. Die vrou behou egter haar eie sibbenaam [Wiid en Bothma s.a.:10; vgl. ook Junod 1927 I,II; Junod 1905:231].

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Min tegniese skeppinge kom voor in die judisiële organisasie. Daar is dus min sigbare dinge wat in 'n museum uitgebeeld kan word. Die doel van die judisiële organisasie hou verband met die toepassing van gewoonte- en regsreëls en die beslegting van geskille in die howe. Oor gewoontereëls skryf Hartman en Kriel:

> *Gewoontereëls **(mikhavu)** behels al daardie reëls wat voorskryf hoe ordentlike mense in bepaalde situasies, onder bepaalde omstandighede en op bepaalde plekke behoort op te tree ten einde die goedkeuring van die gemeenskap (waarby die voorouergeeste ingesluit is) weg te dra. Hierdie reëls sluit die voorskrifte met betrekking tot respekbetoning **(ku xixima)**, sowel as sekere vermydingsvoorskrifte of taboereëls **(ku yila)** in. Regsreëls **(milawu)** behels daardie voorskrifte wat as van soveel belang vir harmoniese samelewing beskou word dat oortreding of nie-na-koming daarvan nie alleen deur die lede van die gemeenskap en die voorouergeeste, afgekeur word nie, maar deur 'n daartoe bevoegde hof gestraf word" [1991:45].*

Dit wil dus voorkom asof een van die enigste wyses waarop gesagsuitoefening en regspraak in 'n museum verbeeld kan word, die aanbieding sal wees van die verloop van 'n hofsitting as 'n soort opvoering.

Deur middel van 'n spesiale program by die opelugmuseum kan 'n hofsaak dus voorgestel word wat buitestanders kan waarneem. Wat tegniese skeppinge betref, kan daar dan gelet word op die kleredrag, versierings en bedekking van die aanwesiges, die hoofmanne en stamhoofde se wapens, ens. Ook kan gelet word op die hoofmanne en stamhoofde se woonplekke **xiluvelo**, die vergaderplek, **vandla**, en die beeskraal, **xivala**. Die koedoehoring, **mhalamhala**, is geblaas as 'n belangrike vergadering aangekondig is. Die laasgenoemde reeks plekke (vergaderplek naby die beeskraal in die stamhoof se woonplek) en die apparaat wat gebruik word, sou by wyse van foto's en geskrewe verduideliking aan die besoekers aan die museum verduidelik kon word.

Wanneer die prosedure by hofsittings as 'n soort verhoogstuk opgevoer word, sal daar verduidelikende aankondigings nodig wees, anders sal die toeskouers nie verstaan wat hulle sien nie. Ook sekere handelinge wat met die voorvaders verband hou, is deur die gesinshoof by die offeraltaar,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

**gandzelo ra swikwembu,** uitgevoer. Sekere potte, die seremoniële staf en soms besondere kleredrag hou hiermee verband. In hoofstuk 3.7.4 kan gelees word oor die rol wat keramiekware binne die regsorde speel.

### 2.4.3 Ekonomiese lewe

#### 2.4.3.1 *Algemeen*

In teenstelling tot die politieke en judisiële organisasie word daar 'n oorvloed van tegniese skeppinge binne die ekonomiese organisasie gebruik. Dit is duidelik dat 'n mens hier sal moet konsentreer op daardie prosedures wat binne die grense van die wooneenheid en in die onmiddellike nabyheid uitgevoer word wanneer aan die voorstelling van ekonomiese bedrywighede in 'n opelugmuseum gedink word.

Die ekonomiese lewe van die Tsonga, [vgl. ook Junod 1927, II:1-152] was 'n bestaansekonomie, waarbinne akkerbou, versameling van veldkos, jag en visvang, handel en soutvervaardiging voorgekom het. Dit was 'n ongekompliseerde bestaan waarbinne werksverdeling volgens geslag wel voorgekom het. Beroepspesialisasie was egter beperk en het net tydens die beoefening van swart en wit magie, en die praktyke van die **n'anga** voorgekom.

Voor die koms van die Zulukrygsmanne in 1822, was beeste, **tihomu,** volop in Mosambiek. Die Zulu het die Tsonga van hul beeste beroof en hulle onderwerp. In Transvaal was dit weer die naganakoors wat die aanhou van beeste onmoontlik gemaak het. Vir die afgelope dekades word beeste weer al hoe meer aangetref. Dit is vir die Tsongaman baie belangrik om baie beeste te hê, want sy status word bepaal deur die aantal beeste asook vrouens in sy besit. Bokke, **timbuti**, is meestal aangehou vir voedseldoeleindes. Dit was die taak van die kleiner seuns om die bokke op te pas. Sodra hulle groter geword het, moes die seuns die beeste oppas. Hulle het hulle dae in die veld deurgebring en sodoende 'n grondige kennis van die veld opgebou. Hier het hulle ook fluite, **tinanga**, van horing of riete vervaardig waarmee hulle die beeste aangejaag het.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Beeste, **tihomu**, as trougoedere het vroeg in die negentiende eeu verval.

> *".............and they began to replace the oxen by iron picks, which they bartered from the Suto blacksmith of the Transvaal."*
>
> [Junod 1905, I:230].

Deesdae word daar glad nie meer van skoffelpiklemme gebruik gemaak nie en is dit meestal geld wat as **lovolo** gegee word. In die verafgeleë landelike gebiede word beeste hier en daar nog as trougoedere gebruik, maar die beeste word vandag meestal net geslag tydens groot feeste en wanneer daar 'n offerande aan die voorvaders gegee word.

Anders as die Nguni, Sotho en Venda was hoenders, **tihuku**, nog altyd en is nog steeds een van die belangrikste huisdiere vir die Tsonga. Nie net as voedsel word die vleis baie waardeer nie, maar die hoender speel ook 'n baie belangrike rol as offerande tydens religieuse seremonies. Veral wit hoenders word as offerande verkies. 'n Ander aspek van die ekonomiese lewe van die Tsonga wat hulle van alle ander Suid-Afrikaanse Bantoesprekende volke onderskei, is dat die Tsonga vis, **nhlampfi** vang en baie lief is om vis te eet. Verskeie soorte visvangapparaat is gebruik.

Ruilhandel het sedert alle tye 'n belangrike rol gespeel en word nog steeds aangetref. Die rol van die Tsonga as handelaars, wat die handelsroetes tussen die Mosambiekse ooskus en die binneland oopgetrap het, is reeds breedvoerig beskryf (2.1.3.2). Vir handelsdoeleindes het die Tsonga kanoe's gebruik waarmee hulle die Nkomati-, Limpopo- en Pafuririvier kon bevaar.

Die beoefening van landbou en die versamelaksie van veldkos word nie in die opelugmuseum as deel van die gereelde daaglikse program gesien nie. Wanneer dit egter die regte seisoen is, sou 'n spesiale program vir belangstellendes gereël kan word om te sien hoe die vrouens met hul skoffelpikke die landerye bewerk, hoe hulle plant en soms hoe geoes word. Die moderne skoffelpik het die tradisionele **xikomu** heeltemal vervang. Baie eeue gelede het die Tsonga nog van hout skoffelpiklemme gebruik gemaak. Daar word ook dikwels 'n baie onnet verskansing van latte en bas

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

gebou, **ntsonga**, waaragter 'n persoon wat die landerye bewerk, wegkruip om voëls en ander diere te verjaag.

'n Net, **longwe**, wat gebruik word om vrugte of veldplante huis toe te dra, en die wyse van vervaardiging kan aan die besoeker aan die opelugmuseum getoon word. Daar kan ook 'n groot verskeidenheid ander tegniese skeppinge wat met ekonomiese aktiwiteite verband hou, vertoon word. Hier word daar veral gedink aan al die huishoudelike implemente, soos potte, stampers, mandjies, houtborde en bakke, drinkbekers, klitsers en andere wat in die voorbereiding, kook en nuttiging van voedsel gebruik word.

Dit is uit die oorsig duidelik dat die dele van die ekonomiese bedrywighede van die Tsonga wat die man in besonder raak - d.w.s. handelinge met vee - en huisdiere buite die wooneenheid plaasvind en dus veral deur fotomateriaal aan toeskouers verduidelik sal kan word. Dieselfde oordeel geld die vrou se optrede op die land, alhoewel dit nader aan die huishouding geskied.

Die laasgenoemde reeks implemente in die voorafgaande paragrawe word binne die huishouding gebruik, sodat uitstalling daarvan binne die opelugmuseum redelik maklik is. 'n Mens kan met reg beweer dat die aanbiedinge in 'n opelugmuseum veral rondom die aktiwiteite van 'n vrou sal sentreer.

#### 2.4.3.2 *Take uitgevoer deur die vrou*

Vrouens speel 'n baie belangrike rol in die ekonomiese aktiwiteitskalender van die Tsonga. Waar die mans hoofsaaklik jagters was, na die beeste omgesien het, en met hutbou behulpsaam was, verrig die Tsongavrou arbeid wat met die volgende terreine verband hou: akkerbou, visvang, die versameling van veldplante, die vervaardiging van tegniese skeppinge en soutvervaardiging.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

- **Akkerbou**

Die grootste gedeelte van die vrou se dagtaak word gewy aan die verbouing, versameling en voorbereiding van kos. Die verskeidenheid geregte wat die vrou kan voorberei, is 'n hele studieterrein van sy eie. Junod beweer dat dit nie verkeerd is om van die Tsongakookkuns as "culinary art" te praat nie [1927, II:36].

As die oes baie groot is dan reël die vrou dat 'n groep mense haar kom help. Vir hierdie werkgroep, **tsima**, gee sy dan bier om te drink. Die beplante landerye word **masimu** genoem. Hartman en Kriel wys daarop dat die sosiale verkeer tydens die **tsima** net so belangrik was soos die ekonomiese aktiwiteit self [1991:57]. Die ploegseisoen word **xirimu** genoem.

Die gewasse wat verbou is, was vroeër kassawe, **ntsumbula.** Dit is later vervang met graansorghum, **n'wahuva** en **makhaha**, en mielies, **mavele**. Vandag is mieliepap, **vuswa**, die Tsonga se stapelvoedsel. Ander gewilde gewasse is verskeie boontjiesoorte, tamaties, spinasie, pampoene en veral die blare daarvan. Grondboontjies is baie gewild en uie, patats en suikerriet word ook aangeplant.

Die Tsongavrou het 'n uitgebreide kennis van alle soorte groente en veldplante.

- Sy bewerk die landerye, **masimu**, met skoffelpikke, **swikomu**, en versorg dit tydens die groeiseisoen. Landerye moet ook bewaak word, en as die gesaaides ryp is, word geoes.
- Sy bring die oeste, **ntshovelo**, in.
- Sy is verantwoordelik vir die berging van die produkte in graanstore[2.2], **switlati**.

Verder moet die Tsongavrou ook die produkte verwerk: mielies, **mavele**, word gestamp vir mieliemeel, **mugayu**, en mielierys, **majorho**, en sorghum, **makhaha**, vir bier, **byala**; blaargroente, **miroho**, en groente, **muroho**, word voorberei vir eet of vir droging, ens. Gedroogde groente vir die winter word **mukhusu**, genoem.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die verwerkingsprosedures en kookaksies vind binne die huishouding plaas en is dus in 'n opelugmuseum vertoonbaar. Dit is ook moontlik om die besoekers die voorbereide produkte te laat proe.

- **Visvang**

Die Tsonga is vissers van formaat en die enigste Suider-Afrikaanse volk wat vis, **nhlampfi**, eet. In Mosambiek het hulle die visvangery vervolmaak tydens alle seisoene en verskeie visvangapparaat soos fuike, **swirhanga**, kanoes, **mukhumbi**, spiese, **midjungwa**, die visnette, **nkukuto**, ontwikkel [Junod 1927 II:84-89; Wilson en Thompson 1969:177].

Alhoewel dit vroeër die mans was wat vis gevang het, vang mans en vrouens deesdae vis, en alhoewel die fuike nie meer in Gazankulu aangetref word nie, benut veral die vrouens elke vrye oomblik om vis met hoek en lyn, **njovo**, te vang.

Die vis wat gevang is, word meestal dadelik voorberei en geëet. Dikwels verrig vrouens hierdie taak, maar mans doen dit ook. Die vis word oopgevlek en op 'n rooster van draad (modern) oor die vuur gaar gemaak. As daar baie vis is, word dit ook gevlek, met sout bestrooi en in die son gedroog. Dikwels word die droging op die dak gedoen. Vis word ook in potte met uie en tamaties as 'n visbredie gekook.

- **Soutvervaardiging**

Alhoewel winkelsout deesdae 'n maklike plaasvervanger is vir die selfontginde sout uit soutpanne, is hierdie sout, **munyu**, wat deur 'n lang proses verkry word, veral deur die **n'anga** baie gesog.

Oor eeue vervaardig die Tsonga hul eie sout en het die tegniek redelik verfyn. Die terrein waar sout ontgin kan word, is beperk tot sekere braklande wat rondom minerale bronne in die Laeveld voorkom. Dit is uitsluitlik 'n taak vir die vroue, en sal in hoofstuk 4 breedvoerig bespreek word. Heelwat tegniese skeppinge word gebruik tydens soutontginning. Voorwerpe word nie spesiaal vir die doel vervaardig nie en is meestal potte

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

en mandjies en kalbasse wat ook vir ander doeleindes gebruik word. Die soutfiltreerder is hier 'n uitsondering.

Soos mettertyd (in hoofstuk 4) sal blyk, word soutontginning ver buite die wooneenheid gedoen. Die praktyk het bewys dat die hele prosedure maklik naby die terrein van die opelugmuseum aangebied kan word omdat die tegniese proses slegs 'n klein oppervlakte vereis.

- **Versameling van Veldplante**

Die Tsonga het 'n uitgebreide kennis van die veld, want hulle het oor al die eeue heen in 'n gebied gewoon wat 'n ryke verskeidenheid aan plantegroei oplewer. Vir die versameling van veldplante of ander produkte van haar lande gebruik die vrou 'n sak van net, **longwe**, wat sy self vervaardig. Geen net is in die veld by die Tsonga gesien nie, wel by die Baphalaborwa, maar die Tsongavrouens sê dat hulle die net vroeër ook gebruik het.

Veldkosse word nie net vir kookdoeleindes gebruik nie, maar ook vir medisyne [vgl. ook Liengme 1981]. Baie Tsongavrouens leer die kruiedoktersvaardighede aan, hoofsaaklik weens ekonomiese redes: dit bied vir hulle 'n addisionele inkomste. Droogtes kom ook dikwels voor, en vrouens moet dan op ander maniere vir 'n inkomste sorg.

Ook vir kosmetiese redes word sekere plante versamel soos bv. die saad van die Rooiessenhoutboom, **nkuhlu**, *Trichilia emitica*, wat ryk is aan 'n olie of **mafurha**. Die sade word in water gekook en die olie wat aan die oppervlakte versamel, word afgeskep en gebruik om die liggaam mee te smeer.

Die vrug van die maroelaboom, **nkanyi**, *Sclerocarya birrea subsp. caffra*, is waarskynlik die mees gesogte wildevrug wat nie net as kos gebruik word nie, maar ook en veral op sosiale en religieuse terrein 'n belangrike rol vervul: Die maroelaboom is die middelpunt van elke kraal en die heilige altaar, **gandzelo**, word onder so 'n boom opgerig. Die voorvadergeeste, **swikwembu**, word hier aanbid terwyl offerandes ook hier gebring word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Bier van die maroelavrugte, **vukanyi**, wat vroeg in die landbouseisoen gemaak word, kondig die begin van oestyd, **ntshovelo**, aan en gaan gepaard met die **xirhangana** of die "fees van die eerste vrugte" [Junod 1927, I:397; vgl. ook Terblanche 1983:13].

Maroelabier word aan die voorvadergeeste geoffer, **ku phahla**.

Wanneer die maroelas van die bome val, is hulle nog groen. Hulle word deur die vrouens versamel en in die kookhut gehou totdat hulle begin ryp word. Hierdie tyd van die ryp maroelavrugte word **n'wananyini** genoem. Met 'n spesiale gereedskap, **xirhumbulo** word die maroelavrug bewerk deurdat hierdie skerp voorwerp van been of van hout in die vrug ingesteek word en die pit met een beweging uitgesteek word (foto 2.10 a-d). Die vrouens sit saam om hierdie voorbereidende werk te doen op 'n spesiale plekkie wat **xiboxelo** genoem word. Die pit met die pulp en die sap word in 'n groot pot gesit en die doppe word eenkant weggegooi. Wanneer al die vrugte op die wyse verwerk is, word die pitte met pulp met die hande styf gedruk om al die sap uit te pers. Die pitte word ook op 'n hoop gegooi om droog te word. In die winter word die neute met 'n hammerklip op 'n ander plat klip uitgekap. 'n Spesiale skerppuntige klein stuk gereedskap van skerpgemaakte been is gebruik om die neut te verwyder.

Die maroelasap word vir 'n tydtjie in die kookhut gehou om te gis (foto 2.10a). Hierdie **dzova**, of ongegiste maroelasap word soms met water verdun. Na ongeveer twee dae is die maroeladrank, **vukanyi**, reg om gedrink te word. Vir die hele maroelaseisoen is die **vukanyi** beskikbaar en baie gesog.

Daar is nog veel meer veldvrugte en groentesoorte wat genuttig word, maar dit sal nie alles hier bespreek word nie. Baie tegniese skeppinge word gebruik of vervaardig vir die insameling van veldkosse. Onder veldkosse tel ook die pluk van mopaniwurms, die vang van termiete waarvoor potte, stokke ens. gebruik word, en die insamel van heuning.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Dit is duidelik dat daar hier 'n groot verskeidenheid tegniese apparaat is wat binne die huishouding in 'n museum uitgestal kan word, terwyl die gebruik daarvan in die veld deur fotomateriaal verduidelik kan word.

- **Tegniese skeppinge in die huishouding**

Vrouens vervaardig ook gebruiksartikels soos potte en mandjies om hulle take as akkerbouers uit te voer. Ook is hulle bedrywig om vir hulle kleredrag, versierings en kralesierade te vervaardig. Kalbasse word aangeplant en tot gebruiksartikels omgeskep. Die **xirhundzu**-mandjie word deur die vroue vervaardig. Graan moet gedors word, gewan in wanmandjies en dan in graanhutjies gestoor word. Die voorbereiding van voedsel neem ook 'n groot deel van haar tyd in beslag. Hiervoor gebruik sy onder andere stampblokke, potte en bakke, maalbakke, die paplepel en die klitser, asook die biersif.

Ander aktiwiteite waarmee die vrou bedrywig is en waar tegnologie 'n rol speel, is die instandhouding en versiering van hutmure en vloere en die verkryging van die materiaal daarvoor soos klei, kleurstowwe, beesmis ens. Ook moet die vrouens sorg dat daar vuurmaakhout is en water moet aangedra word. Vir die saambondel van hout is daar basrepe van bome afgetrek. Biesies word ook gebruik om die bondel saam te bind, sodat dit op die kop gedra kan word. Water is met kleipotte aangedra. Die water is met skepkalbasse uit die waterbron geskep.

### 2.4.4 Skeppinge deur die Tsongavrou as produk van haar omgewing

Nadat die omvang van Tsongakultuurgoedere en meer spesifiek van die vrou reeds oorsigtelik behandel is, en enkele aspekte soos die soutontginning (hoofstuk 4), pottebakkery (hoofstuk 3) en kralewerk (hoofstuk 5) later meer in diepte nagevors en beskryf gaan word, sal daar ter wille van 'n geheelbeeld van Tsongakultuur, en meer spesifiek die rol en funksie van die vrou 'n paar tegniese skeppinge wat haar huishouding en daaglikse lewenstake aanvul, kortliks beskryf word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

- **Vlegwerk**

Onder vlegwerk ressorteer voorwerpe wat van gras, biesies, stroke hout, rankers en boombas gevleg word.

Vlegwerk word gewoonlik beskou as spesialistewerk, alhoewel enigeen dit mag beoefen.

By die Tsonga vervaardig die mans alle mandjies soos dié waarin die **n'anga** sy bykomstighede hou, **mintundwani**, graanhouers, **ngula**, of **xitendza**, biersiwwe, **xihluto**, die handsak, **funeko**, en die wanmandjie, **rihlelo**.

Die vrouens vervaardig drie grootte s **swirhundzu**-mandjies, die **xirhundzu, xinthabana** en **xintewana**. Hulle is ook verantwoordelik vir die slaapmatte waar daar van twee tegnieke gebruik gemaak word. Takke of bossies word as besems, **minkukulu**, gebruik en 'n sekere besempie word van gras vervaardig.

Die vervaardiging van 'n mandjie, **xirhundzu**, sowel as 'n slaapmat, **sangu**, sal hier kortliks beskryf word, aangesien hulle belangrike kultuurgoedere van die Tsongavrou is, maar nie elders bespreek word nie.

- **Die xirhundzu (Foto's 2.1-2.3)**

Om haar daaglikse take van voorsiening en voorbereiding van voedsel te verrig is naas haar stel kleipotte, (kookpot: **nhlambeto**, waterpot: **mbita**; eetbak: **nkambana**; drinkpotjie: **jomela**; waskottel: **xihlambelo**) die koniese mandjie, **xirhundzu**, een van die belangrikste huishoudelike gebruiksartikels.

Die **xirhundzu** word deur die vrou vervaardig en gebruik as 'n praktiese houer wat op hulle koppe gebalanseer word en waarmee alles wat benodig word, aangedra word. Dit word o.a. gebruik om veldkosse of groente van die landerye aan te dra en ook vir die sortering en voorbereiding van die groente, **muroho**, ander benodighede soos klei, beesmis, sand, miershoopklei, sand- en soutleemgrond vir soutontginning word ook in die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

**swirhundzu** aangedra. Kleipotte word ook in 'n **xirhundzu** van een dorpie na 'n ander of na 'n ander kraal vervoer.

Selfs vloeistowwe kan in die mandjie gedra word, omdat dit so dig geweef is. As die mandjie in water geweek word, swel die weefsel uit en maak dit waterdig [vgl. in Duggan Cronin 1935:XVII]. Dat die **xirhundzu** van vandag weinig verskil van dié uit Junod se tyd en in Mosambiek kan op foto's vergelyk word in o.a. Junod [1927, II:125, 182] en Duggan Cronin [1935:I, XXXI].

Die grootste **xirhundzu** (foto 2.1a,b) is uitsluitlik 'n dramandjie en word op die kop gedra. Die twee kleiner **xirhundwana,** ook **xitshatshana** word ook gebruik om goed in te dra, maar as dit met krale versier is, word dit veral gebruik as houer vir die eetbak waarin die man se kos vir hom bedien word, en word dan **xithabana** genoem. 'n Klein wanmandjie, ook met krale versier, **xintewana**, dien as deksel [5.23 a,b]. Hierdie mandjie met sy deksel is deel van die uitrusting wat die jong getroude vrou saamneem, wanneer sy haar plek by haar man in haar nuwe tuiste inneem.

*Vervaardigingstegniek*

'n Variasie van die spiraaltegniek [vgl. van Schalkwyk 1985:32] word gebruik om die **xirhundzu** te vervaardig. Die rankplant, **rixotse/rixoto**, *Loculus hirsutus* wat baie algemeen in die Laeveld voorkom, word gebruik om die binnenste spiraalinslag te vorm, asook om die spiraalskering aanmekaar te werk. Met ander woorde die inslag gaan elke keer oor 'n nuwe deel van die kern, en dan terug onder die kern deur (foto 2.2). Die punt van die stingel word met 'n mes of ander voorwerp skerp gemaak, sodat dit maklik deur die gaatjies gesteek kan word.

Sommige rankers word gekleur deur dit te week in 'n oplossing wat verkry word deur die bas van die bastermaroela, **ndivata**, *Lannea stuhlmannii,* in water te week. Motiewe kan sodoende in die mandjie ingeweef word. (foto's 2.2, 5.23). Dieselfde tipe motiewe soos bv. sterre, wat vir die mandjies gebruik word, tref ons ook by kralewerk en hutversierings aan.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die vorm van die mandjie is konies en die onderkant, wat effens ingeduik is, word oorgetrek met beesvel wat dan met tuisgemaakte sisaltou vasgewerk word (foto 2.3). Hierdie dien as afwerking, maar ook om die **xirhundzu** makliker op die vrou se kop te dra en te balanseer.

Die term "vlegwerk" is nie baie bevredigend ten opsigte van die spiraaltegniek wat vir die **xirhundzu** gebruik word nie, aangesien dit eerder as naaiwerk beskou kan word. Van Schalkwyk [1985:31-32] omskryf hierdie aspek verder.

- **Die slaapmat : sangu** (foto's 2.4-6)

Slaapmatte word nie net gebruik om op te slaap nie, maar ook word hierdie matte orals waar mense wil sit, uitgerol. Dit is byvoorbeeld as hulle eet, as besoekers kom, die **n'anga** gooi sy dolosse daarop uit, ens.

Twee tegnieke vir die weef van matte word by die Tsonga aangetref en materiale wat gebruik word, is biesies en riete wat in riviere groei, asook tou van sisal. Die volgende soorte biesies word gebruik: **jekejeke**, *Cyperus latifolius,* **nhlahlu, risame,** *Cyperus sexangularis,* **mixaka,** *Cyperus inclinatus.* Liengme beweer dat die matte van laasgenoemde spesie minderwaardig is in vergelyking met die eerste twee [1980:507, 511, 515].

Die biesies word gesny wanneer hulle uitgegroei is en in die son gelê om te droog. Die tou wat gebruik word om die biesies aanmekaar te heg, kan een van die volgende wees: sisaltou is tradisioneel gebruik, en deesdae word wol, plastiek (van groentesakkies) of enigiets anders wat die vrouens in die hande kan kry, gebruik.

Die sisaltou vervaardig die vrouens self van die sisalplant, **xikwenga**, 'n *Agave sp.* se vesels. Die vlesige gedeelte word afgeskraap en die vesels in die son gelaat om te droog. Van die vesels word dan twee dun stringe geneem en op die vrou se been met haar hand, eers (die twee afsonderlike stringe) in een rigting heen gerol, en gesamentlik weer terug gerol. Hierdie proses word **ku swula** genoem. 'n Sterk tou ontstaan wat tradisioneel gebruik is. Hierdie wit tou en bruines, wat in die oplossing van die bas van die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

bastermaroela in water gekleur is, word gebruik, eerstens om die biesies aanmekaar te heg en tweedens as versiering, want nie net vertoon die twee kleure mooi nie, maar allerhande patrone kan ook ingeweef word.

Wol word gebruik, omdat dit makliker bekombaar is en veral omdat baie mooi en helder patrone en kleure in die slaapmat geweef kan word (foto 2.4). Om dieselfde rede word plastiektou gebruik.

'n Slaapmat wat geweef word vir een persoon om op te slaap, word **xitheve** genoem.

*Vervaardigingstegniek*

Die vervaardiging van slaapmatte word onder vlegwerk geklassifiseer. By die Tsonga tref ons twee tegnieke aan:

- Die strengeltegniek, [Van Schalkwyk 1985:32] "bestaan daaruit dat die inslagdrade alternatiewelik voor en agter om elke skering gaan, mekaar kruis en dan weer om die volgende skering gaan."

By die Tsonga se mattevervaardiging kan hier eerder van weefwerk gepraat word, nie net volgens die tegniek nie, maar ook omdat hulle 'n raamwerk bou waarop dié matte vervaardig word, en hier ook sprake is van skering en inslag. Boonop word die inslagdrade met gewigte in posisie gehou. Hierdie gewigte was oorspronklik klippe waaroor die inslagdrade (in hierdie geval sisaltou) gerol is en het dan terselfdertyd as tol gedien (foto 2.5). Deesdae word ou batterye, met sand gevulde bierblikke ens. as gewigte gebruik.

Die raamwerk of die weefraam bestaan uit twee pale wat in die grond geplant word en waarop 'n dwarslat geplaas word. In hierdie dwarslat word gleufies ingekeep, waarbinne die inslagdrade rus.

Een, soms twee, biesies word op die raamwerk geplaas en dan word die inslagdrade wat oor die raamwerk in die gleufies hang, paar vir paar oor en weer gevou. Daar word vooraf bepaal hoe breed die slaapmat moet wees. Die lengte kan bepaal word deur die lengte in die inslagdrade.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

As die mat klaar is, word dit van die raamwerk verwyder, die inslagdrade word geknoop, die biesiepunte word netjies met 'n skerp voorwerp afgesny, en die kante word met sisaltou netjies afgewerk.

- Die tegniek vir die tweede tipe mat verskil daardeur dat dit nie op 'n raamwerk, maar op die grond vervaardig word - 'n meer eenvoudige metode.

Die biesies word met 'n naald, **ritlhavo**, deurboor en met die tou aan mekaar vasgeryg (foto 2.6). Die naald word van 'n 20 cm lange draad vervaardig deurdat daar 'n gaatjie aan die een kant ingeslaan word.

Slaapmatte is van alle skeppinge die enkele artikel, wat nog baie algemeen vervaardig en gebruik word. Mans is ook behendige mattevervaardigers. Die metode wat grotendeels gebruik word, is die eerste metode wat beskryf is en waar die mat oor die raamwerk vervaardig word. Vroeë foto's dui daarop dat die slaapmatte reeds vir eeue gebruik is. As 'n persoon op reis gaan of gaan kuier, gaan sy slaapmat saam. Dit word opgerol op sy kop gedra en dikwels is die nekstut deel van daardie bondel.

Die Tsonga is bekend vir hul pragtige nekstukke wat die mans met geduld kerf. Nie alle mans is in staat om buiten die gewone alledaagse gebruiksartikels soos borde en stampblokke, die meer kunstige houtvoorwerpe te vervaardig nie. Die houtsneewerker of **muvatli**, is 'n kunstenaar op sy gebied en maak baie mooi snuifbotteljies, nekstutte, kieries, 'n verskeidenheid lepels, tromme, ens.

- **Kalbasse: phapha**

Kalbasse vorm 'n belangrike deel van die Tsongavrou se huishouding. Ook op magiese gebied speel kalbasse 'n rol: dit dien as medisynehouers (groot en klein), as snuifbotteltjies en word soms met kralewerk oorgetrek (foto 5.6).

Kalbasse word deur vrouens in die landerye geplant en versorg, sodat hulle hul mooi vorm behou of ander vorme aanneem, en as hulle droog is, word

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

die kalbasse verder verwerk. Die gebruik van die kalbas bepaal hoe hy oopgesny word, sodat dit binne en buite skoongeskraap kan word. Daarna word die kalbasse gekook en verder skoon geskraap, **ku tumbisa,** en versier [vgl. Junod 1927, I:50]. Om motiewe met 'n gloeiende warm stuk yster in 'n kalbas of houtvoorwerp te brand, word **ku vavela** genoem.

Die vorm van die kalbas bepaal sy gebruik. Anders as by die Sothostamme wat die kalbasse baie veelsydig benut, speel kalbasse by die Tsonga nie meer so 'n prominente rol nie, maar tref ons onder andere nog die volgende aan, nl. die skepper of drinkkalbas (foto 2.9) **ndzheko**, die houerkalbas, **xikhudzu,** (foto 2.7) wat soos 'n pot of bak gebruik word en waarin voedsel gebêre asook bedien word. Klein kalbassies wat soos botteltjies lyk word deur die **n'anga** as medisynehouers, **tinhunguvana**, gebruik (foto 2.8). Tydens die soutontginningsbedryf word kalbasse ook baie gebruik, aangesien die kleipotte vinnig verweer in kontak met sout. Nadat die sout ontgin is, word dit in die kalbas geskep, op dié wyse word dit ook in die kookhut geberg. Die drinkkalbasse word nog baie gebruik as water gedrink word, maar vir bier gebruik die Tsonga 'n drinkpotjie, **jomela**, 'n gebruik wat die Venda [Van der Lith 1960:94], en die Lobedu [Davison 1978:308], by die Tsonga oorgeneem het.

Sommige ouer Tsongavrouens beskik nog oor die vaardigheid om kalbasse te versier deur hulle te brandskilder en Junod beskryf hoe die Tsonga vroeër pragtige versierings op hul kalbasse aangebring het. Die motiewe was eerder prente soos visse, sterre, hutte, voëls, palmbome, mensfigure ens. as slegs geometriese patrone. Kombinasies van die twee kom ook voor. Voorbeelde kan gesien word by Junod [1927 II:101; Vol I:50]. Verdere voorbeelde word in mnr. Witt se versameling aangetref (foto 2.7).

Kalbasse en die bewerking, versiering en benutting daarvan is een aspek van die Tsongakultuur wat nog glad nie by die Tsongakraal vertoon word nie. Aangesien kalbasse in elke Tsongahuishouding gebruik word, en aangesien die versiering verskil van ander etniese groepe (bv. motiewe op kalbasse by die Bantwane en die Ndebele), is dit wenslik dat hierdie faset van die tegniese skeppinge voortleef in die museum. Die versierings word **makholo** genoem en is 'n teken van admirasie. Vandag nog neem mans hul mieliepap

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

in kalbasse saam werk toe. Hulle beweer dat die kos langer warm bly in 'n kalbashouer.

*Ander voorwerpe wat die vrou gebruik, maar nie self vervaardig nie*

Al die ander gebruiksvoorwerpe in 'n Tsongavrou se huishouding soos o.a. paplepels, roerstokke, stampers en stampblokke, houtbakke en -bekers, die wanmandjie, en die houtspaan, word deur die man vir die vrou vervaardig. So ook die skoffelpikke, die handbyl en houtstoeltjies, voorwerpe van vel, soos die abbavel en klere van vel, word ook deur die man gemaak. 'n Lys van al die voorwerpe en hulle name in Tsonga word as bylaag D aangeheg.


Al hierdie voorwerpe hoort ook in 'n museum om aan die lewenswyse 'n geheelbeeld te verleen. Dit is hierdie sienbare dinge wat 'n museum interessant maak, en veral is 'n opelugmuseum die ideale konteks waar gebruiksartikels tot hul reg kom. Die Tsongakraal behoort 'n baie groter insamelingsaksie te loods, sodat daar meer van hierdie verskeidenheid van tegniese skeppinge in die opelugmuseum bewaar en uitgestal kan word. Ook die kunstigheid waarmee sovele voorwerpe vervaardig is, kom nog nie tot hul reg nie.

### 2.4.5 Sosiale organisasie

Om 'n beeld te skets van die Tsonga se sosiale struktuur en om te sien waar daar in die funksionering daarvan van tegniese skeppinge sprake is, sal die lewe vanaf die gesin tot die uitbreiding van 'n groter gesinne-eenheid binne stamverband geskets word.

Die sosiale struktuur kan skematies soos volg daargestel word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012




Binne hierdie struktuur is daar 'n netwerk van verhoudings en tref ons ook besondere verwantskapsterminologie aan. Senioriteitsrang, status en geslag speel 'n besondere rol in die daaglikse verhoudinge. Die hoof van 'n wooneenheid word met respek benader deur alle inwoners van so 'n woonkompleks. Dit kom nog dikwels onder die Tsonga voor dat 'n man met meer as een vrou trou. Sy beeste en die hoeveelheid vrouens verleen aan hom 'n sekere status wat as sulks gerespekteer word deur die ander.

Die hele lewensiklus van 'n mens vanaf die geboorte van 'n kind tot die voltrekking van 'n huwelik, ja, tot die dood, speel homself in die woonkompleks af. Omdat so 'n wooneenheid die kern van die aanbieding in 'n opelugmuseum is, spreek dit vanself dat baie van die handelinge binne die museum verbeeld kan word.

Wanneer 'n jong man en vrou mekaar die hof maak, word wedersydse geskenke gegee. Die verlowing, **ku vuta**, word met die oorhandiging van trougoedere, **ku lovola**, aan die vrou se familie bevestig.

Wanneer die man en vrou dan trou, gaan woon die jong getroude vrou, **nhlomisa**, in die man se wooneenheid en vir die eerste tyd kook sy hul kos in haar man se moeder se kookhut. Hier leer sy al die gedragsreëls wat in haar nuwe tuiste geld. Die jong vrou het 'n stel troutoerusting, **mahlomo**, **milongo**[2.3], van haar tuiste saamgebring, wat bestaan uit kleipotte, **(timbita)**, en **xithabana**-mandjies wat met krale versier is, 'n slaapmat, **(sangu)**, paplepels, 'n paar kralesierade, ens.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die mandjiestel versier met kralewerk, het sy spesiaal by die huis vir haar man vervaardig, want daarin bedien sy haar eerste maaltyd vir hom. 'n Klei-eetbak, **nkambana**, met die kos word in die mandjie, **xithabana**, geplaas en die deksel, **xintewana**, word daaroor geplaas. Soms gebeur dit ook dat haar moeder vir haar die mandjie met krale versier. Die **xanga**, heupsieraad van krale, is ook deel van die toerusting, maar word deur die vrou op 'n geheime plekkie gehou.

Sodra daar 'n broer van die jong man trou, betrek die jongvrou haar eie kookhut en die nuwe vrou neem die jongvrou se plek by haar skoonmoeder in dié se kookhut oor. By die geboorte van die eersgetroude vrou se baba tree haar skoonmoeder of 'n ander ou vrou met status, as vroedvrou, **nsungukati**, op en 'n paar ander vrouens is teenwoordig om haar te help. Vir ten minste een week moet moeder en baba in die hut bly en geen man, ook nie haar eie man nie, mag in hierdie tyd die hut betree nie. Na 'n week vind die **xirhengele-seremonie**, "seremonie van die potskerf" plaas. Die naakte kind word uit die hut aangegee en by die hutingang deur 'n vrou wat 'n **n'anga** is, geneem en oor die potskerf gehou en berook. In die potskerf is dele van veldplante en stukkies vel, horing ens. van wilde diere vermeng en aan die brand gesteek sodat dit smeul. Die naakte babatjie word van alle kante berook totdat hy/sy begin hoes en proes. Hierdie rite is 'n suiweringsrite en is bedoel om die baba te beskerm teen alle bose diere en giftige plante in die veld, sterk te maak soos 'n leeu ens. (Sien hoofstuk 3 vir 'n detailbeskrywing).

Nou word die baba aan 'n ander vrou gegee wat dit neem en daarmee in die rondte dans. Elke aanwesige vrou doen dieselfde. Daarna word die baba met nuwe klere geklee en die moeder kom ook uit die hut. Die mans sit eenkant en drink bier. Hierdie is 'n geleentheid om fees te vier en daar word bier gedrink en gedans. Tromme word bespeel en almal neem deel aan hierdie blye dag. By hierdie geleentheid is daar heelwat tegniese skeppinge wat tydens hierdie seremonie gebruik word. Uit die bierbedieningspotte, **makhuwana**, word bier met 'n skepkalbas, **ndzeko**, in die drinkpotjie, **jomela**, geskep. Musiekinstrumente word bespeel en die kleredrag dui die ouer vrouens aan wat nog soos tradisionele Tsongavrouens aantrek asook die jongeres wat as moderner vrouens meer Westers geklee is. Dit gebeur ook

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

dat 'n vrou na 'n ou vrou, **kokwana,** kom om haar baba daar te kry. In ruil vir die hulp van die ou vrou, help die jong moeder haar vir 'n aantal maande met haar daaglikse take.

Elke lewensfase van die jong kind gaan gewoonlik gepaard met 'n seremonie waarna daar dan bier gedrink en gedans word. Soms as daar iets onverklaarbaars gebeur, word die kruiedokter of **n'anga**, se dolosse geraadpleeg. Dienooreenkomstig word offerhandelinge uitgevoer. Ook hier word van tegniese skeppinge gebruik gemaak. Die dolosse, **tinhlolo**, word op 'n vel of mat, **sangu**, uitgegooi. Die **n'anga** dra sy tradisionele kleredrag en bykomstighede en hou 'n staf in sy hand.

Jong dogtertjies speel met poppe bv. die **khudza**-pop, gemaak van mieliestronke, krale en ornamente, of die **mbvule**, gemaak van vrugtedoppe. Die seuns speel met kleiosse of maak vangstrikke, ens.

As hulle 'n sekere ouderdom bereik het, moet die seuns en dogters die inisiasieseremonie deurgaan, **ku ya ngomeni** en **ku cinela khomba**, wat veral vir die dogters gereeld elke jaar gehou word. Weer eens word sommige voorwerpe soos die vrugbaarheidspop, **madliridliri**, spesiaal vervaardig. Besondere kralesierade word vir die geleentheid gemaak en die kleredrag word ook volgens gebruik bepaal. Heelwat tegniese skeppinge word gebruik en die afsonderingstydperk word afgesluit met 'n fees wat gevier word, waar daar geëet, gedrink en gedans word.

'n Jong dogter wat nou 'n nuwe lewensfase bereik het en nou hubaar is, word ook **khomba** genoem. Tydens hierdie tydperk dra sy ook die **xanga**-kralesieraad, met klokkies wat lui as sy loop. Hierdeur trek sy die aandag van die jong manne.

Wanneer 'n jong man en meisie wil trou, speel sekere voorwerpe weer 'n rol. Die twee familiegroepe gaan 'n onderhandelingsfase binne, waartydens hulle oor die trougoedere, **lovolo** of ook **ndzovolo,** ooreenkom. Die **ndzovolo** bestaan uit beeste en/of geld en die hoeveelheid word bepaal deur die status van die dogter se familie. Die seremonies tydens huweliksluiting word deur Hartman en Kriel soos volg opgesom:

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

> *"Die seremoniële aspek van huweliksluiting behels drie opeenvolgende handelinge. Daar vind eerstens 'n offerseremonie (ku phahla) in die woonkompleks van die bruid se vader plaas waartydens sy van haar eie familie en hulle voorouergeeste afskeid neem. Daarna volg die formele oordrag (ku hloma) van die bruid en uiteindelik ook die huweliksfees in die woonkompleks, van die man se mense" [1991:20].*

By byna al die sosiale geleenthede, speel die vrou as moeder, as vroedvrou, as raadgewer, en as ou vrou 'n besondere rol. Alle alledaagse handelinge speel binne die woonkompleks, **muti**, af en die familiegeleenthede en feeste soos troues, vind in die binneplein, **ntsendzele**, plaas. Die voorstelling van die tradisionele lewenswyse van die Tsonga in 'n tradisionele kraaluitleg van die Tsongakraal vorm 'n sirkel van slaaphutte, kookskerms en kookhutte, graanstore, offerhut, bokhut, hoenderhok en beeskraal. Hier speel die hele sosiale lewenspatroon hom af en talle tegniese skeppinge word hier gebruik. En oral is die vrou betrokke: sy is verantwoordelik vir 'n skoon erf wat sy met 'n gras- of takbesem vee; sy sorg dat die hutmure en kleivloere netjies en mooi versier is, sy versamel hout en gaan haal water en is verantwoordelik vir die voedsel en die drank vir elke dag, sowel as spesiale geleenthede. Sy moet haar man gelukkig hou en sorg vir haar eie, haar kinders en haar man se kleredrag, versierings en kralewerk vir verskillende geleenthede.

Dit is die Tsongavrou wat die miershoopklei en beesmis vir hutvloere en mure gaan haal. Ook vir kleipotte gaan haal sy haar eie klei en vir die **xirhundzu**-mandjie soek sy self dié geskikte rankplante uit. Biesies vir matte, brandhout vir pottebak, kleurstowwe vir hutmure en potversiering word deur haar versamel. En dan is daar nog die uitgebreide taak van voedselverkryging en bereiding - al hierdie ekonomiese take speel 'n rol in die sosiale ordening van die **muti**. Dit is derhalwe te verstaan, as sy later daarop aandring by haar man om nog 'n vrou te trou wat dan kan help met al hierdie take.

- **Bevinding**

Feitlik al hierdie sosiale en sosio-ekonomiese of sosio-religieuse aktiwiteite kan gemaklik in 'n opelugmuseum uitgebeeld en uitgewys word. Feitlik die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

hele reeks tegniese skeppinge van die Tsonga kan tydens een of ander aktiwiteit so in gebruik waargeneem word. Kennis van die sosiale ordening binne Tsongakultuur help om die verwantskapsnetwerk uit te lê. Die feit dat dit een man en sy vroue is wat die kraal bewoon, het 'n effek op die plasing van die hutte. In die woonkompleks, **muti**, (sien Fig. 2.1) kan gesien word wie die hoofvrou is bloot deur te let waar die ligging van haar hut is t.o.v. die ander vrouens en die hoofman se hut. Seuns- en dogtershutte is op 'n spesifieke plek, en so het alles sy regmatige plek. Die huishouding van elke vrou is altyd 'n eenheid op sigself in die **muti**, alhoewel alle gesinseenhede wat tot stand kom, met mekaar verwant is. Vergelyk die Tsongakraal se hutuitleg in Fig. 2.1 om die plasing van die hutte te sien. Die Tsongakraal is deur Küsel op grond van 'n bestaande woonkompleks te Ngove gebou. Dit uitleg verskil van die uiteensetting van Hartman en Kriel [1991:23].

Die meeste van die hutte in die Tsongakraal is vir besoekers toeganklik. Die boustrukture van slaaphutte, kookskerms, graanstore, die beeskraal, hoenderhokke ens. kan uitgewys word en seisoenaal kan die hutbouproses ook aan die besoeker vertoon word.

'n Wye verskeidenheid aspekte van die sosiale lewe van die Tsonga kan verder deur spesiale programme aan die besoeker vertoon word. Hier word daar gedink aan bv. 'n program vir volwassenes: "Een dag in die lewe van 'n Tsongaman of vrou." Besoekers sal 'n verskeidenheid aktiwiteite kan meemaak en sien waarmee die Tsonga hulle daagliks besig hou. Die belangrike sosiale rol van bier kan bv. uitgewys word: die drink van bier uit 'n kleipotjie; die aangee van die bier deur die jong vrou aan die besoeker terwyl sy kniel om haar respek te toon; die hoof van die wooneenheid wat eerste drink, **ku susa vuloyi,** om te wys dat die bier drinkbaar is; die besondere stoeltjies waarop daar gesit word. Of die verskillende wapens kan uitgewys en verduidelik word. Of die besoeker kan sien hoe die eenvoudige houtsnee-apparaat, die dissel, by die sny van 'n kierie gebruik word. Daar kan gesien word hoe kralewerk gedoen word, potte vervaardig of matte vleg word, hoe kos voorberei word. Daar kan selfs 'n musiekprogram aangebied word, waartydens al die musiekinstrumente van die Tsonga gedemonstreer word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Dit is ook moontlik om 'n program oor tradisionele disse, en die nuttiging van veldkosse aan te bied. Die bediening van voedsel kan ook maklik in 'n opelugmuseum tot sy reg kom. Dit word aanvaar dat die museumbeampte tydens die verrigtinge die regte inligting aan die besoekers sal oordra. Anders as in 'n statiese museumuitstalling waar daar van byskrifte gebruik gemaak word, geskied die oordrag van kennis dan op lewendige, en deelnemende wyse.

Die kurator moet egter ook sensitief wees oor wat oorgedra kan word en wat liewers nie aan die gewone besoeker gewys moet word nie. Byvoorbeeld die geboorte en die "uitkom" van die baba is private aangeleenthede wat liefs nie behandel moet word nie. Dieselfde geld vir die inisiasie van jong dogters, waarby vreemdelinge nie toegelaat word nie. Hier mag 'n mens dalk foto's gebruik waarvan die deelnemers se gesigte onherkenbaar gemaak is.

### 2.4.6 Religieuse beskouings en rituele praktyke

Die Tsonga het 'n vae begrip van 'n opperwese, **Tilo**, wat êrens in die hemel wat ook **tilo** genoem word, gesetel is. Hierdie opperwese speel egter nie 'n belangrike rol in die lewe van die Tsonga nie. Veel eerder bestaan daar by die Tsonga die geloof in die voortbestaan van die geeste van die gestorwe voorgeslagte. Hierdie vooroueraanbidding en eerbetoon speel 'n sentrale rol in die Tsonga se religieuse lewe.

Terselfdertyd is daar ook 'n sterk geloof in towerkrag aanwesig. Twee soorte towery kom na bewering nog gereeld voor. Towerkrag wat ten kwade aangewend word, word **vuloyi** genoem. Baie beskermende voorsorgmaatreëls word deur die mense getref om **vuloyi** af te keer. Goedwillige towery word benut deur die waarsêers, **vanghoma**, en die kragdokter (kruiedokter) of **n'anga.**

Baie handelinge, seremonies en rites asook beskermingsvoorwerpe kom voor om towerkrag te ontduik of om dit ten goede aan te wend.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

2.4.6.1 *Die begrip godsdiens en persoonlike supernaturalisme*

Daar is gevind dat godsdiens in een of ander vorm by alle volke ter wêreld aangetref word. Godsdiens, of religie het op die mens en sy verhouding tot die bonatuurlike betrekking. Onder bonatuurlike word hier verstaan alles wat nie as natuurlik geken of verklaar kan word nie [Coertze 1965:181]. 'n Volk se godsdiens vorm 'n belangrike deel van hul daaglikse lewe. Dit is dan ook te begrype dat van die bonatuurlike verwag sal word om in alledaagse probleme soos siekte, ens., verligting te bring. Die godsdiens van 'n volk vorm 'n deel van sy kultuur en is as sodanig nou ingeweef in sy hele kultuurpatroon.

Die Tsonga glo in die bestaan van 'n menslike siel of gees wat bly voortbestaan na die afsterwe van die liggaam. Afgestorwenes staan bekend as **swikwembu**, voorouergeeste. Die idee van lewe na die dood het dan ook aanleiding gegee tot 'n verskeidenheid begrafnisrites en gebruike wat daartoe lei dat die voorvaders altyd deur hulle lewende nasate geëer word. 'n Voorbeeld hiervan is die lyk wat in 'n sittende posisie begrawe word met sy daaglikse gebruiksvoorwerpe soos sy slaapmat, eetgerei, wapens, ensovoorts, byderhand.

Manisme is egter nie net die geloof in die voortbestaan van die menslike siel of gees na die dood nie, maar sluit ook die geloof in dat hierdie geeste die lewens van hul aardse nakomelinge kan beïnvloed, hetsy ten goede of ten kwade. Vandaar dan ook dat bepaalde dienshandelinge aan die geeste gerig word ten einde hul goeie gesindheid te verseker.

Daar bestaan verskillende tipes geeste by die Tsonga bv. familiegeeste, stamgeeste en vreemde geeste. Elke familie het egter twee tipes voorouers of familiegeeste: die van die vader en van die moeder, **swikembu swa ka hina**, ons voorvadergeeste. Dan kan vreemde geeste, die Vandau en die Vangoni ook besit neem van 'n persoon se liggaam. Daarom word daar bepaalde handelinge uitgevoer om hulle tevrede te hou of om hulle goedgunstigheid te bekom. Vir hierdie vreemde geeste, **swikwembu swa van'wana** word daar ook 'n spesiale offerhutjie, die **ndhumba** of Ndau-hut, met offerplek opgerig. Hierdie hutjie vorm deel van 'n wooneenheid.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Wanneer daar meerdere vroue in die wooneenheid woon, word die **ndhumba**-hut langs die wooneenheid van die persoon wat deur die vreemde geeste beset is, gebou. Binne die hutjie word 'n spesiale altaartjie vir hierdie geeste opgerig, die **phandzi** of **ndhumba swa ndau**.

Daar is onduidelikheid oor waar die voorouergeeste presies woonagtig is. Die plekke wat genoem word, is: onder die grond waar die stat van die voorouers kan wees en waar baie beeste en landerye aanwesig is; in hul grafte waar al hul persoonlike besittings is; of in die olifantsbeen by die offerplek in die middel van die kraal, **muti**. Elke **muti** het 'n offerplek onder 'n maroelaboom, die **gandzelo ra swikwembu,** waar die voorouergeeste aangespreek word. Voorouweraanbidding en -verering word **ku phahla** genoem. Elke persoon het voorvadergeeste, waarteenoor slegs sommige individue deur vreemde geeste beset word.

Daar is vier wyses waarop voorouers hulle aan die lewendes kan bekendstel, naamlik in die vorm van diere, deur drome, deur teenspoed en deur waarsegging. Voorvadergeeste verskyn byvoorbeeld as 'n hottentotsgot of as 'n slang soos die pofadder. Hierdie diere word nooit aangeraak of gedood nie, want daar word geglo dat dit een van die voorouers is wat besoek kom aflê.

Wanneer 'n persoon van een van sy oorlede familielede droom, is hy gewoonlik bang - veral as dit nie in die droom duidelik was wat die spesifieke voorouer verlang nie. So gou as moontlik sal 'n **n'anga** genader word, sodat sy dolosse die rede vir die droom kan verklaar.

Wanneer teenspoed ervaar word, byvoorbeeld siekte, swak oeste of steriliteit by 'n vrou, word die **n'anga** ook besoek, sodat hy sy dolosse daaromtrent kan raadpleeg. Indien die rampe volgens hom nie deur towery veroorsaak is nie, is dit die werk van die voorouers. Die Tsonga glo onwrikbaar dat die dolosse, **tinhlolo**, die waarseggingsinstrument is waardeur die geeste hul wense onthul.

Daar is twee wyses waarop voorouers deur die mens gedien word, naamlik:

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

- **Gebed**

Dit is die woordelikse aanspreek van die voorouers ten einde hul goeie guns te verseker en hulle te vereer. Ook gedurende krisistye word die vooroeergeeste genader. Die familiehoof neem gewoonlik die leiding.

Gewoonlik gaan dit saam met 'n offerande. Die gebed is meestal kort en saaklik, byvoorbeeld slegs om die voorouers in te lig oor familiegebeure, soos 'n voorgenome huwelik. Dit kan ook gepaardgaan met die klap van hande, **ku phahla**.

- **Offerhandelinge**

Offerhandelinge word altyd deur die familiehoof of die oudste lewende broer van die familiehoof uitgevoer. Daar is egter offerandes wat deur 'n individu self uitgevoer kan word, byvoorbeeld wanneer 'n man 'n sekere meisie se guns wil wen, kan hy iets aan die geeste offer om hul hulp in die saak te verkry. As 'n reël word 'n offerhandeling egter nie deur 'n man uitgevoer voordat sy ouers nie oorlede is nie. Soms kan die dolosse van 'n vrou vereis dat sy byvoorbeeld die gebed tydens die offerande sê. In die hedendaagse tye waar die mans baie dikwels afwesig is, weens werksomstandighede, is dit al hoe meer die vrouens wat die voorouerverering waarneem.

Voorwerpe wat geoffer word, is byvoorbeeld 'n stukkie beesvleis of bokvleis, hoender, asook produkte, soos mielies wat van die landerye verkry is, snuif, bier, klere of materiaal. Die offerhandeling vind onder die maroelaboom by die altaar, **gandzelo**, plaas. Die voorwerpe word egter nie in hul geheel geoffer nie. So byvoorbeeld sal slegs 'n veer of die beentjies van 'n hoender by die offerplek geplaas word, terwyl die vleis deur die mense geëet word.

Wanneer 'n lewendige dier uitgesonder word vir die geeste, byvoorbeeld die wit hoender wat vir die Ndaugeeste bedoel is, mag so 'n hoender nie doodgemaak of verkoop word nie. Wanneer die hoender aan natuurlike oorsake vrek, moet dit onmiddellik met 'n lewende hoender vervang word terwyl die dooie een nie geëet mag word nie. Hierdie wit hoender word dan aan die **ndaugeeste** opgedra.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Dit is interessant om te onthou dat wanneer daar aan 'n vroulike voorouergees geoffer word, moet die offerdier van die manlike geslag wees en omgekeerd. So byvoorbeeld sal 'n haan vir 'n vroulike voorouergees en 'n hen vir 'n manlike voorouergees geoffer word.

Die offerande word in die potjie, **xijomelani,** wat ingemessel is in die offerplek, **gandzelo**, onder die maroelaboom geplaas. Die horings van beeste en bokke wat reeds geoffer is, word dan ook aan die maroelaboom se stam vasgespyker (foto 3.41).

### 2.4.6.2 *Onpersoonlike supernaturalisme by die Tsonga*

Daar is hier sprake van twee tipes towery, naamlik die sogenaamde "wit" of goedwillige en die "swart" of kwaadwillige towery.

- **"Wit" of goedwillige towery**

Daar word deur die Tsonga twee tipes persone onderskei wat hierdie praktyk beoefen nl. die **n'anga**, wat sy/haar praktyk aanleer, terwyl die ware waarsêer, **munghoma** 'n persoon is wat met die waarseggingseienskappe gebore word. Hierdie twee funksionarisse se aktiwiteite is nie geheim nie en hulle tree openlik op. Hulle moet 'n opleidingstydperk meemaak, voordat hulle kan "praktiseer". Daar word van plante, **mirhi**, wat na bewering medisinale waarde het, gebruik gemaak. Hul werksaamhede sluit in diagnosering van siektes, opspoor van verlore goedere, en die "uitruik" van bose towenaars. Naas die gebruik van plante, word ook dolosse as waarseggingsapparaat gebruik. **Ku hlahluva** beteken om waar te sê. Albei se dienste is gewoonlik teen vergoeding beskikbaar.

'n Baie groot aantal vrouens onder die Tsonga het die beoefening van die beroep van 'n **n'anga** aangeleer, 'n vaardigheid wat 'n ekonomiese bate is, omdat dit nie moeilik is om aan te leer nie en 'n inkomste inbring. Daar word bereken dat daar duisende vrouens in Gazankulu is wat tot die **n'anga**- gilde hoort.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

- **"Swart" of kwaadwillige towery**

Hierdie praktyk staan as **vuloyi (noyi)** bekend, terwyl die mense wat "swart" towery beoefen **valoyi** genoem word. Hierdie vermoë is oorerflik en word van die moeder verkry. 'n Vrou sal dit aan al haar kinders kan oordra deurdat daar geglo word dat die kind dit verkry, terwyl hy aan sy moeder se bors gevoed word. Gewoonlik sal so 'n moeder na bewering een van haar kinders nie aan haar laat drink nie en sal so 'n kind ook nie die "krag" ontvang nie. Dit word gedoen, sodat die kind byvoorbeeld in die plek van een wat dalk van bose towery beskuldig word kan gaan, en as beskerming vir die ander kinders kan dien.

Die **valoyi** ken mekaar en vorm in 'n stam 'n soort "geheime organisasie". Hulle aktiwiteite word geheim gehou. Hul tree slegs gedurende die nag op. Hulle word deur die res van die stamlede gevrees. Hul werksaamhede draai gewoonlik om die vernietiging van lewe of die beskadiging of steel van eiendom. Die vernietiging van lewe (moord), word aangevuur deur haat en jaloesie. Daarom word die wooneenheid en 'n persoon se woonplek altyd deur die **n'anga** teen die **valoyi** se aktiwiteite behandel. Sekere beskermende plante, **mirhi**, word vandag nog gereeld onder die drumpel by die ingang van elke hut, by die hoofingang na die stat en op die paaie wat na die woonkompleks voer, geplaas.

Die aktiwiteite van **valoyi**, word as 'n ernstige "kriminele" oortreding beskou en is in die verlede gewoonlik met die dood gestraf. 'n Mindere straf (of "sagste" straf) is verbanning. Dit is egter ook 'n baie ernstige oortreding om 'n persoon van towery te beskuldig. Daarom sal niemand, al weet hulle wie die **valoyi** is, van daardie persone sê dat hulle besig is met **vuloyi** nie.

- **Taboe**

Taboereëls hou verband met die geloof dat onpersoonlike bonatuurlike krag outomaties losgelaat kan word ten nadele van 'n persoon of gemeenskap, indien voorgeskrewe gedragsreëls oortree word. Taboe word in Tsonga **yila**, genoem. Daar is verskillende soorte taboe's. Enkeles word hier genoem:

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Daar is taboe's wat verband hou met die daaglikse aktiwiteite van die vrouens. Potte wat gebak word, mag nie met sout in aanraking kom nie. Vrouens wat nog vrugbaar is, mag nie in die beeskraal gaan nie. Die lande mag nie bewerk word direk na 'n haelstorm nie. Niemand mag 'n hut bou, voordat so 'n persoon nie getroud is nie. Die abbavel mag nie gemaak word voor die geboorte van die kind nie. Volksverhale mag nie voor die son gesak het, vertel word nie. Niemand mag van die oes pluk of eet voordat daar nie eers aan die voorouergeeste geoffer is nie, d.w.s. voor "die fees van die eerste vrugte" nie plaasgevind het nie.

- **Bespreking**

Die religieuse lewe van die Tsonga is een van die moeilikste fasette van hul kultuur om aan die besoeker oor te dra. Die gebruikmaking van 'n sogenaamde "toordokter" wat die toekoms voorspel, is 'n populêre en sensasionele manier om besoekers te lok, maar dit gee vir die oningeligte 'n totale verkeerde beeld van die ingewikkelde religieuse struktuur van die Tsonga.

Die museum moet versigtig wees om verkeerde inligting oor te dra en daarom moet daar goed gedink word hoe die godsdiens van die Tsonga op verstaanbare wyse uitgebeeld kan word. Dit moet saamgaan met 'n teoretiese beskrywing van die religieuse lewe en besoekers wat wil ontspan, is meestal nie lus om na praatjies te luister nie.

In die Tsongakraal-Opelugmuseum word die offeraltaar vir voorouergeeste, **gandzelo ra swikwembu**, aan besoekers gewys, maar net langsaan staan die **ndhumba** hut vir vreemde Ndaugeeste. In die werklike lewe staan die twee offerplekke nooit bymekaar nie.

Die **ndhumba**-hut of ndauhut sal by die persoon, wat deur die Ndaugeeste beset is, se hut opgerig word en binne in die hut is die offerplekkie wat bestaan uit 'n gevurkte tak wat in die hutvloer gemessel is. Onder hierdie offerplek vir Ndaugeeste, **ndhumba ra Ndau,** of **gandzelo ra van'wana**, (die altaar vir vreemde geeste) lê die persoon wat ndaugeeste het, se kleredrag, kopbedekking en ander artikels. Hierdie items sluit in:

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

kralesierade, snuifbotteltjie, **mfuku**, amulet, **xitshungulo**, gordels, **xifunga,** ens. Krale wat gebruik word, is hoofsaaklik wit en rooi gekleur. Vyf soorte lap word gewoonlik in 'n spesiale mandjie, **ntundzwani,** ook onder die tak geplaas. Die lappe wat hierdie persoon, volgens voorskrifte van die ndaugeeste, gewoonlik moet hê is een spierwitte, **rigidawa,** een swarte **lopa,** een blou/wit geblokte **mpalu**, een rooie, **siyandhani,** asook 'n rooipers-en-wit lap, **njeti** genoem. Laasgenoemde tref 'n mens orals in die winkels in en naby Gazankulu aan (foto's 5.82, 5.83).

Onder hierdie boomtak, **ndhumba ra ndau** of **phandzi**, vind 'n mens ook baie medisynebotteltjies. Klein kalbassies word ook as medisynehouers gebruik (foto 2.8). Hierdie medisynehouertjies van kalbas word **xinhunguvani** genoem. Medisyne, **mirhi**, word ook in 'n velsakkie, **nthevele**, of in 'n mandjie gevleg van **milala**-palmblare, gehou. 'n Handrattel, **njele**, meestal gemaak van kalbasse met 'n stok daarin gesteek, word gebruik tydens seremonies en tref 'n mens ook op die **ndhumba ra ndau** aan, sowel as 'n klein handsakkie, **funeko**, waarin die persoon se dolosse gehou word. In die hutjie hang daar gewoonlik ook 'n slaapmat, **sangu**. Verskeie gekerfde houtbakke en borde staan ook gewoonlik daar waarin kruiemengsels bewaar word. Daar sal meestal ook 'n stel van drie tromme wees, wat gebruik word tydens danse wanneer die persoon haarself in beswyming dans. 'n Rooi doek met wit krale daarop geborduur, sodat die resultaat soos wit kant lyk, (foto 5.22), is ook dikwels deel van die uitrusting. Soms het die persoon ook 'n soortgelyke groen/blouerige doek. Hierdie doek word om die onderlyf gewikkel (sien foto 5.16). Tydens seremonies en danse hou die geesbesette persoon 'n waaierbesempie, **xiphunga**, van 'n hiënastert in sy hand. Hierdie **xiphunga** is ook deel van die bykomstighede (foto 5.83).

'n Besondere amulet wat met die voorvadergeeste verband hou en wat 'n persoon as spesiale beskerming teen bose invloed dra, word **mhamba** genoem (foto 5.5). Hierdie **mhamba ya xikwembu** word in hoofstuk 5.1 oor kralewerk bespreek.

By die offerplek vir die voorouergeeste, **gandzelo ra swikwembu,** tref 'n mens ook 'n paar voorwerpe aan wat oorspronklik in die ekonomiese lewe

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

gebruik is, maar waarvan die funksie nou verander het na voorwerpe wat binne die religieuse konteks gebruik word. As voorbeeld kan die skoffelpiklem, **xikomu**, genoem word. Die lem is oorspronklik in die akkerbou gebruik. Later is skoffelpiklemme ook as trougoedere oorhandig. Nou vorm die **xikomu** deel van die voorwerpe wat op die altaar, **gandzelo**, gevind word. Dit word nou in religieuse konteks gebruik om die vrouens van die woonkompleks, wat die akkerbou beoefen, te simboliseer. Vlakvarktande word ook aangetref as simbool vir die jag wat deur die mans beoefen word. Die olifanttand by die **gandzelo** is een van die moontlike woonplekke van die voorouergeeste, soos ons reeds genoem het. Die kleipotjie kry ook hier 'n religieuse funksie. Hierin word die offerandes soos bier of 'n stukkie vleis geplaas. Verskeie tegniese skeppinge word tydens godsdienstige handelinge en rites gebruik. Ten opsigte van godsdiens is dit egter nie so maklik om te besluit wat 'n mens wil uitstal of demonstreer en watter aspekte liewer nie aan die algemene publiek vertoon behoort te word nie. Daar bestaan 'n probleem rondom die propagering van die geloof in voorouergeeste en towery en daarom kan daar nie voorgestel word om offerseremonies vir toeskouers uit te voer nie. Die uitwys van die **gandzelo ra swikwembu** en die hutjie van die Ndaugeeste by die Tsongakraal met bygaande verduidelikings is voldoende om vir die besoeker die verskil in godsdiens uit te wys. Daar kan genoem word dat hierdie twee struktuurtjies nog baie algemeen in Gazankulu voorkom.

Taboereëls beheers die Tsonga se daaglikse lewe. Dit sluit in take wat óf gedoen moet word of vermy moet word om onheil vir die lewendes te voorkom. Bv. sout mag nie tydens die pottebakproses met die kleipotte in aanraking gebring word nie. Die kleipotte sal na bewering tydens die bakproses bars. Tydens die bou van 'n nuwe woonkompleks is dit 'n taboe om sekere bome met 'n hol stam te laat staan. Hierdie boom word altyd verwyder, want die hol stam sal die bloukopkoggelmander aanlok wat weer die weerlig aanlok [Küsel s.a]. Hierdie inligting is deur Küsel in sy navorsing in die vroeë sewentigerjare bekom. Hy wou graag so 'n boom in die kraal behou, maar sy segspersoon en raadgewer tydens die bou van die Tsongakraal het botweg geweier. Nadat Küsel vir hom verduidelik het, dat hy graag hierdie boom aan museumbesoekers wou uitwys, het die informant

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

ingestem op voorwaarde dat die boom deur die **n'anga** teen die bose invloed soos weerlig behandel sou word.

### 2.4.7 Volkseie kultuurgoedere

#### 2.4.7.1 *Taal en folklore*

Die taal van die Tsonga, **Xitsonga,** word nie eenvormig gepraat nie. Aangesien die mense uit verskillende groeperinge bestaan, vind ons 'n verskeidenheid dialekte. Taalstudie is spesialiswerk wat deur linguiste onderneem moet word en val buite die bestek van hierdie geskrif. 'n Mens moet egter onthou dat:

> *"A careful study of their Swivongo (familie praise names) shows that they are not an original specific tribal entity, but a fusion of various elements ........ the one and only element in the formation of the tribe was language"*
> [Potgieter(ed) 1973:600].

Die baie dialekte wat meebring dat 'n voorwerp verskeie benamings het of verskillend geskryf word, het die taak van navorsing baie bemoeilik.

Naas suiwer taal en dialekstudie is die studie van die raaisels, stories, volkverhale, legendes, kuns en liedjies van die Tsonga van besondere belang. Hierdie gedeelte van taalstudie laat 'n mens begryp hoe die Tsonga oor die wêreld en die lewe dink [vgl. ook Junod 1938:25-83]. Die Tsonga is bekend vir hul rykdom aan volksverhale en legendes [vgl. ook Junod 1897; Junod 1927, II:227-237]. 'n Hele aantal raaisels is deur hierdie skrywers versamel, en aan spreekwoorde ontbreek dit die Tsonga hoegenaamd nie. Junod [1973] het altesame 1671 versamel en gepubliseer in "The Wisdom of the Tsonga-Shangana people". Ook die byname wat Tsonga aan ander, ook blankes gee, dui op hul skerp waarnemingsvermoë en sin vir humor.

Deur kennis op te doen van die Tsonga se idiome, volksverhale, raaisel ens. kry 'n mens

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

> *"........a true picture of the wisdom of the Africans, they are the best indication of their rules of conduct, they are the proof that the Umuntu has a soul, and that under his black skin beats a genuine human heart, a heart........full of interest".*
>
> [Junod 1938:57].

Hierdie materiaal behoort in 'n opelugmuseum bruikbaar te wees.

Die Tsonga se geskiedenis is ook vir eeue van een geslag na die volgende oorgedra. Stories van die verlede, **matimu**, en die algemene geskiedenis van die Tsonga, **matimu ya swa khale,** is deur uitgesoekte persone gememoriseer wat dit dan weer in sy of haar leeftyd aan die volgende persoon geleer het. Sodoende het die oorlewering van hierdie volksverhale gesorg dat die geskiedenis nie verlore geraak het nie.

In die aand om die vuur is dit storietyd. Hier word al die "letterkunde" voorgedra en oorgedra na die volgende geslag. Hierdie geleenthede gee ook aan die storieverteller, **garingani,** kans om sy teatrale aanleg uit te leef. Dit is 'n taboe om voor die aand met die vertel van stories en legendes te begin [Junod 1927, II:210-212]. Storievertellers kan van beide geslagte wees en beide oud en jonk neem daaraan deel. Die beste akteurs en geheues word egter aan ouer vrouens toegeken. Elke storieverteller begin sy storie altyd met die woord **garingani-wa-garingani**. Daar word geëindig met **choyoyo**.

Uitbeelding en voordrag van stories, liedjies, raaisels ens. kan tydens spesiale programme of kampvuuraande in 'n museum voorgedra word. Dit dra daartoe by om die Tsonga beter te leer ken, of vir ander Tsonga om hulle eie volksverhale te hoor. Raaisels, spreekwoorde en idiomatiese uitdrukkings van die Tsonga kan op kaarte geskryf word en aan die besoeker gegee of verkoop word. Liedjies en stories kan tydens 'n kinderprogram vir die kinders geleer word. Dit is alles wyses waarop hierdie deel van die Tsonga se kultuur in 'n museum van betekenis gemaak kan word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

2.4.7.2 *Musiek en musiekinstrumente*

Musiek vorm 'n integrale deel van 'n volk se bestaan. So hang die Tsonga se musiek ten nouste saam met klanke, ritme, dans, sang, handeklap, en die bespeling van musiekinstrumente. Dit vertel vir die toehoorder iets van hul geaardheid en volkskarakter. 'n Vergelyking tussen bv. Tsongadansers en Zuludansers wys vir die toeskouer dadelik dat die Tsonga 'n rustige, vreedsame en vredeliewende geaardheid het, terwyl die strydlustigheid van die Zulu in hul danse waargeneem kan word.

Musiekinstrumente - hul bespeling sowel as hul vervaardiging - het nie net 'n sosiale of vermaaklikheidsrol nie. Die instrumente word ook bv. bespeel tydens die fees van die eerste vrugte, tydens seremoniële offerhandelinge en ander feeste en hang dus ten nouste saam met al die ander fasette van 'n kultuur.

Die volgende musiekinstrumente kan by die Tsonga onderskei word:

- **Skudinstrumente:** bv. ratel, **njele** - 'n tipe handratel. 'n Verskeidenheid van ratels kom voor, bv. ratels gemaak van **milala**-palmblare, van sade van sekere bome en van koekonne. Dit word om die bene gedra tydens danse. Ook ratels van 'n kalbasspesie, die snuifkalbassie, **marhonge**, word vervaardig.

- **Slaginstrumente:** bv. tromme. 'n Verskeidenheid tromme kom voor soos die **ndzumba**, 'n langwerpige trom, of die **ngoma** en **ngomani** wat veral tydens die inisiasierites gebruik word. 'n Besondere groot trom word **munchinchi**, genoem en 'n kleiner een, die **xikolombane**. 'n Mens tref ook by die Tsonga tamboeryne, **macomani**, aan wat hoofsaaklik geslaan word tydens die danse vir die uitdrywing van geeste.

- **Blaasinstrumente soos die blaashoring en fluite**: Die blaashoring, **mhalamhala**, word van koedoehoring gemaak. Die **mhalamhala** is die instrument wat mense bymekaar roep want dit kan ver gehoor

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

word. Dit word veral geblaas om mense vir 'n vergadering te roep. Ook tydens danse blaas vrouens die **mhalamhala.**

Fluite wat by die Tsonga voorkom, is die **nanga**, duikerhoringfluitjie, die **xiwaya** wat van die vrugtedoppe van die snuifkalbassie, *Oncoba spinosa* gemaak word, waarin drie gaatjies geboor word, en die fluit gemaak van bamboesriet **muqangala**, wat baie kunstig met inbrandwerk versier word. Die **nanga** word tydens danse gefluit en bees- en bokwagtertjies gebruik die fluitjie as hulle in die veld die diere oppas. Die **xiwaya** en **muqangala** word nie tydens spesiale geleenthede maar eerder vir die genot daarvan bespeel. Twee persone blaas die **xiwaya** in afwisseling sodat die 'n roep- en antwoord speletjie word.

- **Snaarinstrumente:** Die volgende snaarinstrumente kan by die Tsonga onderskei word. Onder die musiekboë kry ons die **xitende** - 'n houtboog met kalbasresonator en 'n styfgespande kopersnaar wat met 'n stokkie getik word. In die middel word die snaar met 'n toutjie styfgespan om die instrument te stel. Die **xipendana** is 'n musiekboog met 'n kopersnaar waar die mond as resonator gebruik word. Die **ximbvekembveke** is 'n tipe viool. 'n kalabas dien weer eens as resonator en 'n stokkie word gebruik om die styfgespande kopersnaar te stryk. Die **xizambi** is 'n baie eenvoudige musiekbogie met 'n snaar van die milalapalm. Die boogstok word met 'n handratel gestryk en die mond dien as resonator. Die **mbila** is 'n vingerklavier waar ysterklawers op 'n stuk hout aangebring en binne in 'n kalbas gespeel word wat as resonator gebruik word. Die **xitiringo** is 'n versierde riet met 'n snaar wat ook deur beeswagters bespeel word.

Al hierdie musiekboë word individueel, en vir die genot van die musikant gespeel. Dit is solo-instrumente en word nie tydens danse gespeel nie, maar die speler speel dit terwyl hy voor sy hut sit of as hy op reis gaan.

Alle musiekinstrumente word nie deur almal bespeel nie. Ouderdom, rang, status, en geslag bepaal wie wat mag bespeel. So bv. word snaarinstrumente net deur mans bespeel en slaginstrumente meestal deur ouer vrouens.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Seuns mag dit nie bespeel nie. Dromme word meestal deur vrouens of dogters bespeel, maar nie deur seuns nie.

Vir hierdie studie is van belang dat vrouens ook sekere musiekinstrumente mag bespeel. Uitstallings van musiekinstrumente en spesiale programaanbiedings van Tsongamusiek, is altyd interessant en esteties prikkelend. Die opelugmuseum is 'n geskikte plek waar alles rondom die Tsongamusiek uitgebeeld, verduidelik, en prakties gedemonstreer kan word. Ook die kulturele samehang moet verduidelik word. Musiek en ritme verleen 'n kleur- en klankvolle karakter aan enige dooie museumuitstalling. By die Tsongakraal word reeds 'n paar instrumente gedemonstreer tydens die daaglikse rondleidings. Wanneer kampvuuraande gehou word, word baie instrumente gedemonstreer en die kleredrag en bykomstighede wat gedra word, kom tot hul reg. Spesiale programme oor die vervaardiging, kategorisering, bespeling ens. is een van die aangenaamste ondervindings van die besoeker aan die museum, waartydens ook die interafhanklikheid van die kultuurfasette op 'n eenvoudige manier uitgebeeld kan word.

### 2.4.7.3 *Gebruiksartikels*

Bruwer verdeel alledaagse gebruiksartikels in die volgende kategorieë: kleredrag, ornamente, huisartikels, bedryfsgereedskap, en wapens [1963:116]. Hierdie kategorisering sal hier gebruik word. Die afdeling oor wapens word egter weggelaat, omdat die vreedsame verlede van die afgelope meer as honderd jaar kennis oor wapens by informante laat vervaag het.

Die feit dat die Tsonga altyd in tsetsevlieg-besmette gebiede gewoon het, het waarskynlik daartoe bygedra dat die bees, anders as by die Nguni, Sotho en Venda, 'n minder belangrike rol t.o.v. die religieuse en sosiale seremonies speel. Dat hulle wel beeste aanhou, is reeds bespreek.

Die Tsonga word veel eerder as 'n landbouvolk in teenstelling tot 'n herdersvolk beskou.

> *"Hulle openbaar 'n fyn kunsgevoel in hulle houtsneewerk, vlegkuns, musiek en toneelkuns" [Bruwer 1963:24].*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die nekstutte, **swiqamelo,** en snuifbotteltjies, **minfuku,** in museums en privaatversamelings is besonder kunstig gesny. So ook kieries, houtbakke en mandjies, wat mans vervaardig. Dié mandjies wat vrouens maak, **xirhundzu,** is besonder fyn en netjies afgerond.

- **Kleredrag, ornamente en versierings**

Soos alle mense het ook die Tsonga vroeër hul kleredrag van velle vervaardig, maar weens hul vroeë kontak met handelsvolke uit die ooste, en later met Portugal, het die Tsonga gou kennis gemaak met geweefde materiaal en ook klere daarvan gedra, meestal deur die stukke materiaal om die liggaam te drapeer. Soms word dit oor een skouer geknoop en soms net bokant die borste. Mans het slegs hul lende omgord.

Junod [Duggan-Cronin 1935:13], wat die Tsonga in Mosambiek asook die Transvaal-Tsonga bestudeer het, skryf dat merkbare uiterlike veranderinge plaasgevind het.

> *"..........there is little in common now between the Nkuna or Spelonken woman arrayed in a beautifully beaded skirt (the N'wandindana), and the Thonga woman of the past who wears merely a strip of cloth (Kapulana) fastened above the breast"*
> (sien ook Junod 1927, II:91-92).

Baie verwysing na die "Capelana" asook krale as handelsruilmiddels kan in Das Neves gelees word [1987:227-228].

Die Transvaalse Tsongavrouens is nog steeds lief om ".......pieces of unshaped material, which they call Kapulana........" te dra. [Duggan-Cronin 1935:13] Hier in Gazankulu word dit **nceka** genoem.

Die Tsonga in Mosambiek was bekend daarvoor dat hulle materiaal vervaardig het van boombas. Verwysings na die basmateriaal kan nagegaan word in Earthy [1968:43, 60, 123-125]; en Junod [1938:105].

Ook wilde katoen, *Gossypium herbaceum var. Africanum*, kom oral in Suid-oos-Afrika tot in Transvaal voor. Dit is bekend dat die Tsonga van

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Mosambiek hul eie materiaal hiervan gespin en geweef het. Dit blyk duidelik uit geskrewe en mondelinge historiese gegewens, asook linguistiese bewyse:

So haal Davison and Harris o.a. Vasco da Gama aan wat in 1498 suid van Sofala, Mosambiek, die volgende waarneming gemaak het:

> *"People go naked, mainly wearing a piece of cotton stuff around their loins, that worn by the women being larger than that of men"*
>
> [1980:178]

en verder:

> *"In the eighteenth century Dutch and British seafarers commented on the handwoven cotton cloth worn by women in Delagoa Bay area, and there is reference to this type of cloth there being worn as late as 1823. In the Mabudu chiefdom to the south of Delagoa Bay wild cotton is known to have been spun and woven into cloth. Oral tradition confirms that Tsonga speaking people living in the Limpopo and Sabi Rivers wore similar cotton cloths and archival records refer to the manufacture of cloth in parts of the Gaza Empire"*

en verder:

> *"It seems likely that cotton weaving technology was taken across the Limpopo into die Venda areas of northern Transvaal and into the Tsonga areas of southern Mozambique and northern Natal by Shona migrants moving southwards in the seventeenth century"*
>
> [Davison and Harris 1980:178].

Taalkundige bewyse kry ons van voor die Portugese invloed: **Wilde katoen** (Shona: **dorye**; Chewa; **thorye**; Venda: **mudale**; Tsonga: **busale**); **handgeweefde materiaal** (Shona: **machira**. Venda: **masila**; Tsonga: **isila**; Noord-Sotho: **masela**). Geen terme vir bg. word onder die Nguni aangetref nie, [Davison 1980:178]. Die tegniek word nie meer toegepas nie en het vermoedelik vir altyd verlore geraak.

Vandag het die Tsonga 'n baie kenmerkende kleredrag. Hedendaagse kralewerk en versiering sal meer in detail in hoofstuk 5 bespreek word. Junod meld dat die Tsonga eers in die Transvaal en moontlik onder Transvaal-Ndebele invloed

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

> *".........acquired a most picturesque original mode of dress"* [Duggan-Cronin 1935:13].

Earthy beskryf pragtige kralewerk-bykomstighede vir versiering asook magiese gebruike onder die Lenge vrouens [1968:59-60]. Alhoewel heel verskillend van die Transvaal-Tsonga-kralewerk is daar tog ook ooreenkomste in tipes, vervaardigingswyse, tegniek en motiewe.

Wat van belang is, is dat die Tsonga vandat hulle hulle in Transvaal gevestig het, hul eie kenmerkende styl in kleredrag, bykomstighede en versierings ontwikkel het, dat die vrouens baie tyd, moeite en aandag hieraan bestee, asook dat sekere stukke tot vandag toe nog vervaardig en gedra word, ten spyte daarvan dat krale deesdae byna onbekostigbaar is.

Die kleurvolle en mooi kleredrag en versiering van die Tsongavrouens en die uitstalling en vertoon daarvan hoort by uitstek in 'n museum tuis. Naas direkte uitstalling moet die samevoeging van kleredrag ook aan die personeel in die opelugmuseum sigbaar wees. Daar moet onderskeid gemaak word tussen alledaagse drag en versiering en geleentheidsdrag en versierings. Laasgenoemde sal in 'n museum alleen tot sy reg kan kom as daar iets soos 'n modeparade georganiseer kan word. Ook tydens kampvuuraande waar danse en musiek gedemonstreer word, kom die uithang-kleredrag tot hul reg. Hierdie aspek word reeds suksesvol by die Tsongakraal aangewend.

Die kleurvolle doeke wat die vrouens dra, strek ook oor 'n wye spektrum. Eerstens is daar die doeke, **minceka**, wat in winkels gekoop kan word, wat voldoen aan die Tsongavrouens se liefde vir helder kleure en verskeidenheid. 'n Ander verskynsel is dat die vrouens swart materiaal koop en dan met enige soort helderkleurige wol of garing, asook krale verskillende motiewe daarop borduur. In die jongste tyd is wit lappe baie gewild. Daar word self gebruik gemaak van mieliemeelsakke, waarop die handelsnaam en motiewe dan deur die vrouens bestik word. Al hierdie ontwikkelinge t.o.v. kleredrag behoort in 'n museumversameling opgeneem te word vir bewaring, omdat dit die heersende gees van ons tyd weerspieël (foto's 5.65 - 72).

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

- **Huishoudelike artikels en bedryfsgereedskap**

Die belangrikste huishoudelike artikels en gereedskap wat met voedselverwerking te doen het, is reeds genoem. Samevattend kan genoem word dat die belangrikste huisartikels van die Tsonga bestaan uit erdewerk, houtwerk, vlegwerk en kalbasse. Die Tsongavrou vervaardig en benut erdewerk, behartig die aanplant, verwerking en benutting van kalbasse, en sy doen ook vlegwerk. Die mans vul die vrou se huishouding aan met voorwerpe uit hout gekerf, soos houtborde, lepels, roerspane, stampblokke en die klein vysel en stamper, asook sekere soorte vlegwerk soos mandjies, handsakke, biersiwwe, ens. Al hierdie artikels word met hul eiehandig-vervaardigde gereedskap bewerk.

Alle ander gebruiksartikels, wapens, religieuse bykomstighede uit velle, soos velklere en medisynesakkies, en voorwerpe van horing, been, yster, koper en ivoor word deur die mans voorsien. Sommige voorwerpe uit die natuur word in hul natuurlike toestand aangewend soos bv. verskeie soorte klippe, skulpe, sade en saaddoppe. Klippe is bv. gebruik as hamerklippe, kapgereedskap (maroelaneute), as ambeeld, om kleivloere mee glad en blink te vryf en as polysklippe in die potvervaardigingproses. Skulpe is gebruik as skep- en skraapgereedskap tydens soutontginning, of as versierings ens. Sade soos bv. die **thamula**, kameelspoorboom, word ook tydens pottebakkery gebruik. Saaddoppe word gebruik as houers, vir musiekinstrumente ens.

### 2.4.8 Samevatting

’n Beskrywing van die materiële en geestelike kultuur van die Tsonga laat ’n mens duidelik sien hoe die spesifieke volk leef, dink, handel en voel. Die Tsonga besit beslis nog ’n eiesoortige kultuurkarakter en vrouens speel ’n groot rol as kultuurdraers.

Uit die bogaande kort oorsig van die materiële kultuur van die Tsonga, veral in die meer historiese konteks, blyk dit duidelik dat daar op feitlik alle terreine van die lewenswyse iets is wat in die opelugmuseum aan die besoeker getoon kan word. Wat betref die take en verantwoordelikhede van

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

die vrou, het haar dae egter nie net bestaan uit die versamel en vervaardiging van praktiese gebruiksgoedere nie, maar ook menige ander pligte het op haar skouers gerus soos koskook, klerewas, kinders versorg, leer, grootmaak en oppas, ens.

In die landerye was die pligte menigvuldig en die insameling van veldkos het ook sy tyd geverg. Vir spesiale geleenthede moes bier gebrou word en die hutte moes ook gereeld oorgepleister en versier word. Sy moes ook haar rol speel tydens danse, feeste en verskillende seremonies soos geboortes, inisiasie, huwelike ens.

'n Opsomming van die verskillende rolle wat mans en vrouens in die sosio-ekonomiese en religieuse lewe verrig, dra by tot 'n samehangende begrip van hierdie volk se kultuur.

2.4.8.1 *Die rol van die man*

Die man het as hoof van sy gesin(ne) sekere verantwoordelikhede, regte en voorregte, maar sy belangrikste taak is om die gesinne-eenheid bymekaar te hou, te beskerm teen alle gevare, en toe te sien dat hulle genoeg voedsel het, alhoewel hy nie self daardie voedsel verbou of voorberei nie.

Om sy gesinne te kan beskerm teen alle gevare, is die man se rol ook polities van aard: in tye van oorlog is die mans soldate, hulle hou krygsraad en veg. In nie-oorlogstye sit die mans vir ure in hulle **vandla** en gesels en reël die politieke sake.

Die man speel hy ook op ekonomiese gebied 'n rol. Alhoewel die vrouens eintlik die akkerbouers is, help die man op menige gebied: hy bou die graanstore en help om die oeste daar te stoor, hy berei die stellasie voor wat in die veld opgerig word waarop gewasse in die son gedroog word. Hy bou ook die rak in die hut waarop die mandjie staan met die saad vir die volgende jaar, en natuurlik is hy ook die jagter.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Ook op religieuse gebied vervul die man 'n besondere rol: hy is as die senior persoon die skakel tussen sy gesinne en hul voorouergeeste. Sy status word ook om dié rede gerespekteer.

Ander pligte en bedrywighede van die mans omvat die volgende:

- Hulle bou en herstel al die hutte
- Hulle is verantwoordelik vir die beeste; dit is 'n taboe dat vrouens enigiets met die beeste te doen het.
- Mans vervaardig die meeste huishoudelike benodighede soos die stamper en stampblok, alle houtvoorwerpe, verskillende mandjies, ystervoorwerpe soos skoffelpikke wat in die klein ystersmee-oond vervaardig word, velle wat tot velklere gebrei en voorberei moet word.
- Visvang en jag het ook 'n groot deel van die man se tyd opgeneem. Vroeër het hulle ook baie tyd spandeer om oor en weer by vriende te kuier en het soms lang afstande gereis.

Die mans word nie deur hulle vrouens as lui beskou nie, inteendeel as die oeste klaar ingebring is, berei sy spesiaal bier vir haar man as dankbetuiging dat hy haar gehelp het.

Aangesien die grootste deel van die man se aktiwiteite buite die wooneenheid is, moes daar spesiale reëlings getref word om bv. houtsneewerk, die smidsbedryf e.a. binne in die Tsongakraal te bring sodat 'n beter geheel uitgestal kan word.

### 2.4.8.2 *Die rol van die vrou*

Die dag van die vrou is altyd vol pligte.

Buiten haar gewone huishoudelike pligte soos houtsoek, water aandra, koskook, klerewas, kinders versorg, grootmaak en oppas, het sy nog menige ander pligte:

Waar die Tsongaman verantwoordelik is vir die beeste en bokke, is die Tsongavrouens weer uitsluitlik die akkerbouers : sy moet die grond bewerk

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

(omskoffel, saai, oppas en die voëls verjaag en oes). Verder moet sy veldkos versamel, en alle voedsel voorberei en kook. Dit sluit byvoorbeeld in:

- om die mielies met die stampblok en stamper fyn te stamp
- om mopaniewurms te versamel, uit te druk, te droog of te braai
- om groente te versamel, voor te berei en te droog
- om grondbone aan te plant en te oes, te droog en fyn te stamp
- om maroelaneute te kap, en om die neute uit te haal.

Verder is die vrouens ook verantwoordelik vir die brou van bier - vir hul mans en vir al die feeste en seremonies wat gereeld voorkom. Bier word in die somermaande van maroelas (foto's 2.10 a-d), graansorghum, mieliemeel en mout gemaak. Ook milalapalmwyn word verkry waar daar palms voorkom.

Die vrouens was ook die soutkooksters. Die Tsonga het nog al die jare hulle eie sout ontgin.

Een taak wat uitsluitlik deur vrouens uitgevoer word, is die pottebakkerskuns en alles wat daarmee verband hou. By sommige stamme sal al die vrouens potte maak vir hulle eie gebruik; by ander soos by die Tsonga is net sekere vrouens pottebaksters.

Ten opsigte van hutbou is dit die mans wat die hutte bou, maar dit is die taak van die vrouens om die vloere te maak en te smeer, die mure te pleister en die versiering van die hut uit te voer.

Alhoewel die mans die mandjies vleg, is daar een soort mandjie wat deur die vrouens gemaak word, die **xirhundzu**. Matteweef en sisaltou maak is ook hulle taak. In hulle vryetyd vervaardig vrouens ook kralesierade. Verder speel elkeen natuurlik ook haar rol tydens danse, feeste en die verskillende seremonies soos geboorte, inisiasie, huwelike, ens.

Die dag van 'n Tsongahuishouding word rondom die vuur afgesluit. Nadat die vrouens die kos voorberei het en elke vrou 'n bordjie pap vir die man

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

gebring het, self geëet het en die kinders versorg het, gaan sit almal om die vuur en dan word volksverhale vertel, raaisels gevra en speletjies gespeel.

### 2.4.9 Samevatting en gevolgtrekking

Geologiese verskynsels het meer as 'n duisend jaar gelede reeds mense na die southoudende warmwaterbronne in die Laeveld gelok. Die aanwesigheid van menslike bedrywighede is deur argeologiese opgrawings bewys. Geen bewyse bestaan, wie die vroegste bewoners was wat in die Vroeë Ystertydperk die sout ontgin het nie. Dat die Sotho en die Venda wat vroeër as die Tsonga met die navorsingsgebied geassosieer word, moontlik vir 'n tydperk by die soutwerkterrein bedrywig was, word uit die Tsongagebede aan die voorvadergeeste duidelik (Hoofstuk 4). Vanaf die jonger historiese periode het die Tsonga die gebied op hulle handelstogte van die ooskus na die Soutpansberg en tot in Zimbabwe deurkruis. Pre-histories moes die mense wat in daardie tyd Mosambiek bewoon het reeds deur die huidige Laeveld op hul handelstogte beweeg het.

Vir ongeveer een honderd jaar voor die koms van die blankes na die Laeveld in 1920 kan die Tsonga met die soutwerkterrein verbind word. Die historiese, argeologiese, geologiese en etnologiese waarde van die Eiland-soutwerkterrein, het tot die besluit gelei om 'n Tsongakraal-Opelugmuseum langs die ou Mamatsapispruit op te rig.

Die fisiese strukture in die Opelugmuseum en die aktiwiteite wat in hierdie hoofstuk beskryf is, dui op die omvangryke teenwoordigheid van die vrou tydens die alledaagse lewensproses. Baie aktiwiteite in die Tsongakraal hou verband met die Tsongavrou se daaglikse lewe.

'n Mate van kunsmatigheid sal egter altyd teenwoordig wees in enige gerekonstrueerde museumopset. In die formele museumuitstallings lê die kunsmatigheid veral daarin dat dit 'n lewelose uitstalling is, waarby die voorwerpe uit hul natuurlike konteks geruk is, en daar selde daarin geslaag word om vir die besoeker 'n outentieke prentjie van die lewe te skilder. 'n opelugmuseum slaag beter in die doel om 'n lewenswyse uit te stal, omdat die volle aksie binne die konteks waarin dit uitgeleef word, waargeneem kan

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

word. Die kunsmatigheid wat hier, en meer spesifiek by die Tsongakraal voorkom, is geleë in praktiese aspekte soos:

- **Finansiële oorwegings:** Die mense wat in die kraal woon en werk is betaalde werknemers. Daar kan nie werklik een man met sy agt vrouens, getroude seuns met hul vrouens, kinders ens. onderhou word nie. Daar is derhalwe net soveel persone as wat bekostig kan word by die Tsongakraal werksaam. Die personeel is so gekies om die uitbeeldbare ambagte te verteenwoordig. Gevolglik is daar meer mans as vrouens, en hulle is nie eens aan mekaar verwant nie.

- **Menslike faktore:** Die mense wat daar woon en wie se werk dit is om die tradisionele lewenswyse uit te beeld, leef nie in werklikheid meer so tradisioneel nie en het in die agtergrond moderne hulpmiddele soos horlosies, radios, fietse, aluminium kookpotte, asook Westerse kleredrag. Hulle is in kontak met die buitewêreld en het almal 'n eie tuiste "by die huis", elders in Gazankulu.

- **Kunsmatigheid** kom ook voor in die sin, dat die geykte tradisionele kultuur kunsmatig aan die gang gehou word. Die ambagsmanne word nie werklik toegelaat om innoverend te werk te gaan nie, maar moet net die kultuur van die Noordsentraal-Tsonga uitbeeld soos dit die afgelope ongeveer 150 jaar voorgekom het. Die ou tradisies in vorm, versiering en voorkoms kry nie geleentheid om deur nuwe idees te verander nie. Die beperkinge wat sodoende op die menslike geheue afgedwing word, lei tot 'n stagnerende of dan passiewe ideë-ontwikkeling.

- Die ligging van die Tsongakraal binne 'n natuurreservaat, het sy voordeel, maar ook nadele. Die uitbeelding van die materiële skeppinge van die Tsonga kan nog lank aanhou, omdat die natuurlike beskikbaarheid van materiale redelik verseker is. Geen oorbeweiding, oorbevolking en ander menslike vernietingsaspekte is teenwoordig nie en die museum binne die reservaat kan as eiland-eenheid binne 'n groter veranderende makrokosmos as gevolg van bewaring voortleef. Die beperkinge wat die omringende reservaat aan die uitlewing van die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

mens se totale lewenswyse oplê, is dat die inwoners nie werklik kan jag, versamel, beeste en bokke hê, vuurmaakhout kap ens. nie. Sodoende kan nie 'n totale ware beeld van die Tsongakultuur weergegee word nie.

- **Vertoonaspek.** Deur die feit dat die inwoners alles wat hulle doen aan besoekers, nuuskieriges, studente, ens. moet toon, kan so 'n museum met 'n sirkus vergelyk word.

  Meer professioneel uitgedruk, toon dit die karakter van 'n laboratorium. Byvoorbeeld, as 'n groep studente kom en hulle wil met die werksaamhede van die **n'anga** kennis maak, word alles gereël om hierdie aspek aan die toeskouer te vertoon. Potte word vervaardig om aan die mense getoon te word; so ook mandjies, houtwerk ens., maar in hulle alledaagse lewe gebruik die Tsonga by die Tsongakraal dit nie meer nie.

- Die Tsongakraal kan ook nie op 'n natuurlike wyse uitbrei nie, byvoorbeeld, as 'n seun trou, sou die bruid in die vader se kraal kom inwoon en 'n nuwe wooneenheid laat ontstaan. Kinders sou ook oral teenwoordig wees. Sulke handelinge is nie moontlik as deel van die lewe in die Opelugmuseum nie.

  Al hierdie bogenoemde aspekte wat op kunsmatigheid dui, het egter nie 'n negatiewe uitwerking op die bestaansreg van die Tsongakraal-Opelugmuseum nie. Die bewaring van 'n lewenswyse wat baie vinnig besig is om te verdwyn, sowel as die daarmee gepaardgaande museumfunksies van versameling, navorsing, en opvoeding oorheers alle moontlike negatiewe en kunsmatige aspekte. Nie net oorheers die opvoedkundige karakter alle negatiewe punte nie, maar vir die volkekundige wat in tegniese skeppinge belang stel is die museum 'n nuttige en belangrike navorsingsentrum.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

2.1 **Magwamba:**
Hierdie is een van die vele benamings wat in die ouer literatuur vir die Tsonga gebruik is. Ander name is: MaGamba, MaKwapa, Landin, Landeen, Blengellas, Thonga, Tonga en Knopneusen, Tsangane, Shangaan. Daar moet onderskei word tussen hierdie name en die verskillende Tsonga-groeperinge (2.1.2), want al hierdie benamings en groeperinge dra by tot verwarring wanneer daar navorsing gedoen word. Daar kan derhalwe verstaan word hoekom daar dan ook so baie verskillende name en skryfwyses vir een voorwerp in Gazankulu aangetref word.


2.2 Graanstoor: **xitlati**. Binne 'n Tsongawooneenheid het elke vrou haar eie graanstoor of graanhutjie. Daar word 'n verskeidenheid graanstore **switlati** by die Tsonga aangetref, soos **ngula**, **xitendza**, **nturhuka**. Sommige graanstore het 'n dak op en lyk dan soos 'n hutjie, ander het geen bedekking oor nie. Almal staan op pale sodat hulle 'n endjie van die grond af is ter voorkoming van vloeiende water, verrotting weens muf, ens. 'n Klein hutjie, die **gabela**, staan op die grond en is 'n stoorhut. Dit moet nie met die graanhutjies verwar word nie.

2.3 **Milongo/mahlomo**
Die bruid neem 'n hele stel huishoudelike ware saam na haar nuwe tuiste by haar man. Dit sluit onder andere in 'n stel keramiekware, kookgereedskap (paplepel en klitser) mandjies, ens. Die mandjiestel wat spesiaal vervaardig word om haar man se etes aan hom in voor te sit, word met besondere sorg met krale versier. **Mahlomo** beteken dan ook enigiets wat spesiaal gemaak word om as geskenk te gee. Versierings word op verskillende voorwerpe aangebring waar dit spesiaal vir die man se gebruik bedoel is. Die kleipotte waaruit die man bier drink word daarom met moeite versier; hutmure word mooi gemaak; en die slaapmatte wat met hom gedeel word, word met mooi patrone geweef. Die skepkalbas en veral die kalbas waarin mieliepap vir die man as padkos gegee word, word mooi versier. Alles word gedoen om eer aan die man te betoon.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kaart 2.1 Uit: Krige 1980, The Realm of a Rain Queen




Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012